

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

KABV

12

Eerste Addisionele Taal

Voorgeskrewe gedigte

X-Kit

Presteer

LETTERKUNDE-STUDIEGIDS

Eerste Addisionele Taal

- Gebaseer op die nuutste eksamenriglyne en die KABV
- Geskryf deur ervare onderwysers en eksamineerders

Pearson

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12

EERSTE ADDISIONELE TAAL

X-kit

Presteer!

LETTERKUNDE-STUDIEGIDS

VOORGESKREWE GEDIGTE

SAMESTELLER: RONÉL GOUWS

MEDEWERKER: PROF. RONEL FOSTER

Dit is onwettig om enige bladsy van hierdie boek te kopieer sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Hoe om hierdie studiegids te gebruik 4

Deel 1: Hoe om 'n gedig te lees 5

Deel 2: Ontleed die gedigte 7
Rondom my Dawie de Jager 7
Palimpses Johann de Lange 12
Tien haikoe vir die Vredefortkoepel Hans du Plessis 17
Huiskat Elisabeth Eybers 26
Ek het 'n huisie by die see H.A. Fagan 33
Boekmerk Marlise Joubert 38
pryslied Antjie Krog 45
Die boodskapper Peter Snyders 53
Die nuwe kind Pieter Strauss 59
By die robot in Eerstelaan Marita van Aswegen 65

Deel 3: Berei voor vir die eksamen 73
Wat van jou verwag word 73
Eksamenwenke 74
'n Voorbeeld van 'n eksamenvraag 77

Deel 4: Slaan betekenisse na 80
Literêre terme 80
Eksamenterme 83

Deel 5: Kontroleer jou antwoorde 84

Deel 6: Maak jou eie aantekeninge 92

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

oe om hierdie studiegids te gebruik

Die studiegids vir *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* is saamgestel om jou te help om sukses te behaal in Vraestel 2 van jou Graad 12-eksamen.

As jy noukeurig deur die studiegids werk en die riglyne volg, sal jy:

- die gedigte goed verstaan
- die insig hê om die gedigte te ontleed en die letterkundeterme te verstaan
- die eksamen met selfvertroue kan aanpak en sukses in die eksamen behaal.

Hierdie studiegids bied by elke gedig:

- **agtergrondinligting** indien dit relevant is om die konteks van die gedig beter te verstaan
- **woordverklarings** wat die bundel s'n aanvul
- 'n **woordeskat-aktiwiteit** wat jou help om die woorde in die gedig te verstaan
- 'n **opsomming** van die gedig in Afrikaans en Engels
- **uitgebreide aantekeninge** en 'n **bespreking** van die gedig
- **voorbeeldvrae** en **-antwoorde** met **eksamenwenke** om jou met eksamenvoorbereiding te help
- **toets-jouself-vrae** en **-antwoorde** vir selfassessering en om jou vordering te monitor.

Die studiegids vir *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* is deur kundiges voorberei en voldoen aan al die vereistes vir die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Dit sal jou help om die gedigte wat vir Graad 12 voorgeskryf is, werklik **goed te verstaan** en om in die eksamen te **slaag**.

Sterkte!
Die skrywer

Downloaded from eduresourceza.com

Hoe om 'n gedig te lees

Downloaded from eduresourceza.com

Algemene wenke

- Lees soveel moontlik Afrikaans en lees soveel moontlik gedigte.
- Jy moet weet **wat** elke gedig sê en ook **hoe** die gedig dit sê. Watter tegnieke gebruik die digter om die inhoud uit te druk?
- 'n Mens lees 'n gedig "by woorde verby": Hoe beter jy 'n gedig verstaan, hoe meer verstaan jy die ekstra betekenisse en die nuanses van die woorde.

Voordat jy 'n nuwe teks begin lees

- **Lees vlugtig** deur die gedig.
- Wat lei jy uit die **titel** af? Wat weet jy reeds van hierdie onderwerp?
- Kan jy agterkom waaroor die **inhoud** handel? Het jy al ander gedigte oor hierdie **tema** gelees?
- Kyk na die **opvallende kenmerke** van die teks. Na watter digsoort lyk dit – 'n sonnet, 'n haikoe, 'n ballade, 'n kwatryn, 'n vrye vers?
- Watter **verwagting** skep hierdie kenmerke by jou? Het jy al ander gedigte met hierdie kenmerke gelees? Wat onthou jy van gedigte met hierdie kenmerke? Is dit byvoorbeeld gewoonlik humoristies of ernstig?
- Let op na die **digter** – weet jy iets van hom of haar en wat kenmerkend van die digter se digkuns is?

Terwyl jy lees

1. Lees die gedig saggies van begin tot einde sodat jy kan agterkom waaroor dit handel. Wat is die basiese **inhoud** van die gedig?
2. Lees die gedig **hardop** sodat jy die klanke kan hoor. Lees dit sin vir sin sodat jy 'n idee kan kry van die soort gedig en die stemming of toon.
3. Lees die gedig met 'n potlood in die hand **deeglik** deur om seker te maak jy verstaan elke deel daarvan. Onderstreep of maak aantekeninge by gedeeltes wat jy dink belangrik is of waaroor jy onseker is. Vra jouself wat elke ding beteken. Kyk hoe die verskillende dele by mekaar inskakel.

Tegnieke wat jy kan gebruik om die betekenis van onbekende woorde te verstaan:

- Gebruik **woordaanpakvaardighede**: Kyk of jy die woord kan opdeel in meer bekende woorde, kyk of die woord soos 'n bekende woord lyk, spreek dit uit.
- Gebruik **kontekstuele leidrade**: Lees verder en kyk of die woord verduidelik word, of kyk na die hele sin, versreël of strofe waarin dit staan om die betekenis af te lei.
- Gebruik **leesbegripstrategieë**: Lees weer as jy iets die eerste maal nie verstaan nie; soek verder in die teks na inligting wat jou kan help om te verstaan; stel vir jouself prentjies voor (visualisering) van wat jy lees.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Gebruik 'n goeie **tweetalige woordeboek** en 'n **verklarende woordeboek** en slaan elke woord na waaroor jy twyfel. Slaan ook woorde na wat jy ken, want soms maak die woordeboek jou bewus van 'n betekenis van 'n woord wat jy nie raakgesien het nie wat dalk die sleutel tot die begrip van 'n teks is.

4. Wat beteken die **titel**? Het dit 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis? Waarna verwys dit?
5. Kyk na die **inhoud** en die **progressie**. Waaroor handel die gedig en hoe ontwikkel die inhoud?
6. Besluit wie die **spreker** is (wie aan die woord is) en wie die **aangesprokene** is (met wie daar gepraat word).
7. Dink na oor wat die spreker se **toon** is en wat die **stemming** van die gedig is.
8. Wat is die gedig se **tema** – die hoofgedagte of boodskap?
9. Let op na **verwysings**, **teenstellings**, **herhalings**, ensovoorts. Hoe ondersteun dit die inhoud?
10. Kyk na die **sinskonstruksie**. Word die normale woordorde gebruik of het die digter die woordorde verander om iets te beklemtoon?
11. Kyk na die **denotatiewe/letterlike** en **konnotatiewe/figuurlike** betekenis van woorde.
12. Soek voorbeelde van **beeldspraak** en **stylfigure** (raadpleeg die lys op bladsy 80) en kyk of jy dit kan verduidelik. Hoe dra dit tot die betekenis en stemming van die gedig by?
13. Identifiseer voorbeelde van **alliterasie** en **assonansie** en stel vas wat die funksie daarvan is.
14. Let op die **digvorm**, **strofebou**, **rym** en voorbeelde van **enjambement**. Maak seker jy ken die name van die verskillende digvorme, strofes en soorte rym.
15. Hoe pas die **woordkeuse** en **taalgebruik** by die inhoud van die gedig?
16. Wat verseker dat die gedig 'n hegte **eenheid** vorm?

Nadat jy gelees het

Nadat jy die gedig gelees het en die "stappe" hierbo deurgewerk het, kan jy meer spesifiek dink oor die betekenis van die **teks as geheel**. Nou kan jy ook kyk na ander sleutels tot begrip van die gedig, byvoorbeeld:

- In watter tydperk is die gedig geskryf?
- Is hierdie gedig 'n goeie voorbeeld van die digter se werk?
- Is daar verwysings in die gedig wat jy nog nie verklaar het nie en wat dalk kan help om die gedig beter te verstaan, soos geografiese en historiese aanduidings?
- Hoe vergelyk die manier wat ons die gedig nou verstaan met die tyd toe dit geskryf is?
- Met watter ander tekste skakel die gedig?
- Raadpleeg die lys op bladsy 80 sodat jy akkuraat oor die inhoud en die verstegniese aspekte van die gedig kan skryf.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

ntleed die gedigte

Rondom my - Dawie de Jager

(*Verskuns*, bl. 14)

Woordverklarings

blou (*blue*) – verwys na die kleur blou en na hartseer of verlange

haastigheid (*impatience*) – spoed, ongeduld

ondergekry (*got the better of*) – laat misluk

pla (*bother*) – hinder

rondom (*all around*) – naby, wat omring

rukkie (*little while*) – kort tydjie

terughou (*keeping back*) – keer

tyd vat (*take time*) – nie te haastig wees nie

veels te veel (*far too much*) – ver te baie of heeltemal te veel


Agtergrond

Dawie de Jager is 'n lid van die musiekgroep Klopjag en hierdie gedig is die liriek van die liedjie "Rondom my" op die groep se CD *Musiek vir die agtergrond*. Luister gerus daarna.

Herhaling speel dikwels 'n belangrike rol in lirieke. Drie belangrike funksies van herhaling is dat dit ritme verleen, samehang (*cohesion*) skep en belangrike idees beklemtoon.

Woordeskat-aktiwiteit


Gebruik die leidrade om die blokkiesraaisel met woorde uit die gedig in te vul.



Leidrade	
Dwars	**Af**
1 'n kleur	**2** laat misluk
5 die meervoud van "oog"	**3** 'n sinoniem vir "heeltemal/ver"
6 'n sinoniem vir "maal"	**4** 'n kort tydjie
8 eienskap van haastig wees	**7** 'n sinoniem vir "hinder"

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Die spreker begin deur te sê dat hy dinge in die verhouding hierdie keer stadiger moet neem, want in die verlede was hy te haastig, wat veroorsaak het dat dinge nie uitgewerk het nie. Hy sê dan vir sy meisie hy weet daar is dinge wat haar hinder, maar hy probeer haar oorreed om haarself by hom te wees. Hy vra dat sy by hom moet wees, maar net as sy wil.

Summary

The narrator starts off by saying that he should take things in the relationship more slowly this time because in the past he had been too hasty, which caused things not to work out. Then he says to his girlfriend that he knows that there are things bothering her, but he tries to convince her to be herself with him. He asks that she should be with him, but only if she wants to.

Ontleding

Titel

Die woorde "Rondom my" verwys na wat die spreker wil hê: Hy wil hê die aangesprokene, die meisie van wie hy hou, moet rondom hom – by hom en saam met hom – wees.

Strofe 1

In versreël 1 en 2 sê die spreker hy wil en moet dinge hierdie keer stadiger vat. Versreël 2 is byna 'n **herhaling** van versreël 1. Die enigste verskil is dat "wil" na "moet" verander. Versreël 2 is dus dringender (*more urgent*) as versreël 1.

Versreël 3 tot 6 gee die **rede** waarom hy dinge hierdie keer stadiger moet neem: In die verlede was hy te haastig en ongeduldig (*impatient*), wat veroorsaak het dat verhoudings (*relationships*) nie uitgewerk het nie.

Die **herhaling** van versreël 1 en 2 en van die woord "ondergekry" in versreël 5 en 6 dra by tot die ritme van die gedig. Die **v-alliterasie** en **ee-assonansie** in versreël 4 ("veels te veel keer") beklemtoon die woorde en help om die versreëls ritmies te maak.

Die **alleenplasing** van "ondergekry" in versreël 5 en die kort versreël 6 help om die gevolge van die spreker se haastigheid te beklemtoon – dit kry hom onder.

Die **enjambement** in strofe 1 laat die gedig vloei.

Strofe 2

Versreël 7 en 8 is 'n presiese **herhaling** van versreël 1 en 2. Hierdie herhaling van versreëls is tipies van 'n liriek.

In versreël 9 verwys die spreker die eerste keer direk na die aangesprokene. Die **fokus** begin na die meisie verskuif.

'n **Metafoor** ("die blou in jou") in versreël 9 verwys na die hartseer of verlange wat hy in haar oë sien. (Dink aan die Engelse uitdrukking "*to feel blue*".) Die woorde "die bietjie in jou oë" sluit by die meisie se blouerige oë aan, maar ook by die depressiewe gevoelens wat in haar oë duidelik is. Die **assonansie** in "die blou in jou deur die bietjie in jou oë" beklemtoon die woorde.

In versreël 10 en 11 is dit duidelik dat die spreker die meisie se gevoelens verstaan. Die **werkwoorde** "pla" en "terughou" verwys na die negatiewe dinge wat keer dat die meisie in die verhouding wil wees. Die **assonansie** in "jou terughou" beklemtoon die woorde en dra tot die ritme by.

Die **herhaling** van "wie" en "kom wees net jy" in versreël 12 en 13 beklemtoon hoe graag die spreker die meisie beter wil leer ken en hoeveel hy wil hê dat sy haarself moet wees saam met hom. Die alliterasie in "wie ... wil wees" in versreël 12 bind en beklemtoon die woorde en maak die versreël ritmies.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edureSource.com

Strofe 3

Anders as strofe 1 en 2, begin strofe 3 nie met "Ek" nie, maar met "As jy ...". Nou is die **fokus** heeltemal op die meisie en wat die spreker wil hê sy moet doen.

In versreël 14 en 15 sluit "tyd" en "rukkie" by mekaar aan. Die **herhaling** van "vat" wys dat die spreker wil hê die meisie moet tot **aksie** oorgaan – sy moet iets doen. Die **assonansie** in "As jy wil tyd vat ... by my" bind die woorde.

Versreël 16 is 'n **herhaling** van die begin van versreël 14. Hierdie herhaling help om die woorde se betekenis te beklemtoon en dit maak die gedig ritmies.

Versreël 17 en 18 sluit direk by die gedig se **titel** aan. Versreël 18 is 'n **herhaling** van versreël 17, wat beklemtoon wat die spreker wil hê – hy wil die meisie by hom hê.

Die **herhaling** in versreël 19 en 20 beklemtoon hoe belangrik dit vir die spreker is dat die meisie saam met hom moet wíl wees. Hy weet hy kan haar nie dwing om saam met hom te wees nie; dit moet haar keuse wees. Die **ellips** in versreël 19 beklemtoon dat die spreker wil hê die meisie moet tyd neem en dan self kies om saam met hom te wees. Die **kort woorde** in die laaste twee versreëls sluit die gedig doeltreffend af.

Samevatting

Uiterlike bou: Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n **vrye vers**. Die drie strofes is min of meer ewe lank, maar daar is geen vaste strofebou of rymvorm nie. Herhaling word gebruik om eenheid te skep.

Stemming en toon: Die stemming verander van effens negatief en selfbejammerend (*self-pitying*) in strofe 1, na vasberade (*determined*) in strofe 2 en oorredend (*persuasive*) in strofe 3.

Punktuasie: Min leestekens word in die gedig gebruik: punte aan die einde van sinne, een komma (versreël 13) en een ellips (versreël 19). Die gebrek aan punktuasie is tipies van 'n liriek.

Tema

Die spreker wens dat die meisie van wie hy hou, saam met hom wil wees. Hy wil graag rustiger wees en vir hulle die tyd gun om openhartig en eerlik in hul verhouding te wees sodat dit behoorlik kan ontwikkel.

Belangrikste elemente

Vrye vers	Daar is geen vaste strofebou of rymvorm nie.
Herhaling	Die gereelde herhaling van woorde, sinsdele en hele versreëls is tipies van die liriekvorm. Dit dra tot die ritme by, dit skep eenheid en samehang, en dit bind en beklemtoon idees.
Progressie	Die fokus verskuif van die spreker in strofe 1 na die aangesprokene in strofe 3.
Metafoor	"die blou in jou" – die aangesprokene se hartseer word as "blou" beskryf.
Alliterasie	Voorbeelde: "veels te veel" (versreël 4), "daar is dinge" (versreël 10), "Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees" (versreël 12) Funksie: Bind en beklemtoon woorde en dra tot ritme by.
Assonansie	Voorbeelde: "veels te veel keer" (versreël 4), "die blou in jou deur die bietjie in jou oë" (versreël 9), "wat jou terughou" (versreël 11), "Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees" (versreël 12), "As jy tyd ... by my / As jy tyd ..." (versreël 14–16). Funksie: Bind en beklemtoon woorde, dra tot ritme by en kan tempo vertraag.

Downloaded from edureSource.com

Antwoorde op bl. 84
Downloaded from eduresourceza.com

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Verduidelik:

1.1 wie die spreker in die gedig is (1)

1.2 wie die aangesprokene is. (1)

Wenk: Dink aan wie aan die woord is en met wie hy praat.

1.1 *Die spreker is 'n seun/man wat in die verlede oorhaastig in verhoudings was en nou 'n verhouding stadiger wil begin.*

1.2 *In strofe 1 praat die spreker óf met homself óf met die meisie van wie hy hou. Hy gee die rede waarom hy nie oorhaastig moet wees nie. Daarna praat hy met die meisie met wie hy graag 'n verhouding wil hê.*

2. Noem twee maniere waarop "ondergekry" in strofe 1 beklemtoon word. (2)

Wenk: Lees weer die hele strofe en kyk na waar "onderkry" oral voorkom. Dink aan hoekom dit op daardie spesifieke plekke staan.

Dit word herhaal. In versreël 5 staan dit op sy eie in 'n versreël.

3. Hoe sluit die laaste strofe by die titel aan? (2)

Wenk: Lees weer die gedig se titel en lees weer die laaste strofe. Kyk hoe die laaste strofe by die titel aansluit.

Die woorde "Rondom my" in die titel word in versreël 17 en 18 herhaal. In die laaste strofe verstaan 'n mens dus wat met die titel bedoel word – die spreker wil hê die aangesprokene moet by hom en saam met hom wees.

Vrae

1. Wat beteken dit as 'n mens "jou tyd vat"? (1)

2. Waarna verwys "hierdie keer" (versreël 2)? (1)

3. Hoe verskil versreël 2 se betekenis van versreël 1 s'n? (2)

4. Watter funksie het die woord "want" (versreël 3)? (1)

5. Watter probleem het die spreker se haastigheid al veroorsaak? (1)

6.1 Skryf versreël 4 neer en onderstreep die lang klanke wat herhaal word. (1)

6.2 Wat noem 'n mens hierdie soort herhaling? (1)

7. Op watter twee maniere word "ondergekry" in strofe 1 beklemtoon? (2)

8.1 Vergelyk die begin van strofe 1 en 2. (1)

8.2 Wat is die funksie van hierdie herhaling? (1)

9.1 Watter dubbele betekenis het "blou" in versreël 9? (2)

9.2 Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? (1)

10. Watter twee woorde in versreël 10 en 11 sluit by mekaar aan? (1)

11.1 Skryf versreël 12 neer en onderstreep die klanke wat allitereer. (1)

11.2 Wat is die funksie van die alliterasie? (1)

12. Lewer kommentaar op die gebruik van herhaling in versreël 13. (1)

13. Verduidelik wat die spreker baie graag wil hê. (1)

14. Dink jy die spreker is iemand met selfkennis? Waarom sê jy so? (1)

15. Dink jy die spreker is 'n selfsugtige mens? Verduidelik jou antwoord. (1)

16. Hoe verander die fokus in die gedig van strofe 1 tot strofe 3? (2)

17. Waarom, dink jy, kom die woorde "tyd vat" meer as een keer in elke strofe voor? (1)

18. Dink jy die gedig het 'n goeie titel? Verduidelik. (1)

19. Som die gedig se tema in een woord op. (1)

20. Watter boodskap of les wil die spreker oordra? (1)

21. Op watter manier is hierdie gedig 'n ... liriek? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Woordverklarings

byle (*axes*) – gereedskap wat gebruik word om bome af te kap

dein (*surge*) – soos 'n golf beweeg

gamma (*gamma*) – 'n musiekterm wat verwys na die hele toonleer, vanaf die laagste tot die hoogste toon, m.a.w. die hele spektrum van klanke

grein (*grain*) – ruwe oppervlak van hout of papier; natuurlike patroon in hout; 'n korrel; 'n gewigseenheid vir diamante, pêrels, ens.

kletterend (*clanging*) – met kort, skerp herhaalde geluide

kreukellose (*without creases*) – oop (blou lug)

meulens (*mills*) – plekke/fabrieke en masjiene

plet (*flatten*) – maak plat

pulp (*pulp*) – maak fyn

tikmasjien (*typewriter*) – masjien waarmee met die vingers op toetse getik word om woorde op papier voort te bring

vel (*chop down*) – kap af

(*Verskuns*, bl. 16)

Agtergrond

Palimpses verwys na 'n manuskrip of 'n stuk skryfmateriaal – soos 'n ou perkamentrol – waarop daar weer geskryf is nadat vroeë teks afgekrap of onsigbaar gemaak is.

Palimpses verwys ook na iets wat hergebruik of verander is, maar nog sigbare tekens van sy vroeëre vorm dra.

Woordeskat-aktiwiteit

By watter woord in die gedig pas elke beskrywing?

1. hoë plante met dik stamme, takke en blare
2. waarin daar geen kreukels is nie; oop
3. begryp; betekenis kan heg aan wat gesê/geskryf/geteken/ens. word
4. mense wie se werk dit is om hout te kap
5. gereedskap met 'n steel en 'n sterk blad waarmee 'n mens kap
6. laat val deur dit af/om te kap
7. plekke waar of toestelle/masjiene waarmee iets (fyn) gemaal word
8. tot 'n sagte pap maak
9. platslaan
10. die deel van 'n boom onder die bas
11. met 'n reeks kort, skerp, helder geluide
12. masjien waarvan toetse met die vingers geslaan word om letters op papier te maak
13. die natuurlike lyne wat 'n mens in 'n stof soos hout sien
14. spektrum
15. 'n voorwerp in die vorm van 'n sirkel

Personifikasie – "Bome skryf"

aa-assonansie

p-alliterasie

kommapunt

Palimpses – Johann de Lange

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die kleinste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur die oerwoud laat dein.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Die gedig begin met 'n beskrywing van bome wat met hul bewegende takke dinge teen die lug skryf, maar niemand verstaan dit nie. Houtkappers kap dan die bome af en die bome se hout word in meulens verwerk. Die bome se stilte duur totdat die digter papier, wat van die bome kom, en sy tikmasjien gebruik en die bome en mense se verhale en pyn in sy poësie verwoord. Die digter se woorde versprei en bereik al hoe meer mense. Die digter maak dus in sy poësie dit wat eers onverstaanbaar was, verstaanbaar.



Summary

The poem starts off with a description of trees writing with their moving branches against the sky, but no-one understands their writing. Woodcutters then chop down the trees and the wood is processed in sawmills. The trees remain silent until the poet uses paper, which comes from the trees, and his typewriter to express the trees' stories and pain in his poetry. The poet's words travel and reach more and more people. So the poet takes what used to be impossible to understand and makes it understandable in his poetry.

Ontleding

Titel

Palimpses verwys na 'n manuskrip of 'n stuk skryfmateriaal – soos 'n ou perkamentrol – waarop daar weer geskryf is nadat vroeë teks afgekrap of onsigbaar gemaak is. Dit sluit aan by die bome se skrif wat onsigbaar gemaak word wanneer dit afgekap en verwerk word, en die digter wat dan later op die papier skryf en die bome se verhale verwoord.

Palimpses verwys ook na iets wat hergebruik of verander is, maar nog tekens van sy vroeëre vorm dra. Hierdie betekenis sluit aan by hoe afgekapte bome verander word sodat dit in die vorm van papier gebruik kan word. In die gedigte wat dan op die papier geskryf word, word die verhale en pyn van die bome verwoord.

Strofe 1

Versreël 1 tot 3 beskryf hoe bome, heel moontlik met hul waaiende takke, teen die wolklose blou lug dinge skryf, maar ons verstaan nie wat hulle skryf nie. Let op die **personifikasie** in "Bome skryf", waarin 'n menslike eienskap aan bome toegeken word. Hierdie beeld stel bome as skeppende wesens (*creative beings*) voor.

Versreël 4 en 5 beskryf hoe houtkappers die bome met byle afkap. Hierdie vernietiging (*destruction*) vorm 'n **teenstelling** met die skeppende proses in versreël 1.

In versreël 6 en 7 word beskryf wat volgende gebeur – in meulens word die hout verwerk. Die **polisindeton** (herhaling van die voegwoord "en"), die **assonansie** in "saag en maal" en die alliterasie in "pulp en plet" help om die meganiese proses wat herhaaldelik in die meulens plaasvind, doeltreffend uit te beeld.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die stil (dooie) bome in versreël 8 vorm 'n **teenstelling** met die skrywende (lewende) bome in versreël 1.

Die bome se stilte word op vyf maniere beklemtoon: deur die **inversie** (omgekeerde woordorde) in versreël 8 waarin "stil" aan die begin van die versreël is, deur die **kommapunt** aan die einde van versreël 8 wat 'n pouse aandui, deur die **tipografiese wit** tussen die twee strofes, deur die **herhaling** van "stil" in versreël 9, en deur versreël 9 wat ook met "stil" begin.

Strofe 2

Die sin wat in versreël 8 in strofe 1 begin, word in versreël 9 voortgesit en eindig aan die einde van die gedig. Die **enjambement** tussen al die versreëls in strofe 2 sluit aan by die vloeiende en skeppende skryfproses wat plaasvind.

Anders as strofe 1 wat op die bome en die verwerking van die hout **fokus**, verskuif die fokus in versreël 9 na die digter, "hy".

Die woord "kletterend" (versreël 9) wat die geluid van die tikmasjien beskryf, is **klanknabootsend** en vorm 'n **teenstelling** met die stilte van die bome in versreël 8. Die **t-alliterasie** in versreël 9 en 10 ("... net tot hy kletterend / met sy tikmasjien") versterk die **klanknabootsing** in die versreëls. Die digter se tikkery **vorm** 'n parallel met die bome wat skryf (versreël 1).

In versreël 11 bind en beklemtoon die **ei-assonansie** die woorde ("kleinste grein"). Die **woordkeuse** van "grein", wat na die ruwe oppervlak van hout en papier en ook na die natuurlike strepe in hout verwys, sluit aan by die bome wat in strofe 1 genoem word en die papier waarop die digter tik. 'n Grein is ook 'n gewigseenheid (¼ karaat) vir kosbare stowwe soos pêrels en diamante. Hierdie betekenis van "grein" sluit aan by hoe kosbaar woorde/poësie is.

In versreël 12 tot 14 word die digter se aksie met 'n **dubbele metafoor** beskryf. Eerstens laat hy sy digterlike woorde en pyn soos golwende water "dein". Dit impliseer dat die effek van sy woorde uitkring, soos kringe op water wanneer 'n klippie daarin gegooi word. Tweedens stel hy sy woorde en pyn gelyk aan "die hele gamma". Hiermee impliseer die spreker dat sy woorde en pyn, soos die note in 'n toonleer, 'n hele spektrum van klank, betekenis, smart en seerkry dek en weergee.

Die **herhaling** in "ring op ring" in versreël 13 sluit aan by die jaarringe waarin bome se ouderdom gemeet word. Dit roep ook die **beeld** op van die groterwordende kringe op water nadat iets daarin laat val is – poësie het 'n groot reikwydte (*reach*) en bereik baie mense.

In versreël 14 het die woord "oggend" 'n **positiewe konnotasie** – dit is die begin van 'n nuwe dag/tydperk. Die laaste woord in die gedig, "dein", **rym** met "grein" in versreël 11, wat die twee woorde doeltreffend bind – die "deinende" poësie verskyn op papier wat van hout kom, en is kosbaar.

Strofe 2 sluit aan by die **titel**, want die digter skryf op die palimpses waar die bome se onverstaanbare skrif eers was. Hy verwoord die bome se pyn en hul verhale in sy poësie, wat soos kringe op water uitbrei en al hoe meer mense bereik.

Die **ooreenkoms** tussen die bome en die digter is dat albei skryf; die **verskil** is dat die bome dinge skryf wat niemand verstaan nie, terwyl die digter in sy skryfwerk dit wat eers onverstaanbaar was (soos die bome se verhale), verstaanbaar maak.

Samevatting

Uiterlike bou: Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. Dit bestaan uit twee strofes van verskillende lengte, die versreëls wissel in lengte en daar is geen rympatroon nie. Die gebruik van die palimpsesbeeld, die parallelle skryf-aksie

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

van die bome en die digter, en die gebruik van metafore en enjambement bind die gedig doeltreffend saam.

Metagedig: 'n Gedig wat oor die digkuns handel, word 'n metagedig genoem.

Tema

Die skeppende krag van poësie verwoord dit wat voorheen onverstaanbaar was.

Belangrikste elemente

Vrye vers	Daar is geen vaste strofebou of rymvorm nie.
Personifikasie	"Bome skryf"
Polisindeton	Herhaling van "en" in versreël 6 en 7.
Inversie	"Stil is die bome" i.p.v. "Die bome is stil" (versreël 8) – beklemtoon stilte.
Assonansie	Bind woorde met betekenisverband, byvoorbeeld: "saag en maal" (versreël 6), "kleinste grein" en "dein" (versreël 11 en 14).
Alliterasie	Bind woorde met betekenisverband en versterk klanknabootsing, byvoorbeeld in: "pulp en plet" (versreël 7), "kletterend / met sy tikmasjien" (versreël 9 en 10).
Klanknabootsing	In "kletterend" word geluid van tikmasjien nageboots.
Teenstelling	Bome is stil; tikmasjien raas (kletter).
Metafoor	Digter laat "dein" woorde – poësie is soos 'n bewegende golf. "gamma van woord" – woorde/poësie word gelykgestel aan sterk, deurdringende gammastraal.
Herhaling	"ring op ring" – sluit aan by bome se jaarringe en roep beeld op van groterwordende kringe op water.
Metagedig	'n Gedig wat oor die digkuns handel.

Antwoorde op bl. 84

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Wat beteken die woord "palimpses"?

   Wenk: Slegs die betekenis van die woord word gevra.

   'n Palimpses is 'n manuskrip of 'n stuk skryfmateriaal waarop daar weer geskryf is nadat die oorspronklike skrif verwyder is. Dit verwys ook na iets wat hergebruik of verander is, maar nog tekens dra van wat dit oorspronklik was.

2. Hoe sluit strofe 2 by die gedig se titel aan?

   Wenk: Dink aan die betekenis van die woord "palimpses" en verduidelik hoe strofe 2 'n voorbeeld van 'n palimpses beskryf.

   Die bome se "skryfwerk" is verwyder en die digter skryf (tik) nou op papier wat van die bome se hout gemaak is.

   Die digter gebruik papier, wat van die bome se hout gemaak is, om op te skryf. Hy gee in sy poësie betekenis aan die bome se onverstaanbare skrif.

3. Vergelyk die fokus in strofe 1 en strofe 2.

   Wenk: As jy vergelyk, soek jy ooreenkomste en/of verskille. In jou antwoord moet jy na albei strofes verwys.

   Strofe 1 fokus op die bome se stom, onverstaanbare skrif – hulle skryf, word afgekap en dan word die hout in produkte verwerk.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 2 fokus op die digter en sy skryfwerk – hy skryf gedigte op papier wat van bome se hout gemaak is en verwoord die bome se verhale en pyn in sy poësie, wat uitkring en talle mense bereik.

Vrae

1.1	Hoe en waar skryf die bome in versreël 1?	(2)
1.2	Wat noem ons die vorm van beeldspraak wat hier voorkom?	(1)
2.	Noem een funksie van die b-alliterasie in versreël 1.	(1)
3.	Verduidelik die woord "kreukellose" (versreël 2).	(1)
4.	Wat verstaan niemand nie?	(1)
5.	Wat gebeur in strofe 1 met die bome? Noem twee dinge.	(2)
6.1	Watter effek word bereik deur die herhaling van "en" in versreël 6 en 7?	(1)
6.2	Wat word so 'n herhaling van 'n voegwoord genoem?	(1)
7.	Skryf die ontbrekende woord neer: Die assonansie in versreël 6 ____ woorde met 'n betekenisverband.	(1)
8.	Noem twee funksies van die alliterasie in versreël 7.	(2)
9.1	Op watter twee maniere word die bome se stilte in versreël 8 beklemtoon?	(2)
9.2	Noem nog twee maniere waarop hierdie stilte beklemtoon word.	(2)
10.	Wie is die "hy" in versreël 9?	(1)
11.	Verduidelik die klanknabootsing in versreël 9.	(1)
12.	Waarmee vorm "kletterend" 'n teenstelling?	(1)
13.	Noem drie betekenisse van "grein" (versreël 11).	(3)
14.	Verduidelik die metafoor in versreël 12.	(2)
15.	Kyk na die woorde "ring op ring" in versreël 13.	
	15.1 Hoe sluit die woorde by strofe 1 aan?	(1)
	15.2 Watter beeld roep die woorde op?	(1)
16.	Noem een ooreenkoms en een verskil tussen die bome en die digter.	(2)
17.	Hoe word die gedig se tema in strofe 2 duidelik?	(1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

*Tien haikoe vir die Vredefortkoepel – Hans du Plessis

(*Verskuns*, bl. 26)

Woordverklarings

asem haal (*take away breath; breathe*) – asem wegneem; begin lewe

bakhand (*begging hand*) – oop hand wat bedel

besoedeling (*pollution*) – besmetting van die omgewing

boet (*suffer*) – ly

broei uit (*hatches*) – kom te voorskyn

dankgebed (*prayer of thanks*) – gebed waarin God gedank word

duskant (*before*) – aan hierdie kant; voor

dwarrel (*whirl*) – waai deurmekaar

hees (*hoarse*) – skor, soos met 'n seer keel

jaag (*speeds*) – beweeg vinnig

kil (*cold, bleak*) – koue en onvriendelike

klief (*cleaves, splits*) – skeur met krag oop

klipvuis (*fist of stone*) – beskrywing van meteoriet

koepel (*dome*) – bolvormige dak

mens-dom (*irresponsible humankind*) – dom/onverantwoordelike mense

oorheers (*dominates*) – heers oor/domineer

perforasies (*perforations*) – ry gaatjies/gate waarlangs iets geskeur kan word

roet (*soot*) – swart verbrande hout, ens.

Agtergrond

Haikoe (meervoud *haikoe*)

'n Haikoe is 'n Japannese digsoort wat uit drie kort, rymlose versreëls van vyf, sewe en vyf lettergrepe bestaan. Dit handel gewoonlik oor die natuur.

Meteoriet

'n Meteoriet is 'n stuk materie wat die aarde se atmosfeer binnedring en die aardoppervlak teen 'n hoë spoed tref.

Vredefortkoepel

Ongeveer 2 023 miljoen jaar gelede het 'n meteoriet die aarde naby die huidige dorp Vredefort in die Vrystaat getref. Die impak het 'n krater van ongeveer 300 kilometer breed veroorsaak. Dit is die grootste en oudste meteoriet-impak wat geloë nog op die aarde gevind het. Dit is amper twee keer so groot soos die impak wat die dinosourusse 65 miljoen jaar gelede doodgemaak het. Hierdie terrein is in 2005 tot 'n Wêrelderfenisgebied verklaar.

Geloë het die volgende bevind:

1. Die meteoriet-impak het in 'n tyd gebeur toe daar geen mense, diere en plante soos ons dit vandag ken, was nie. Die enigste lewende ding was 'n soort alg, soos die groen slym wat ons dikwels in damme sien.
2. Om 'n krater met 'n deursnee (*circumference*) van 300 kilometer te maak, moes die meteoriet 'n deursnee van tien kilometer (so groot soos Tafelberg) gehad het en dit moes teen meer as tien kilometer per sekonde (36 000 km/h) beweeg het.
3. Die Vredefortkoepel is die middelste deel van die impakkrater. Dit word 'n koepel genoem omdat die rotslae in die vorm van 'n onderstebo kom (*basin*) met 'n deursnee van 90 kilometer gebuig is.
4. Indien 'n meteoriet van dieselfde grootte die aarde vandag moes tref, sou dit amper alle lewende dinge op aarde doodmaak.

Vandag is die omgewing van die Vredefortkoepel erg besoedel. Menslike bedrywighede (*activities*) en ontwikkeling is besig om hierdie baie spesiale gebied te verwoes.

Lees gerus meer oor die Vredefortkoepel by webtuistes soos http://www.hartrao.ac.za/other/vredefort/vredefort.html en https://en.wikipedia.org/wiki/Vredefort_crater.

Woordeskat-aktiwiteit

Soek antonieme vir die volgende woorde in die reeks haikoe.

1.	lig	2.	dood
3.	dae	4.	met
5.	nat	6.	onsin
7.	droogte	8.	maan
9.	vuis	10.	loodswaar
11.	lente	12.	gaan ... lê
13.	herstel	14.	bo-oor
15.	anderkant		

*Die gebruik van "haikoe", sonder 'n -s, in die titel is deur die digter bevestig.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Tien haikoe vir die Vredefortkoepel

1 Meteoriet
Deur die donker klief
'n klipvuis en klap lewe
uit die aarde uit.

2 Wind
'n Asem jaag oor
yslike nagte en vee
ons winternis weg.

3 Water
Jy maak so silwer
sonder droë woorde sin
wat my skoon verstom.

4 Grond
Vang reën en son in
die bakhand van jou lyf waar
lewe kliphart klop.

5 Boom
Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los en broei
nóg 'n lente uit.

6 Mens
Toe staan stof uit stof
en oorheers die aarde op
grond van sy bestaan.

7 Wêrelderfenis
En ons koepel skeur
al langs perforasies van
mens-dom middeldeur.

8 Besoedeling
Nou moet dier en duif
hees van die rook en roet vir
byl en treksaag boet.

9 Dankgebed
Heer, ons paaie lê
uitgeteer oor brûe met
water onderdeur.

10 Tien
Vuis van swael en vuur
gaan duskant ons Groot Ekskuus
weer kom asem haal.

- Donkerte voor skepping
- Metafoor vir meteoriet
- Asem/gees van die heelal wat lewe gee.
- Metafoor vir wind
- Intens en koud
- Koue en hartseer
- Water word aangespreek.
- Water gee lewe – wind.
- Metafoor vir aarde se behoefte aan water
- Skeppingsproses word herhaal.
- Koue, onvriendelike
- Nie die eerste nie
- Dui tydsverloop aan.
- Vredefortkoepel is as Wêreld-erfenisgebied verklaar; aarde is ook mens se erfenis.
- Woordspeling: dom mens
- Sluit aan by "Toe" en "En".
- Siek a.g.v. van besoedeling.
- Sinekdogee – simbool van mens se vernietiging.
- Woordspeling: siek en geteer
- Tien is die getal van die kosmos, dit is die perfekte getal, dit is ook die getal van die verskoning van reise en [illegible] na die begin.

- Plek wat deur meteoriet getref is.
- Kloof oop
- kl-alliterasie bind woorde.
- Dubbele betekenis
- Sluit aan by donker (haikoe 1).
- Personifikasie
- Dubbele betekenis; sluit aan by "silwer".
- Vorm teenstelling met donker.
- kl-alliterasie bind woorde
- Sluit aan by "klipvuis".
- Vergelyk "stof is jy ...".
- As gevolg van en op die grond wat aan mens gegee is.
- Atmosfeer wat aarde beskerm.
- A.g.v. mens se optrede
- m-alliterasie beklemtoon woorde.
- d-alliterasie; duif simbool van vrede.
- r-alliterasie bind woorde.
- Diere en voëls ly – moet boete betaal.
- Ironiese titel: Mens bedank God vir vooruitgang in infrastruktuur, maar is onbewus van vernietiging wat veroorsaak is.
- Sluit aan by "klipvuis" in 1.
- Mens se verskoning kom te laat.
- Sluit aan by wind in 2.
- Skeppingsproses gaan weer begin.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Woordverklarings

sin (*sense*) – wat betekenis het

swael (*brimstone*) – liggeel ontvlambare chemiese stof wat in vulkane voorkom

treksaag (*lumber saw*) – saag waarmee bome afgesaag word

uitgeteer (*skeletal; tarred*) – soos 'n skelet/geraamte; verwysend na teerpaaie

veerlig (*as light as a feather*) – baie lig

verstom (*astounds*) – verbaas, tot stilte skok

wêrelderfenis (*world heritage*) – nalatenskap vir die hele wêreld

winternis (*winteriness*) – donker, koue tyd

yslike (*icy*) – soos ys; ook massiewe



Opsomming

Die reeks haikoe gebruik die geskiedenis van die Vredefortkoepel om die verhaal van die aarde vanaf die skepping tot die vernietiging daarvan te beskryf. Dit begin met die Oerknal, toe 'n meteoriet die aarde getref het en lewe laat ontstaan het. Daarna het die elemente wind, water en grond saamgewerk om lewe te skep. Bome het gegroei en seisoene het mekaar opgevolg. Alles was positief. Toe kom die mens en begin sy oorheersing en vernietiging van die aarde deur ontwikkeling en besoedeling. Die laaste haikoe beskryf hoe vuur (die vierde element) die aarde gaan vernietig omdat die mens te laat gaan besef wat die gevolge van sy onverantwoordelikheid is. Daarna kan die hele siklus herhaal word en die skeppingsproses weer begin.

Summary

This series of haiku uses the history of the Vredefort Dome to describe the story of the earth from its creation to its destruction. It starts with the Big Bang, when a meteorite hit the earth and caused life to develop. Thereafter the elements wind, water and earth worked together to create life. Trees grew and the seasons followed in their pattern. Everything was positive. Then human beings arrived on the scene and started their dominance and destruction of the earth through development and pollution. The last haiku describes how fire (the fourth element) will destroy the earth because humankind will realise the effects of their irresponsibility far too late. Thereafter the whole cycle can be repeated and the process of creation will be able to start again.

Ontleding

Titel

Die titel van die reeks haikoe maak dit duidelik dat die tien haikoe met die Vredefortkoepel verband hou.

Elke haikoe se titel bestaan uit een woord wat by 'n kernaspek in daardie haikoe aansluit.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Haikoe 1

Die **titel** "Meteoriet" verwys na die meteoriet wat die aarde meer as twee miljard jaar gelede getref het en die gebied nou bekend as die Vredefortkoepel gevorm het.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe 'n meteoriet die aarde tref en as gevolg van die slag lewe laat ontstaan.

Bespreking:

Die donker in versreël 1 is die primordiale donker wat bestaan het voordat daar lewe op aarde was.

Let op hoe die **d-alliterasie** ("Deur die donker") en die **kl-alliterasie** ("klief / 'n klipvuis en klap lewe") ritme skep en die slag van die meteoriet naboots.

Die **metafoor** in "klipvuis" (die meteoriet, wat uit rots/klip bestaan, het die aarde soos 'n vuis getref) toon die krag van die meteoriet wat die aarde getref het.

Die woord "klap" het 'n **dubbele betekenis**: Dit beskryf hoe die meteoriet die aarde getref het (soos 'n klap) en die geluid (*bang*) wat gemaak is toe dit gebeur het. Dit is dus **klanknabootsend**. Die **woordkeuse** "klap" sluit ook aan by die Oerknal (*Big Bang*) wat lewe op aarde laat ontstaan het.

Die **enjambement** in die haikoe ondersteun die spoed waarmee die aarde getref is.

Haikoe 2

Die **titel** "Wind" verwys na die gees of asem van die heelal (*universe*) wat lewe in die aarde inblaas. Wind/lug is een van vier **elemente** van die aarde.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe die wind lewe en dus warmte na die aarde bring en die koue (doodsheid) wegneem.

Bespreking:

Die asem in versreël 1 is die lewegewende (*life-giving*) wind of gees (*spirit*). Die woord "jaag" beskryf hoe sterk die wind was. Die **assonansie** in "asem jaag" bind die woorde.

Die woord "yslike" in versreël 2 het **twee betekenisse**: Dit sluit aan by die ysige (*icy*) koue wat daar eers was en dit beteken ook "baie groot" – daar was dus 'n lang tydperk van koue en donkerte op aarde voordat lewe begin het.

In versreël 2 sluit "nagte" by "donker" in haikoe 1 aan.

Die **personifikasie** in "vee" (*wipes, sweeps*) wys hoe die wind/lewe die doodse koue wegneem. Dit sluit aan by die lewe wat die wind bring.

Die **voornaamwoord** "ons" in versreël 3 beteken "die aarde se".

Die **woordkeuse** "winternis" (in plaas van "winter") wat die digter se eie woord is, herinner 'n mens aan die woord "duisternis" (donkerte), wat by "nagte" in versreël 2 aansluit. Die **alliterasie** in "winternis weg" beklemtoon die woorde en skep ritme.

Die **enjambement** ondersteun die beweging van die wind.

Haikoe 3

Die **titel** "Water" verwys na water wat die bron (*source*) van alle lewe is. Dit sluit aan by die lewegewende "asem" in haikoe 2. Water is nog een van die vier **elemente** van die aarde.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe water betekenis gee ("sin" maak) omdat dit lewe gee.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Bespreking:

In versreël 1 is "jy" die water wat aangespreek word. Die woord "silwer" verwys na die kleur van water, maar ook na hoe kosbaar (*valuable*) water en die lewe is.

Die **assonansie** in "silwer ... sin" en in "droë woorde" bind die woorde. Die woord "droë" vorm 'n **teenstelling** met die natheid van water.

Die woord "skoon" in versreël 3 het 'n **dubbele betekenis:** Dit sluit aan by "silwer" in versreël 1 (dink aan die intensiewe vorm "silwerskoon") en dit beteken ook "heeltemal".

Die **s-alliterasie** ("silwer / sonder droë woorde ... sin / ... skoon verstom") en die **enjambement** maak die haikoe vloeiend soos water.

Haikoe 4

Die **titel** "Grond" sluit aan by die deel van die aarde waarop ons lewe. Grond is nog een van vier **elemente** van die aarde.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe reën, son en grond saamwerk en nuwe lewe laat ontwikkel.

Bespreking:

In versreël 1 sluit "reën" by "water" in haikoe 2 aan.

Die **metafoor** "bakhand van jou lyf" in versreël 2 verwys na die aarde se behoefte aan water, wat noodsaaklik vir lewe is. Die **personifikasie** in "jou lyf" sluit aan by die grond/aarde wat die moeder van alle lewe is.

Die **alliterasie** in "kliphart klop" gee die klopgeluid en ritme van nuwe lewe weer. Die woord "kliphart" herinner aan "kliphard", wat 'n voorbeeld van **woordspeling** is. Die woord "kliphart" sluit aan by "klipvuis" in haikoe 1.

Haikoe 5

Die **titel** "Boom" verwys na die plantegroei (*vegetation*) op die aarde.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe herfsblare van die bome val en nog 'n lente op pad is.

Tyd: Tussen haikoe 4 en haikoe 5 het tyd verloop, want die aarde is nou bedek met plantegroei en verskeie seisoensiklusse het reeds plaasgevind ("nóg 'n lente" is op pad).

Bespreking:

"Veerlig" beskryf hoe lig die blare is wat in die herfs van die bome afwaai en "dwarrel" beskryf die beweging van die blare.

Die **personifikasie** in "kil takke" help om die winterkoue as onvriendelik uit te beeld. Die **beeld** van die lente wat "uitbroei" (soos 'n eier) sluit by die **tema** van nuwe lewe aan.

Die woord "nóg" in versreël 3 beklemtoon dat dit nie die eerste lente is nie. **Tyd** het dus tussen haikoe 4 en haikoe 5 verloop.

Haikoe 6

Die **titel** "Mens" verwys na die volgende stap in die skeppingsproses – die koms van die mens. Dit sluit aan by die skeppingsverhaal waarin alles anders eers klaar geskape (*created*) is voor die mens geskape is.

Downloaded from eduresourceza.com

Inhoud: Die haikoe beskryf hoe die mens geskep word en die aarde oorheers.

Downloaded from eduresourceza.com

Bespreking:

"Toe" in versreël 1 het 'n belangrike **dubbele betekenis**: Dit dui eerstens aan dat tyd verloop het voordat die mens geskep is. Tweedens is dit implikasie dat alles mooi en pragtig was totdat die mens gekom het en met sy vernietiging begin het.

Die **alliterasie** in "staan stof uit stof" bind die woorde en verleen ritme. Die woorde "stof uit stof" roep die uitdrukking "stof is jy en tot stof sal jy terugkeer" op, wat by die **siklus van geboorte en dood** aansluit.

Die woorde "op grond van" het 'n **dubbele betekenis:** Dit beteken "as gevolg van" (die aarde word as gevolg van die mens se koms oorheers) en dit verwys letterlik na die grond wat aan die mens gegee is. Dit is 'n voorbeeld van **woordspeling**.

Haikoe 7

Die **titel** "Wêrelderfenis" sluit aan by die feit dat die Vredefortkoepel in 2005 tot 'n Wêrelderfenisgebied verklaar is. Dit verwys ook na die aarde wat die mens se erfenis (*heritage*) is.

Inhoud: Hierdie haikoe beskryf hoe gate in die aarde se osoonlaag ontstaan as gevolg van die onverantwoordelike optrede van die mensdom.

Bespreking:

"En" waarmee die haikoe begin, bind dit direk met die koms van die mens in haikoe 6 – die mens is die oorsaak van die vernietiging van die aarde.

Die woorde "ons koepel skeur" het 'n **dubbele betekenis**: Dit is 'n **metafoor** vir ons atmosfeer se beskermende osoonlaag waarin gate onstaan het en dit verwys na die skade aan die Vredefortkoepel as gevolg van besoedeling. Die "perforasies" (versreël 2) verwys na die gate in die osoonlaag.

'n **Woordspeling** kom voor in "mens-dom": Die gewone gebruik van die woord is "mensdom" (*humankind*), wat na al die mense op aarde verwys. Die koppelteken verander die "dom"-deel van die woord na "onverstandig", wat beklemtoon hoe onverantwoordelik (*irresponsible*) die mens is om die aarde te vernietig (*destroy*). Met die koppelteken word daar ook op 'n verstegniese manier na die vernietiging van die aarde verwys.

Die **m- en d-alliterasie** in "mens-dom middeldeur" bind en beklemtoon die woorde.

Haikoe 8

Die **titel** "Besoedeling" verwys na hoe die mens die aarde besoedel het.

Inhoud: Die haikoe beskryf hoe diere en voëls ly as gevolg van besoedeling en die vernietiging (*destruction*) van die natuur.

Bespreking:

"Nou" in versreël 1 sluit direk aan by "Toe" in haikoe 6 en "En" in haikoe 7 – die diere en voëls se lyding is die direkte gevolg (*consequence*) van die mens se vernietiging van die aarde. Die **plasing** van "Nou" aan die begin van die versreël (eerder as "Dier en duif moet nou") plaas klem op hoe die situasie nou anders as eers is.

Die **alliterasie** in "dier en duif" bind en beklemtoon die woorde. **Ironie** kom voor in die feit dat die duif, wat 'n vredesimbool is, as gevolg van die mens se dade moet ly.

Die **plasing** van "hees" aan die begin van versreël 2 sorg dat dit beklemtoon word.

Die **alliterasie** in "hoor en roep" bind en beklemtoon die twee woorde.

Downloaded from eduresourceza.com

In versreël 3 kom **sinekdogee** voor waar "byl en treksaag" simbolies is van die vernietiging wat die mens met implemente soos byle en treksae verrig.

Downloaded from eduresourceza.com

Die **woordkeuse** van "boet" is funksioneel: Dit bind die woord deur middel van **assonansie** aan "moet" en "roet" in versreël 1 en 2 en dit impliseer dat die diere en voëls die "boete" (*fine*) vir die mens se onverantwoordelike optrede moet betaal.

Haikoe 9

Titel: 'n "Dankgebed" verwys na 'n gebed (*prayer*) waarin dankie gesê word. Hierdie titel is ironies, want die mens bedank God vir die siek aarde wat die gevolg van die mens se eie dade is.

Inhoud: In 'n gebed sê die mens vir God dankie vir die paaie en brûe, wat tekens van vooruitgang en beskawing is, maar die paaie is "uitgeteer" (siek) en verwyder van die lewegewende water.

Bespreking:

Die **woordkeuse** van "lê" in versreël 1 is slim omdat dit by "uitgeteer" in versreël 2 aansluit – 'n siek persoon moet lê.

In versreël 2 is "uitgeteer" 'n voorbeeld van **woordspeling**: Dit sluit aan by die paaie wat "geteer" (*tarred*) is, maar dit beteken ook "ongesond" of "siek", wat by die slegte toestand van die omgewing aansluit.

Die **enjambement** tussen versreël 1 en 2 plaas die klem op "lê" en "uitgeteer", wat nou elkeen aan die einde en die begin van 'n versreël is.

Die woord "water" in versreël 3 sluit aan by die water en reën in haikoe 3 en 4, maar nou is dit verwyder van die mens wat op brûe oor die water beweeg.

Haikoe 10

Die **titel** "Tien" verwys na die nommer van die haikoe in die reeks – dit is nommer 10. Tien is ook die getal van die kosmos, waarvan die aarde deel is. Dit is ook die getal van die voltooiing van reise en terugkeer na die begin, wat belangrik in hierdie haikoe is omdat die einde van 'n tydperk beskryf word en die begin van 'n volgende tydperk geïmpliseer word.

Inhoud: Die haikoe beskryf hoe die aarde vernietig gaan word voordat die mens verskoning kan vra vir wat hy gedoen het. Daarna kan die skeppingsproses weer begin. Die vierde **element** van die aarde, naamlik vuur, bring die vernietiging mee.

Bespreking:

"Vuis" in versreël 1 vorm 'n **parallel** met "klipvuis" in haikoe 1, maar hierdie keer is dit die gevolg van die mens se dom optrede. Die woorde "swael en vuur" (*fire and brimstone*) vorm ook 'n **parallel** met die meteoriet in haikoe 1, maar verwys nou na die einde van die wêreld, wat deur die mens self veroorsaak word.

In versreël 2 dui die **werkwoord** "gaan" aan dat die gebeure na die toekoms verwys. Die woord "duskant" beteken "hierdie kant"; dus "voor". Die "Groot Ekskuus" gaan dus te laat kom – die mens gaan te laat besef wat hy gedoen het en te laat jammer sê.

Versreël 3 het **twee betekenisse**: Eerstens gaan daar 'n dramatiese vernietiging (apokalips) wees (asem gaan weggeneem word) en tweedens gaan nuwe lewe weer begin (daar gaan weer asemgehaal word). Die woord "asem" sluit aan by die lewegewende wind in haikoe 2.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die gebruik van lang klanke en die assonansie van die lang a-klank ("swael en vuur ... gaan ... weer kom asem haal") skep 'n stadige ritme in die haikoe.

Samevatting

Uiterlike bou: Elke haikoe bestaan uit sewentien lettergrepe in drie versreëls van vyf, sewe en vyf lettergrepe. Elke haikoe bestaan uit een sin. Tipies van 'n haikoe is daar geen rympatroon nie.

Toon: Die toon is objektief en ernstig.

Tema

Die skeppingsverhaal van die aarde, die uiteindelike vernietiging daarvan en die kringloop van lewe en dood is sentraal in die reeks haikoe.

Belangrikste elemente

Haikoe	Elkeen bestaan uit sewentien lettergrepe in drie rymlose versreëls van vyf, sewe en vyf lettergrepe.
Titels	Elke haikoe se titel is een woord wat 'n belangrike aspek van daardie haikoe saamvat.
Metafoor	Voorbeelde: meteoriet = "klipvuis" (1), wind = "asem" (2), "bakhand van jou lyf" (4), lente "broei uit" (5), osoonlaag = "koepel" (7), gate in osoonlaag = "perforasies" (7), "vuis van swael en vuur" (10)
Personifikasie	Voorbeelde: "asem ... vee" (2), "kil takke" (5), "paaie lê / uitgeteer" (9)
Dubbele betekenis	"yslike nagte" (2), "op grond van" (6), "ons koepel" (7), "weer kom asemhaal" (10)
Teenstelling	Water – "droë woorde" (3), "kil takke" – warm lente (5)
Woordspeling	"kliphart" (4), "mens-dom" (7), "uitgeteer" (9)
Sinekdogee	"byl en treksaag" = mens se vernietiging
Alliterasie	Bind en beklemtoon woorde met betekenisverband en skep ritme, byvoorbeeld in: "Deur die donker" (1), "klief / 'n klipvuis en klap lewe" (1), "winternis weg" (2), "so silwer / sonder ... sin ... skoon verstom" (3), "kliphart klop" (4), "staan stof uit stof" (6), "koepel skeur" (7), "mens-dom middeldeur" (7), "dier en duif" (8), "rook en roet" (8), "Vuis van swael en vuur" (10).
Assonansie	Bind en beklemtoon woorde met betekenisverband, byvoorbeeld in: "Asem jaag" (2), "silwer ... sin" (3), "roet ... boet" (8), "vuur ... Ekskuus" (10), "swael en vuur ... gaan ... weer kom asem haal" (10).
Tyd-woorde	Dui aan tyd het verloop: "Toe" (6), "Nou" (8).
Enjambement	Maak elke haikoe vloeiend.

Antwoorde op bl. 85

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Verduidelik die vorm van 'n haikoe. (4)

   Wenk: Dink aan al die aspekte wat tipies van 'n haikoe is.

   'n Haikoe is 'n rymlose gedig wat uit sewentien lettergrepe in drie versreëls van vyf, sewe en vyf lettergrepe bestaan.

2. Wat is enjambement? Noem een funksie daarvan in hierdie reeks haikoe. (2)

   Wenk: Let op dat die vraag uit twee dele bestaan: Verduidelik eers wat enjambement is en noem dan een funksie daarvan in hierdie gedig.

   Enjambement kom voor wanneer 'n sin sonder onderbreking van een versreël na 'n volgende oorloop.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Een van die volgende: *Enjambement maak elke haikoe vloeiend. Dit dui spoed (haikoe 1) en beweging (haikoe 2) aan. Dit lei daartoe dat woorde aan die begin en einde van versreëls in 'n beklemtoonde posisie staan (soos in haikoe 9).*

3. Is die volgorde van die tien haikoe belangrik? Verduidelik. (2)
Wenk: Dink aan wat van die begin tot die einde in die reeks haikoe uitgebeeld word.
Die volgorde is uiters belangrik: Die tien haikoe volg die skeppingsproses en die uiteindelike vernietiging van die aarde. In 'n ander volgorde sou die haikoe nie sin gemaak het nie.

Vrae

1. Waarvan is die "klipvuis" in haikoe 1 'n beeld? (2)
2.1 Skryf die volgende woorde neer en onderstreep die alliterasie: "klief / 'n klipvuis en klap lewe". (1)
2.2 Noem een funksie van die alliterasie. (1)
3. Wat stel die wind in haikoe 2 voor? (1)
4. Wat doen die wind in haikoe 2? Noem twee dinge. (2)
5. Verduidelik die dubbele betekenis van "yslike" (haikoe 2). (2)
6. Wie word in haikoe 3 aangespreek? (1)
7. Verduidelik twee maniere waarop die woorde "silwer" en "sin" in haikoe 3 gebind word. (2)
8. Waarmee vorm "droë" 'n teenstelling (haikoe 3)? (1)
9. Op watter manier maak die water sin in haikoe 3? (1)
10. Verduidelik die metafoor in versreël 2 van haikoe 4. (2)
11. Noem twee funksies van die kl-alliterasie in haikoe 4. (2)
12. Watter beweging word in haikoe 5 beskryf? (1)
13. Verduidelik die personifikasie in versreël 2 van haikoe 5. (1)
14. Wat gee die woord "nog" (haikoe 5) te kenne? (1)
15. Noem twee redes waarom "Toe" 'n goeie woordkeuse in haikoe 6 is. (2)
16. Wat beteken "Toe staan stof uit stof ... op" (haikoe 6)? (1)
17. Verduidelik "oorheers" in haikoe 6. (1)
18. Wat is "ons koepel" (haikoe 7)? (2)
19. Wat het "ons koepel" laat skeur? (1)
20. Verduidelik die woordspeling in haikoe 7. (2)
21. Bespreek 'n voorbeeld van ironie in haikoe 8. (2)
22.1 Haal 'n woord aan wat wys dat die diere en voëls siek is. (1)
22.2 Wat het hierdie siekte veroorsaak? (1)
23. Watter vorm van beeldspraak kom in "byl en treksaag" voor? (1)
24. Waarvoor word God in haikoe 9 bedank? (1)
25. Watter twee betekenisse het "uitgeteer" (haikoe 9)? (2)
26. Noem een ooreenkoms en een verskil tussen wat in haikoe 1 en in haikoe 10 gebeur. (2)
27. Wat is die "Groot Ekskuus" in haikoe 10? (1)
28. Noem twee redes waarom die laaste haikoe 'n goeie titel het. (2)
29. In watter strofes word daar spesifiek na die vier elemente van die aarde verwys? Noem die spesifieke elemente. (4)
30. Wat is die tema van die reeks haikoe? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Tien haikoe vir die Vredefortkoepel (bl. 17)

1.	donker	2.	lewe	3.	nagte
4.	sonder	5.	droë	6.	sin
7.	reën	8.	son	9.	bakhand
10.	veerlig	11.	herfs	12.	staan ... op
13.	skeur	14.	onderdeur	15.	duskant

Tien haikoe vir die Vredefortkoepel (bl. 25)

1. Dit is 'n beeld (metafoor) van die meteoriet wat die aarde miljoene jare gelede in die omgewing van die huidige Vredefort getref het. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.1 "kliefs"/'n kliefs/'n skeurtes (1)

2.2 Een van die volgende: Dit skep ritme. Dit bind en beklemtoon die woorde. (1)

3. Dit stel die lewegewende asem/gees voor. (1)

4. Die wind blaas lewe in die aarde in. Die wind waai die koue weg. (2)

5. baie groot; ysig (2)

6. Die water (1)

7. Enige twee van die volgende:
Die i-assonansie ("silwer ... sin") bind die woorde.
Die s-alliterasie ("silwer ... sin") bind die woorde.
Die twee woorde staan aan die einde van opeenvolgende versreëls. (2)

8. Dit vorm 'n teenstelling met die natheid van die water. (Ook met die reën in haikoe 4.) (1)

9. Dit gee betekenis/lewe. (1)

10. Die aarde se "lyf" word 'n bakhand genoem. Dit roep die beeld op van 'n oop hand waarin die kosbare reën opgevang word. Die belangrikheid van water vir die lewensproses word beklemtoon. (2)

11. Twee van die volgende: Dit maak die woorde ritmies. Dit bind en beklemtoon die woorde. Dit het 'n klanknabootsende funksie. (2)

12. Herfsblare wat in die herfs dwarrelend van boomtakke afval, word beskryf. (1)

13. Die takke word as kil beskryf, d.w.s. onvriendelik en koud. (1)

14. Daar was ook al ander lentes – dit is nie die eerste een nie. (1)

15. Dit dui tydsverloop ná haikoe 5 aan. Dit beklemtoon dat alles in orde was, maar toe kom die mens en begin die aarde vernietig. (2)

16. Toe word die mens geskep. (1)

17. Dit beteken die mens het die aarde gedomineer. (1)

18. Dit verwys eerstens na die osoonlaag wat soos 'n koepel om die aarde is. Dit sluit aan by die vorm van 'n omgekeerde koepel wat deur die impak van die meteoriet veroorsaak is. (2)

19. Die mens se onverantwoordelike optrede. (1)

20. Die woord "mensdom", wat na alle mense verwys, word na "mens-dom" verander, wat die klem op die mens se domheid/onverantwoordelikheid plaas. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

21. Enige een van die volgende:
Die duif, wat 'n simbool van vrede is, is siek as gevolg van die mens se vernietiging van die aarde.
Die duif, wat in die Bybelse verhaal van Noag en die ark die boodskapper van goeie nuus vir die mens was, ly nou as gevolg van die mens se onverantwoordelike optrede.
Figuurlik sou 'n mens dit ook kon verstaan dat daar as gevolg van die mens se optrede nie vrede op aarde heers nie. (2)

22.1 "hees" (1)

22.2 Besoedeling (1)

23. Sinekdogee (1)

24. Vir die mens se infrastruktuur/beskawing. (1)

25. Dit verwys na teerpaaie en dit beteken sieklik en ongesond. (2)

26. Ooreenkoms: In albei tref 'n vuis die aarde.
Verskille: In haikoe 1 is die vuis 'n meteoriet; in haikoe 10 is dit swael en vuur. In haikoe 1 ontstaan lewe as gevolg van die slag; in haikoe 10 lei die slag eers tot vernietiging en dan tot hergeboorte. (2)

27. Dit verwys na die mens wat om verskoning vir sy onverantwoordelike dade vra. (1)

28. Dit is die tiende haikoe.
Tien is 'n simbool van die einde van tydperke en die begin van nuwe tydperke, soos in die haikoe beskryf word. (2)

29. Die vier elemente van die aarde is: grond, wind/lug, water, vuur.
Wind: strofe 2, 5 (indirek), 10
Water: strofe 3, 4 (indirek), 9
Grond: strofe 4, 6 (indirek)
Vuur: strofe 10 (4)

30. Die skepping en uiteindelike vernietiging van die aarde. Die siklus van lewe en dood. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
(*Verskuns*, bl. 29)

Woordverklarings

agaat (*agate*) – gekleurde klip

anoniem (*anonymous*) – naamloos

arglistig (*cunning*) – slim en skelm

behaaglik (*with satisfaction*) – heerlik

behoedsaam (*cautiously*) – versigtig

buik (*stomach*) – maag

eenselwig (*reserved*) – teruggetrokke

fluwelig (*like velvet*) – baie sag

gelaat (*face*) – gesig

kronkel (*wriggles*) – beweeg draaiend

lenig (*lithe*) – buigsaam

lewe voortbring (*giving birth*) – geboorte gee

luiperdlies (*leopard flank*) – liggaam soos 'n luiperd

oopgevlek (*splayed open*) – met maag oop

reggemaak (*sterilised*) – gesteriliseer

skerwe (*splinters*) – stukkies

smalend (*scornfully*) – minagtend

strak (*taut*) – reguit

strek (*stretches*) – rek uit

stuit (*stop*) – keer

teerheid (*tenderness*) – sagtheid

veearts (*vet*) – dieredokter

versadig (*complete*) – vervul

vloeibaar (*supple*) – soepel

Agtergrond

Die huiskat

Die geskiedenis van die huiskat begin 4 000 jaar gelede in die tyd van die ou Egiptenare. Katte is in Egipte mak gemaak om muise en rotte, wat die oeste vernietig het en siektes versprei het, te beheer. Katte het hul werk so goed gedoen dat die Egiptenare se lewensgehalte (*quality of life*) baie verbeter het. Daarna is katte aanbid as heilige diere wat die lewe verteenwoordig (*represent*). Mense wat katte doodgemaak het, is met die dood gestraf. Die Egiptiese farao's is met standbeelde van katte begrawe, want katte sou verseker dat die reis na die hiernamaals (*afterlife*) veilig en voorspoedig verloop.

Die Italiaanse sonnet


Die Italiaanse sonnet bestaan uit veertien versreëls wat in twee dele verdeel is: 'n oktaaf (agt versreëls) en 'n sestet (ses versreëls). Die oktaaf bestaan uit twee kwatryne (vier versreëls elk) en die rymskema is dikwels abba abba. Die sestet bestaan uit twee tersines (drie versreëls elk) en die rymskema is dikwels cde cde of cdc cdc. In die oktaaf is daar gewoonlik 'n beskrywing of beeld en in die sestet 'n toepassing of verdieping van wat in die oktaaf beskryf word.

Die Engelse of Shakespeariaanse sonnet

Die Engelse sonnet bestaan uit veertien versreëls wat uit drie kwatryne (twaalf versreëls) en 'n rymende koeplet (twee versreëls) bestaan. Tradisioneel is die rymskema van die Engelse sonnet abab cdcd efef gg. In die eerste twaalf versreëls is daar gewoonlik 'n aaneenlopende stroom gedagtes. Dit word gevolg deur 'n gevolgtrekking, keerpunt of hoogtepunt in die koeplet.

Woordeskat-aktiwiteit


Vul die blokkiesraaisel in met woorde in die gedig wat sinonieme vir die woorde in die leidrade is.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Leidrade	
Dwars	**Af**
3 sonder naam	1 soepel
4 heerlik	2 versigtig
7 minagtend	3 slim en skelm
9 gesig	4 maag
	5 dieredokter
	6 vrees



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Die kat strek haarself, lek haar lies en rol dan om sodat die son op haar keel, bors en maag te geniet. Sy word as sielloos en anoniem beskryf. Haar koue oë in haar driehoekige gesig is soos skerfies agaat. Sy is so skelm-slim en soepel soos 'n reptiel, maar sal nooit ervaar hoe dit is om geboorte te gee nie omdat sy gesteriliseer is. Sy is terughoudend en laat mense nie toe om sagtheid teenoor haar te toon nie en sy toon ook geen sagtheid nie. Wanneer die spreker die kat versigtig wil streel, beweeg die kat minagtend en met toe oë weg van haar.

Summary

The cat stretches herself, licks her flank and then rolls over so that she can enjoy the sun on her throat, chest and belly. She is described as without soul and anonymous. Her cold eyes in her triangular face are like shards of agate. She is as crafty and supple as a reptile, but will never experience giving birth because she has been sterilised. She is reserved and does not allow people to show tenderness towards her, neither does she show tenderness. When the narrator wants to stroke the cat carefully, the cat shuts her eyes and moves away from her disdainfully.

Ontleding

Titel

Die titel verwys na die huiskat wat in die sonnet beskryf word. Die afwesigheid (*absence*) van 'n lidwoord (*article*) impliseer hierdie beskrywing van 'n huiskat het betrekking op alle huiskatte.

Strofe 1

Hierdie strofe is 'n **kwatryn** waarin **omarmende rym** (abba) gebruik word.

Die **kort woorde** in versreël 1 sluit aan by die kat se beweging wanneer sy haar strek, terwyl die **lang klanke** in "buig / behaaglik" aansluit by haar lui beweging wanneer sy haar lies lek.

Die **enjambement** na versreël 1 sluit by die kat se vloeiende, grasieuse beweging aan.

In die **metafoor** "luiperdlies" word die kat se liggaam met dié van 'n luiperd vergelyk, maar die wildheid en ontembaarheid (*untameableness*) van 'n luiperd word ook opgeroep.

Deur die **woordkeuse** van "fluwelig" word die kat se sagte pels met fluweel (*velvet*) vergelyk.

Die **herhaling** van "en", wat 'n **polisindeton** genoem word, en die **kort woorde** in versreël 4 fokus die aandag op hoe die kat metodies verskillende liggaamsdele aan die son blootstel.

Die gebruik van die **werkwoord** "suig" in versreël 4 sluit aan by hoeveel die kat die son op haar hele liggaam geniet.

Die **alliterasie** in "strek ... strak", "bene buig / behaaglik", "luiperdlies te lek / rol om en lê fluwelig oopgevlek", "bors en buik" en "die son kan suig" bind elke keer die woorde en dra by tot die ritme van die gedig.

Die **assonansie** in "buig ... luiperdlies ... buik ... suig" help om die strofe ritmies te maak.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 2

Hierdie strofe is 'n **kwatryn** waarin **omarmende rym** (cddc) gebruik word.

In versreël 5 is "kat" tussen **aanhalingstekens** omdat dit verwys na wat die kat genoem word. Dit is opvallend dat die kat nie 'n noemnaam of troetelnaam het nie. Dit kan 'n aanduiding wees dat sy as onbelangrik of identiteitloos beskou word. Die voegwoord "want" dui aan 'n **rede** gaan gegee word vir hoekom sy "kat" genoem word.

Die **enjambement** tussen versreël 5 en 6 plaas die klem op albei die redes wat gegee word – die spreker beskou die kat as "sonder siel" en "anoniem".

Die woord "anoniem" het 'n **dubbele betekenis**: Die kat is naamloos, maar sy bly op 'n afstand en laat haar ook nie teken/vasvang nie.

Die beskrywing van die kat se oë in versreël 6 en 7 sluit aan by die beskrywing van haar as "sonder siel" in versreël 5. Die **metafoor** vir die kat se oë in "skerwe van agaat" is slim, want "skerwe" impliseer die kat kan seermaak ('n skerf is skerp) en "agaat", 'n halfedelsteen, is hard maar ook pragtig en kosbaar. Die metafoor beeld die kat se persoonlikheid, die kleur van die kat se oë en die vorm van die iris doeltreffend uit.

Die **enjambement** tussen versreël 6 en 7 verseker dat albei woorde, "agaat" en "staar", in 'n posisie is waar dit beklemtoon word. Die **aa-assonansie** ("agaat / staar") plaas ook klem op die woorde.

In versreël 7 beskryf die **byvoeglike naamwoord** "driehoekige" die vorm van die kat se gesig, maar die wiskundeterm sluit ook aan by die kat se siellоosheid. Die gebruik van die **deftige woord** "gelaat" in plaas van "gesig" is belangrik vir die rym, maar dit pas ook by die kat se arrogansie.

Die **beskrywing** van die kat as "arglistig" beteken die kat is bedrieglik (*deceitful*) en skelm.

In versreël 8 word die kat met 'n "blink reptiel" **vergelyk**. Hierdie beeld sluit aan by "koud" in versreël 7 en "sonder siel" in versreël 5. Die kat se oë is net so koud soos 'n reptiel s'n.

Die **alliterasie** in "sy is sonder siel", "Smal skerwe ... staar" bind en beklemtoon die woorde en dra by tot die ritme van die gedig.

Die **assonansie** in "sonder siel / en anoniem" bind die woorde, terwyl die herhaling van die lang klanke in "agaat / staar ... gelaat ... vloeibaar" die tempo vertraag.

Die **enjambement** tussen versreël 8 en 9, wat ongewoon in 'n sonnet is, bind die twee strofes. Die betekenis van die beskrywende woorde "vloeibaar" (versreël 8) en "los en lenig" (versreël 9) sluit direk by mekaar aan.

Strofe 3

Hierdie strofe is 'n **sestet** waarin die **rymskema** effgge is.

In versreël 9 tot 12 word die sin wat in versreël 8 begin is, voortgesit. Die **dubbelpunt** lei die kontras tussen die kat en reptiele in: Albei is "arglistig" en "vloeibaar" en ook "los en lenig", maar reptiele is vry en kan natuurlik voortplant, terwyl die kat deur die mens gesteriliseer is en nie geboorte kan skenk nie.

In versreël 10 gee die gedeelte tussen die **aandagstrepe** die rede waarom die kat nie geboorte kan gee nie. Die **aanhalingstekens** wys op die **ironie** van die woord – "reggemaak" impliseer iets is beter gemaak, maar dit is nie so vir die kat nie. Dit pas die méns dat die kat gesteriliseer is; nie die kát nie. Die woord "reggemaak" is ook 'n **eufemisme** vir gesteriliseer.

Die woorde "ekstase en dreg" (versreël 11) vorm 'n **teenstelling**, wat die proses van geboorte skenk beskryf.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die beskrywing "steeds eenselwig" in versreël 12 dui aan die kat was altyd en is nog steeds terughoudend (*reserved*). Die woord "eenselwig" sluit aan by die manier waarop die spreker die kat in strofe 2 as "sonder siel" en "koud" beskryf. Omdat die kat terughoudend is, keer ("stuit") die kat enige teerheid teenoor haar of van haar kant af.

In versreël 13 en 14 word beskryf hoe die spreker gereedmaak om die kat versigtig te streel, maar hoe die kat dit nie toelaat nie en minagtend wegbeweeg.

In versreël 13 verwys die **werkwoord** "hol" na hoe die spreker haar hand hou om die kat te streel. Omdat "hol" ook "leeg" beteken, kan die implikasie wees dat die spreker nie werklik lief vir die kat is nie of nie die kat respekteer nie – sy het tog die kat laat steriliseer.

Die **bywoord** "behoedsaam" wys hoe versigtig die spreker vir die kat is – sy weet die kat het 'n element van wildheid (vergelyk "luiperdlies" in versreël 2) en kan haar seermaak. Die **woord** "smalend" toon die kat se minagtende houding (*attitude*) teenoor die spreker – sy maak haar oë toe, ignoreer die spreker se toenadering (*overtures*) en beweeg weg.

Die **vraag** is: Straf (*punish*) die kat die spreker omdat sy haar laat steriliseer het en sy dus nie kleintjies kan kry nie?

Die **werkwoord** "kronkel" in versreël 14 beskryf die kat se amper draaiende beweging doeltreffend.

Die **alliterasie** in "los en lenig", "sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit", "Ek hol my hand behoedsaam", "smalend sluit / sy ..." bind en beklemtoon die woorde en dra by tot die ritme van die gedig.

Die **assonansie** van die **lang klanke** in "steeds eenselwig, alle teerheid stuit" en "smalend sluit / sy haar oë" bind die woorde en vertraag die tempo.

Samevatting

Uiterlike bou en inhoud: Die gedig het die vorm van 'n **Italiaanse sonnet** wat uit veertien versreëls in twee kwatryne en 'n sestet (twee tersines) bestaan. In die kwatryne kom omarmende rym voor. Die rymskema is abba cddc effgge, wat 'n afwyking van die tradisionele rymskema is.

Anders as in die tradisionele Italiaanse sonnet waarin daar 'n beskrywing in die oktaaf en 'n toepassing of verdieping in die sestet is, sluit hierdie gedig se inhoud by die **Engelse sonnet** aan: Versreël 1 tot 12 is 'n aaneenlopende stroom gedagtes en versreël 13 en 14 vorm 'n hoogtepunt of gevolgtrekking.

'n Vraag is: Laat die huiskat haar nie troetel nie net soos die sonnetvorm hom nie presies laat vasvang in hierdie sonnet nie?

Enjambement word doeltreffend gebruik om die aandag van die streng rympatroon in die kwatryne en die sestet af te lei.

Tema

'n Grasieuse, afsydige (*aloof*) huiskat wat nie menslike toenadering toelaat nie, word beskryf.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Belangrikste elemente

Sonnet	Die gedig bestaan uit twee kwatryne met omarmende rym en 'n sestet wat uit twee tersines bestaan. Die rymskema, veral in die sestet, wyk af van die tradisionele Italiaanse sonnet se rymskema. Die inhoud is meer soos dié van 'n Engelse sonnet, met versreël 1 tot 12 'n aaneenlopende gedagtestroom en 'n hoogtepunt in versreël 13 en 14.
Enjambement	Verdoesel die streng rympatroon en sluit aan by die kat se vloeiende bewegings.
Metafoor	"luiperdlies" (strofe 1) – kat se liggaam word met luiperd s'n vergelyk, maar wildheid van luiperd word ook opgeroep. "Smal skerwe van agaat" – die kat se oë kan gevaar en skoonheid toon.
Vergelyking	Die kat word met 'n reptiel vergelyk.
Polisindeton	Herhaling van "en" in versreël 4 skep ritme en sluit aan by die kat se beweging.
Teenstelling	Die kat en reptiele is soepel en lenig, maar die kat kan nie lewe gee soos reptiele nie.
Ironie	Die term "reggemaak" is nie 'n positiewe term vir die kat nie.
Alliterasie	Talle voorbeelde wat woorde bind, beklemtoon en ritme skep, byvoorbeeld: Strofe 1: "strek ... strak", "bene buig / behaaglik", "luiperdlies te lek / rol om en lê fluweelig oopgevlek", "bors en buik", "die son kan suig" Strofe 2: "sy is sonder siel", "Smal skerwe ... staar", "skerwe ... koud ... driehoekige" Strofe 3: "los en lenig", "sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit", "Ek hol my hand behoedsaam", "smalend sluit / sy ..."
Assonansie	Verskeie voorbeelde wat woorde bind en/of die tempo vertraag, byvoorbeeld: Strofe 1: "buig ... luiperdlies ... buik ... suig" Strofe 2: "sonder siel / en anoniem", "agaat / staar ... gelaat ... vloeibaar" Strofe 3: "steeds eenselwig, alle teerheid stuit", "smalend sluit / sy haar oë"

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Verduidelik die metafoor in "luiperdlies" (strofe 1). (2)

Wenk: Dink mooi oor watter twee dinge gelykgestel word en wat daarmee bereik word.

Die kat se lies word met dié van 'n luiperd vergelyk. Die wildheid van 'n luiperd word in die metafoor opgeroep en aan die kat toegeken.

2. Gee die eerste voorbeeld van enjambement in strofe 1 en noem een funksie daarvan. (2)

Wenk: Jy hoef nie aan te haal nie, maar jy moet spesifiek sê waar die enjambement voorkom. Onthou, die funksie verwys na watter rol die enjambement speel of wat daarmee bereik word.

Versreël 1 loop oor in versreël 2. As gevolg van die enjambement is "buig" en "behaaglik" albei aan die einde of die begin van 'n versreël, wat beteken dit word beklemtoon. Die enjambement beklemtoon ook die vloeiende, grasieuse beweging van die kat.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3. Hoe kom hierdie gedig oor met 'n
   3.1 Italiaanse sonnet (2)
   3.2 Engelse sonnet? (2)

Wenk: Dink aan die kenmerke van 'n Italiaanse en 'n Engelse sonnet.

Die gedig "Huiskat" het veertien versreëls, soos albei soorte sonnette. Soos die Italiaanse sonnet, bestaan dit uit twee kwatryne en 'n sestet wat uit twee tersines bestaan. Soos in die Engelse sonnet vorm versreël 1 tot 12 'n aaneenlopende gedagtestroom met 'n hoogtepunt of samevatting in versreël 13 en 14.

Vrae

1. Watter werkwoorde in strofe 1 beskryf die kat se bewegings? (4)
2. Noem twee tegnieke wat gebruik word om die woorde "buig / behaaglik" te beklemtoon. (2)
3. Wat sê die woord "fluwelig" (versreël 3) van die kat? (1)
4. Het "suig" (versreël 4) 'n positiewe of 'n negatiewe konnotasie? Verduidelik. (1)

5.1 Wat word die herhaling van die voegwoord "en" in versreël 4 genoem? (1)
5.2 Watter funksie het dit hier? (1)

6. Wat word met die s-alliterasie in versreël 5 bereik? (1)
7. Vergelyk die gebruik van die aanhalingstekens in versreël 5 en 10. (2)

8.1 Skryf die woorde "sonder siel / en anoniem" neer en onderstreep die assonansie. (1)
8.2 Noem 'n funksie van die assonansie. (1)

9.1 Waarom is dit doeltreffend om die kat se oë aan "skerwe van agaat" gelyk te stel? Gee twee redes. (2)
9.2 Watter vorm van beeldspraak kom hier voor? (1)

10. Met watter woord in strofe 1 vorm "koud" (versreël 7) 'n teenstelling? (1)
11. Gee 'n ander woord vir "gelaat" (versreël 7). (1)
12. Benoem die vorm van beeldspraak in versreël 8. (1)
13. Noem een ooreenkoms en een verskil tussen die kat en 'n reptiel. (2)
14. Skryf die ontbrekende woord neer: Die dubbelpunt in versreël 9 lei die ___ tussen die kat en 'n reptiel in. (1)
15. Watter twee woorde in strofe 3 vorm 'n teenstelling? (1)
16. Wat sê die woord "steeds" in versreël 12 vir ons? (1)
17. Watter woord in versreël 13 het betrekking op die aksie van die:
    17.1 spreker? (1)
    17.2 kat? (1)
18. Noem twee tegnieke wat gebruik word om versreël 13 en 14 vloeiend te verbind. (2)
19. Skryf die ontbrekende woorde neer: Die eerste twee strofes is albei a) ____ b) waarin ____ rym gebruik word. Die c) ____ bestaan uit twee tersines. (3)
20. Dink jy die spreker en die kat het 'n gebalanseerde verhouding? Waarom sê jy so? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Huiskat (bl. 26)

Dwars: 3 anoniem, 4 behaaglik, 7 smalend, 9 gelaat

Af: 1 lenig, 2 behoedsaam, 3 arglistig, 4 buik, 5 veearts, 6 angs

Huiskat (bl. 32)

1. "strek", "buig", "lek", "rol" (4)
2. b-alliterasie, enjambement (2)
3. Die kat se pels is so sag soos fluweel – baie sag. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4. Positief. Dit is duidelik dat die kat die sonlig baie geniet. (1)

5.1 Polisindeton (1)

5.2 Dit beklemtoon elke afsonderlike woord weerskante van "en". (1)

6. Die woorde en dus die kat se siellosheid word beklemtoon. (1)

7. In versreël 5 wys die aanhalingstekens dat 'n spesifieke woord uitgelig word – dit is hoe die kat genoem word. (1)
In versreël 10 word dit gebruik om te wys dat sommige mense die term so gebruik, maar dat dit as ironies beskou word omdat dit nie 'n positiewe betekenis vir die kat het nie. (1)

8.1 "sonder siel / en anoniem" (1)

8.2 Dit bind en beklemtoon die woorde. (1)

9.1 Enige twee van die volgende:
Skerwe kan gevaarlik wees, net soos 'n kat se naels en tande gevaarlik kan wees.
'n Kat se koue oë kan seermaak.
Agaat is 'n harde halfedelsteen, wat by die hardheid in 'n kat se oë kan aansluit.
Agaat is 'n pragtige, gekleurde klip, wat die kleur van die kat se oë kan wees. (2)

9.2 Metafoor (1)

10. "son" (1)

11. gesig (1)

12. Vergelyking (1)

13. Albei is soepel en beweeglik. (1)
'n Reptiel kan geboorte gee, maar die huiskat is gesteriliseer en kan nie lewe gee nie. (1)

14. teenstelling/kontras (1)

15. "ekstase", "angs" (1)

16. Die kat was altyd terughoudend/arglistig. (1)

17.1 "behoedsaam" (1)

17.2 "smalend" (1)

18. Enjambement, alliterasie (2)

19. a) kwatryne b) omarmende c) sestet (3)

20. Voorbeeldantwoorde:
Nee, die spreker kan besluite oor die kat neem, soos om haar te laat steriliseer, waarin die kat geen inspraak het nie.
Die spreker wil die kat streel en troetel, maar die kat beweeg minagtend weg en laat dit nie toe nie. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Ek het 'n huisie by die see – H.A. Fagan

(*Verskuns*, bl. 35)

Woordverklarings

dig (*well closed in*) – goed toe

dwalend (*wandering*) – doelloos rondbeweeg

in hul nood (*in distress*) – in 'n gevaarlike situasie

klag (*moan*) – 'n klaende geluid

klagend (*moaning*) – wat aanhoudend kla

kreun (*groan*) – 'n klaende geluid maak

loei (*roars*) – raas

ruite (*window panes*) – vensters

smag (*yearn*) – verlang

verlore siele (*lost souls*) – siele van mense wat dood is en nie rus kan vind nie

woeste (*raging*) – wilde

Agtergrond

Die Engelse of Shakespeariaanse sonnet

Die Engelse sonnet bestaan uit veertien versreëls wat uit drie kwatryne (twaalf versreëls) en 'n rymende koeplet (twee versreëls) bestaan. Tradisioneel is die rymskema van die Engelse sonnet abab cdcd efef gg. In die eerste twaalf versreëls is daar gewoonlik 'n aaneenlopende stroom gedagtes. Dit word gevolg deur 'n gevolgtrekking, keerpunt of hoogtepunt in die koeplet.

Kyk en luister

Laurinda Hofmeyr het die gedig getoonset en Laurika Rauch sing dit op haar album *19 Treffers van 21 jaar*. Kyk en luister gerus op YouTube daarna by https://youtu.be/D5ngDGvHwXs?t=68.

Woordeskat-aktiwiteit

Soek die volgende woorde in die gedig.

1. drie verkleinwoorde
2. die tyd van die dag wanneer dit donker is
3. 'n sinoniem vir "aanhoudend"
4. een woord vir 'n "groot klipmassa"
5. 'n sinoniem vir "see"
6. twee afsonderlike werkwoorde wat geluide naboots
7. 'n woord wat dikwels in vergelykings (*similes*) voorkom
8. een woord vir 'n ruimte waarin 'n dooie liggaam begrawe word
9. 'n antoniem vir "gevaarlik"
10. 'n antoniem vir "koud"

Ek het 'n huisie by die see – H.A. Fagan

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

Huisie staan in kontras met enorme oseaan.

Spreker is sterk aanwesig in titel en in gedig self.

Personifikasie

Lang vergelyking: wind = verlore siele.

Verkleinwoorde sluit aan by "huisie" en vorm teenstelling met krag van elemente.

Retoriese uitroep – natuur word aangespreek.

"rots" sluit aan by reël 3.

Engelse sonnet

Herhaling van lang klanke

Rots = vastigheid

k-alliterasie bind woorde.

Herhaling van lang klanke

Omarmende rym in oktaaf en kwatryn

Klanknabootsing

Kontras tussen binne en buite

Paarrym; slotkoeplet hoogtepunt van gedig.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Dit is nag en die spreker is in sy huisie by die see. Hy hoor die geluid van die golwe teen die rots waarop sy huisie staan. Die geluid van die wind herinner hom aan die gekreun en gekla van verlore siele wat nie rus kan vind nie. Binne-in sy huisie brand 'n vuur en 'n kers gee lig. Al woed 'n woeste storm buite en ruk die wind aan sy ruite, is hy veilig, warm en droog in sy huisie. Aan die einde van die gedig daag hy die elemente uit, maar hy weet sy huisie staan stewig op 'n rots en is veilig.

Summary

It is night time and the narrator is in his little house next to the sea. He hears the sound of the waves against the rock on which his little house stands. The sound of the wind reminds him of the moaning and groaning of lost souls who cannot find peace. Inside his little house a fire is burning and a candle gives light. Even though a fierce storm is raging outside and rattles his window panes, he is safe, warm and dry in his little house. At the end of the poem he challenges the elements, but he knows that his little house is sturdy and safe on the rock.

Ontleding

Titel

Die titel verwys na die spreker se huisie wat op 'n rots reg langs die see staan. Die woorde "Ek", "huisie" en "see" wat in die titel genoem word, is sentraal in die gedig.

Strofe 1

"Ek", die eerste woord in die titel en in die gedig, dui aan hoe sterk die **spreker** teenwoordig (*present*) is.

Die gebruik van die **verkleinwoord** in die titel en in versreël 1 sluit aan by hoe klein en nietig (*insignificant*) die huisie in vergelyking met die groot oseaan is.

Die **kort sin** ("Dis nag") aan die einde van versreël 1 skets die tyd van die dag kort en kragtig.

Versreël 2 begin weer met "Ek", wat die **spreker** se sterk teenwoordigheid bevestig. Die **herhaling** van "aaneen" beklemtoon die aanhoudende geluid van die golwe teen die rots.

Die **assonansie** van die aa-klank in versreël 2 tot 4 (in "aaneen", "slaan", "teenaan", "staan", "oseaan") sluit aan by die ritmiese beweging van die golwe.

Die rots in versreël 3 is 'n **simbool** van konstante vastigheid (*security*).

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edureSourceza.com

Versreël 5 begin weer met "Ek", soos versreël 1 en 2 – die **spreker** bly sterk teenwoordig. Die woorde "Ek hoor" is 'n herhaling van "Ek hoor" in versreël 2. Dit maak sin, want omdat dit donker is, kan die spreker nie die storm sien gebeur nie, maar hoor dit net.

Die wind word eers **gepersonifieer** in die woorde "huil", "kreun" en "klag" (versreël 5). Dan word die geluid van die wind **vergelyk** met die gekreun en gekla van verlore siele wat nie rus kan vind nie (versreël 6 tot 8).

Die **alliterasie** in "'n kreun, 'n klag" beklemtoon die harde geluid van die wind.

Die **assonansie** van die lang klanke in "soos van verlore siele in hul nood" (versreël 6) en in "dwalend, klagend" (versreël 7) bind die woorde en vertraag die tempo.

In versreël 7 sluit "graf" en "dood" albei by "verlore siele" in versreël 6 aan.

Die **alliterasie** in "soek en smag" sluit by die geluid van die see aan.

Strofe 2

Die **fokus** verskuif weg van die storm wat op die see woed na die binnekant van die huis waar 'n vuur brand en 'n kers lig gee.

"My", waarmee strofe 2 begin, beklemtoon weer eens die **spreker** se deurgaans sterk teenwoordigheid. Die herhaling van "my" in versreël 9 sluit ook aan by "my huisie" in versreël 3.

Die **verkleinwoorde** "vuurtjie" en "kersie" (versreël 9) pas by die gebruik van die verkleinwoord in "my huisie" in die titel en in versreël 3. Die gebruik van die verkleinwoorde bind ook die twee woorde – albei het 'n **positiewe konnotasie** en vorm 'n kontras met die storm daarbuite.

In versreël 10 en 11 is "Ek hoor" 'n **herhaling** van dieselfde woorde in versreël 2 en 5. Dit beklemtoon hoe belangrik die spreker se **gehoorsintuig** in die storm is.

Die woord "loei" (versreël 10) is 'n voorbeeld van **klanknabootsing** – dit boots die geluid van die wind na.

Die gebruik van die **meervoud** van "winde" in versreël 11 sluit aan by "winde" in versreël 5 en skep die indruk van sterk, stormagtige wind. Die **alliterasie** in ("ruk ... ruite") bind die woorde en skep ritme.

Die woorde "hier binne ... veilig, warm en dig" (versreël 12) vorm 'n **teenstelling** met "daarbuite" (versreël 10) en die gevaarlike, koue en nat weer buite.

Strofe 3

Hierdie strofe, die **slotkoeplet**, is die **hoogtepunt** waartoe die gedig opbou: Die spreker praat direk met die elemente en daag (*challenge*) dit amper uit. Hierdie stylmiddel is 'n **retoriese uitroep** wat gebruik word om 'n sterk emosie uit te druk. Die **herhaling** van "kom" versterk hierdie uitroep.

Met versreël 13 en 14 wil die spreker vir die elemente sê: Dit maak nie saak hoe sterk julle is nie, my huisie staan op 'n rots en kan nie beskadig word nie.

Die **woorde** "nag", "wind" en "oseaan" sluit aan by hierdie selfde woorde wat in versreël 1, 4, 5 en 11 gebruik word. Let op dat "winde" (**meervoud**) in versreël 5 en 11 nou "wind" (**enkelvoud**) geword het, wat wys dat die spreker die storm nou as minder erg ervaar.

In die slotreël sluit "rots" by "rots" in versreël 3 aan. Hierdie verwysing na 'n huis wat stewig op 'n rots staan, herinner aan die **gelykenis** (*parable*) in die Bybel waarin 'n huis wat op rots gebou is, baie sterker is as 'n huis wat op sand gebou is.

Downloaded from edureSourceza.com

Die laaste woord in die gedig, "staan", sluit aan by "staan" in versreël 3. Die **herhaling** bevestig hoe sterk en stewig sy huisie daar op die rots is – dit bly regop.

Samevatting

Uiterlike bou: Die gedig is 'n Engelse sonnet wat uit 'n oktaaf (twee kwatryne), 'n kwatryn en 'n koeplet bestaan. Anders as in die tradisionele Engelse sonnet kry ons hier omarmende rym (in plaas van kruisrym) in die drie kwatryne. Tipies van 'n Engelse sonnet bou die beskrywings in die kwatryne op tot 'n hoogtepunt in die rymende slotkoeplet. Voor die slotkoeplet vind 'n wending (verandering) plaas.

Die **inkeping** (*indentation*) wat in die middelste twee versreëls van die drie kwatryne voorkom, herinner tipografies aan die vorm van die golwe.

Toon: Die toon van die gedig verander vanaf 'n byna morbiede beskrywing van die storm in strofe 1 na 'n beskrywing van die snoesige binnekant van die huis in strofe 2. Dit word gevolg deur 'n byna ekstatiese uitroep in die slotkoeplet.

Downloaded from edurresourceza.com

Tema

Ten spyte van die woeste storm daarbuite, bied die spreker se huisie by die see beskutting (*protection*) en vastigheid omdat dit op 'n rots gebou is.

Belangrikste elemente

Herhaling	"Ek" en "my" – die spreker is sterk teenwoordig. "Ek hoor" – beklemtoon hoe die spreker sy gehoor (*hearing*) gebruik om die verloop van die storm te volg. "aaneen" – beklemtoon beweging van golwe. "winde", "nag", "oseaan" – beklemtoon krag van storm. "kom" – beklemtoon spreker se uitdaging aan die elemente. "staan" – beklemtoon hoe stewig die huisie is.
Verkleinwoorde	Beklemtoon kontras tussen huisie en kragtige storm.
Teenstellings	Buite is dit donker, stormagtig, gevaarlik; binne is dit lig, warm, veilig.
Personifikasie	"winde huil – 'n kreun, 'n klag"
Vergelyking	Wind se gehuil word met die gekla van verlore siele vergelyk.
Alliterasie	Bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "huisie staan", "'n kreun, 'n klag", "soek en smag", "ruk ... ruite", "kom weer en wind".
Assonansie	Bind en beklemtoon woorde en vertraag tempo, byvoorbeeld in: "aaneen ... slaan ... teenaan ... staan ... oseaan", "soos van verlore siele in hul nood", "dwalend, klagend", "veilig ... en dig".
Retoriese uitroep	Die elemente word aangespreek.

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Waarom word die verkleiningsvorm "huisie" in die gedig gebruik? (2)

Wenk: Dink aan wat in die gedig beskryf word. Dink ook aan die verskil tussen 'n "huis" en 'n "huisie".

Die verkleiningsvorm beklemtoon hoe klein die huisie in vergelyking met die magtige storm is.

2. Verduidelik die personifikasie in strofe 1. (2)

Wenk: Noem in jou antwoord wat die personifikasie is en wat hier daarmee bereik word.

Die wind word gepersonifieer deur die woorde "huil", "kreun" en "klag". Die personifikasie beeld die natuur amper as 'n lewende vyand uit wat die huisie probeer vernietig.

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3. Vergelyk hoe dit buite en binne is. (3)
Wenk: Onthou, verwys na hoe dit binne én buite is. Moenie net sê hoe dit byvoorbeeld buite is nie. Noem minstens drie verskille.
Buite is dit donker, stormagtig, raserig, koud, nat, gevaarlik, maar binne is dit lig, kalm, warm, droog/dig, veilig.

Vrae

1. Kies woorde uit die lys om in die sin in te vul.
koeplet, paar, kwatryn, kwatryne, oktaaf
Strofe 1 is 'n a) _____ van agt versreëls wat uit twee b) _____ bestaan, strofe 2 is 'n c) _____ en strofe 3 is 'n d) _____ waarin e) _____ rym voorkom. (5)
2. Watter drie afsonderlike woorde in die titel is die belangrikste? (3)
3. Waarom is die sin "Dis nag" (versreël 1) belangrik? (1)
4. Watter funksie het die herhaling van "aaneen" in versreël 2? (1)
5.1 Waarmee word die wind se geraas vergelyk? (1)
5.2 Watter vorm van beeldspraak word hier gebruik? (1)
6. Noem een funksie van die assonansie in "dwalend, klagend" (versreël 7). (1)
7. Watter klank word herhaal om "soek en smag" (versreël 8) te beklemtoon? Skryf die woorde neer en onderstreep die klank. (1)
8.1 By watter woord in strofe 1 sluit "vuurtjie" en "kersie" aan? (1)
8.2 Wat is die funksie van die verkleinwoorde in die gedig? (2)
9. Watter woorde in strofe 2 vorm 'n teenstelling? (1)
10. Skryf 'n voorbeeld van klanknabootsing uit strofe 2 neer. (1)
11. Kies die korrekte antwoord: In versreël 1 tot 12 kom (paarrym, kruisrym, omarmende rym) voor. (1)
12. Die woorde "Ek hoor" kom vier keer in die gedig voor. Waarom word dit so baie gebruik? (2)
13.1 Skryf versreël 11 neer en onderstreep die klanke wat herhaal word. (1)
13.2 Wat noem 'n mens hierdie soort herhaling? (1)
14. Wie is die spreker in versreël 13 en wie word aangespreek? (2)
15.1 Wat noem 'n mens die stylfiguur in versreël 13? (1)
15.2 Hoe word hierdie stylfiguur versterk? (1)
16.1 Hoe vergelyk die woord "wind" (versreël 13) met vroeër in die gedig? (2)
16.2 Wat sê dit oor die spreker se houding teenoor die storm? (1)
17. Beskryf die spreker se gevoelens in versreël 14. (1)
18. Waaruit is dit duidelik dat die spreker sterk teenwoordig in die gedig is? (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Ek het 'n huisie by die see (bl. 33)

1. huisie, vuurtjie, kersie
2. nag
3. aaneen
4. rots

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5. oseaan
6. huil, loei
7. soos
8. graf
9. veilig
10. warm

Ek het 'n huisie by die see (bl. 37)

1. a) oktaaf b) kwatryne c) kwatryn d) koeplet e) paar (5)
2. "ek", "huisie", "see" (3)
3. Dit dui die tyd van die dag aan. (1)
4. Dit beeld die golwe se aanhoudende beweging uit. (1)
5.1 Met die gekreun en gekla van verlore siele wat nie rus kan vind nie. (1)
5.2 Vergelyking (1)
6. Een van die volgende: Dit vertraag die tempo. Dit beklemtoon die woorde. Dit skep ritme. (1)
7. "soek en smag" (1)
8.1 "huisie" (1)
8.2 Dit beklemtoon hoe klein die huisie en alles daar binne in vergelyking met die elemente is. (2)
9. "daarbuite" – "hier binne" (1)
10. "loei" (1)
11. Omarmende rym (1)
12. Die spreker kan nie sien nie omdat dit donker is. Hy moet dus luister om te hoor wat aangaan. (2)
13.1 "ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite" (1)
13.2 Alliterasie (1)
14. Die spreker is die eienaar van die huisie. Hy spreek die elemente (nag, wind, weer, oseaan) aan. (2)
15.1 Retoriese uitroep (1)
15.2 Die herhaling van "kom" versterk die retoriese uitroep. (1)
16.1 Nou word die enkelvoud gebruik; vroeër (versreël 5 en 11) is die meervoud gebruik. (2)
16.2 Die spreker vind die storm nou minder oorweldigend. (1)
17. Hy voel veilig. (1)
18. Die titel en versreël 1, 2, 3, 9, 10, 11 begin met "Ek/ek" of "My". (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Boekmerk - Marlise Joubert

(*Verskuns*, bl. 44)

Woordverklarings

boekmerk (*bookmark*) – iets soos 'n stukkie papier of leer wat wys hoe ver jy in 'n boek gelees het; merk iets wat belangrik is sodat jy weet waar om dit weer te vind

ellelange (*incredibly long*) – vreeslik lang

gesang (*singing*) – gesingery

geur (*odour*) – reuk

jasmyn (*jasmin*) – blomme met 'n baie spesifieke soet geur

klipvloergang (*stone passage*) – gang met vloer van klip

mor (*complain*) – kla

mossies (*sparrows*) – klein voëltjies

namens (*on behalf of*) – uit naam van

onheil (*misfortune, danger*) – teenspoed

pars (*press*) – druk uit; haal uit wat goed is

reuk (*scent*) – geur

seilende (*sailing*) – vinnig bewegende

stoei (*wrestle*) – baklei

stort (*fall*) – val

uit die toentertyd (*from long ago*) – van lank gelede

vlak bo (*just above*) – net bokant

vlytig (*industriously*) – fluks en vinnig

wange (*cheeks*) – ronde, vlesige sykant van die gesig

waterspieël (*water surface*) – gladde, blink oppervlak van water

woerende (*whirring*) – vinnig bewegende

Woordeskat-aktiwiteit

By watter woord in die gedig pas elke beskrywing?

1. klein valerige voëltjies
2. speel-speel of in erns met iemand/iets worstel
3. dele van die liggaam waarmee voëls of insekte vlieg
4. fluks, hardwerkend
5. van 'n hoogte (laat) val
6. tuinplant wat teen 'n muur/heining rank en klein blommetjies dra wat lekker ruik
7. kla oor iets waaroor jy ontevrede is
8. mense wat gedigte skryf
9. lank gelede
10. moeilike ervarings of tye

Kinders word met besige mossies vergelyk.

Plekhouer in boek; om iets belangriks te merk sodat jy daarna kan terugkeer.

Boekmerk – Marlise Joubert

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

Reeds vroeg in die oggend is kinders baie besig.

Hande beweeg heeltyd soos vlerke.

Gesingery wat rondbeweeg.

Dam/rivier waar mossies is

Skoolgang

Kinders vertel vir hul juffrou stories/nuus.

Metafoor

Juffrou onkant betrap.

Mengsel van goed en sleg

Kinders se stories herinner haar aan haar eie skooldae.

Sinestesie


Teenstelling

Herhaling van eerste woorde beklemtoon hoe dikwels dit gesê word.

Dinge waaroor skoolkinders kla en vra.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Reeds vroeg in die oggend by die skool is jong kinders baie aktief en heeltyd aan die gang, soos mossies wat singend vinnig rondbeweeg. In die klas wil hulle almal hul nuus vir die juffrou vertel. Vir die onderwyseres roep die kinders se gedrag goeie en slegte herinneringe aan haar eie skooldae op toe sy ook oor allerhande goed gekla het. Hierdie insig laat haar besluit om elke skooldag vir die kinders spesiaal te maak – sy wil lesse op nuwe maniere aanbied sodat die kinders se goeie herinneringe aan hul skooldae hulle sal voorberei om die moeilike tye tydens die lang lewensreis te hanteer.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Summary

Early in the school day the young children are already busy and are constantly on the go, like sparrows that move around chirping. Once in class they all want to tell the teacher their news. The children's behaviour reminds the teacher of her own good and bad memories of her school days, and how she complained about all kinds of things. Because of this insight she decides to make every school day special for the children – she wants to present lessons in new ways so that the children's good memories of their school days will prepare them to cope with the difficult times during life's long journey.

Ontleding

Titel

As 'n mens iets boekmerk, byvoorbeeld in die elektroniese media, merk jy dit sodat jy dit weer maklik kan vind en gebruik. 'n Boekmerk is ook 'n stuk papier, leer of 'n ander materiaal wat versier kan wees en gebruik word om plek in 'n boek aan te wys. Die titel sluit aan by hoe die onderwyseres wil hê die kinders in haar klas moet dit wat hulle op skool leer, later in hul lewe kan gebruik om hulle te help om moeilike tye te hanteer.

Strofe 1

Die woord "kinders" wat op sy eie in versreël 1 is, vestig die aandag daarop dat die gedig oor kinders handel.

Versreël 2 tot 5 kan soos volg gelees word:

Versreël 2: Kinders het wange soos mossies. Hulle word **vergelyk** met mossies wat besige voëltjies is wat dikwels in groepe rondbeweeg. Die kinders se ronde, bewegende wangetjies (omdat hulle praat of lag) herinner aan fladderende mossies.

Versreël 3: Kinders is reeds vroeg elke oggend fisiek baie besig en aan die gang. Die woord "stoei" wys hoe aktief die kinders is en hoe hulle die dag fisiek aanpak.

Versreël 4: Kinders se hande is altyd woerend aan die beweeg – soos mossies se vlerke. In die **metafoor** "hande altyd woerende vlerke" word die mossiebeeld voortgesit. Die woord "woerend" roep die beeld van 'n woer-woer (*whirligig*) op en is **klanknabootsend**. 'n Woer-woer is 'n speelding wat aan of met 'n tou vinnig deur die lug geswaai of gedraai word en 'n woerende geluid maak. Hierdie beeld wys hoe klein kinders heeltyd aan die gang is – hulle is nie vir 'n oomblik stil nie.

Versreël 5: Soos 'n mossie wat 'n bondeltjie sang is wat aanhoudend deur die lug seil/beweeg, is elke kind aanhoudend aan die praat/skreeu en aanhoudend aan die beweeg. Hierdie **metafoor** sluit direk by die metafoor in versreël 4 aan. Die **alliterasie** in "seilende gesang" (versreël 5) bind die woorde en die **aandagstreep** aan die einde van versreël 5 dui aan dat 'n uitbreiding volg.

In versreël 6 verwys "vlak bo die waterspieël" na die plek (voëlbadjie, swembad, dam) waar die mossies so besig is.

In versreël 7 verwys "klipvloergang" na die skoolgang waar die kinders aan die begin van die skooldag is. Dit word met die waterspieël in versreël 6 vergelyk.

Strofe 2

Versreël 8 en 9 verwys na hoe 'n klomp kindertjies soggens in die klas aankom en nie kan wag om stories vir hul juffrou te vertel nie. Almal wil gelyk praat. Hulle woorde "stort" oor haar uit (dink aan 'n stort waaronder 'n mens staan).

In versreël 8 pas die **woordkeuse** van "vlytig" (hardwerkend) by die klaskamersituasie, want dit wys hoe entoesiasties die kinders is om hul stories vir die juffrou te vertel.

Downloaded from eduresourceza.com

Die **woord** "stort" (versreël 8) sluit aan by hoe die kinders niks terughou nie en hoe die juffrou byna oorweldig word.

Downloaded from edunesourceza.com

Die **metafoor** in "soos reën" sluit by "stort" aan – die kinders se woorde val soos water/reën op die juffrou. Dit is 'n positiewe beeld.

In versreël 9 verwys "haar" na die juffrou. Die woord "verbaas" beskryf haar reaksie wanneer die kinders se woorde haar aan haar eie skooljare herinner.

In versreël 10 en 11 "proe" die juffrou die "reuk" van jasmyn. Dit is 'n voorbeeld van **sinestesie**, wanneer dinge wat deur twee sintuie waargeneem word, vergelyk word. Dit wys hoe intens die onderwyseres die herinnering aan haar skooldae beleef.

Die **teenstelling** in "bittersoet" (versreël 10) wys dat die juffrou se herinneringe aan haar skooldae 'n mengsel van positiewe en negatiewe herinneringe is.

Die woord "ook" in versreël 12 dui op die **ooreenkoms** (*similarity*) wat die juffrou tussen haar en die kinders in haar klas sien.

Die **assonansie** en **alliterasie** in "mor" en "protesteer" (versreël 12 en 13) bind die woorde.

Die **dubbelpunt** aan die einde van die strofe dui aan 'n verduideliking volg van waaroor die juffrou kon kla.

Die **enjambement** in die strofe help om dit vloeiend te maak.

Strofe 3

In hierdie strofe verskyn 'n lys van dinge wat die juffrou onthou waaroor sy as skoolkind kon kla. Sy kom tot die insig dat sy onaangename herinneringe aan haar skooldae het.

Die **herhaling** van "waarom is alles altyd" en die **teenstelling** in "ver" en "hier" (versreël 14 en 15) sluit aan by die verskeidenheid vrae wat kinders dikwels het.

Die **assonansie** in "leer ... deel" (versreël 16, 17), in "optel aftrek" (versreël 17) en in "waarom ... son" (versreël 21) en die **alliterasie** in "dooie digters" (versreël 18), "uit die toentertyd" (versreël 19) en "watter ... waar ... waarom" (versreël 20, 21) help om die strofe **ritmies** te maak.

Strofe 4

Die **woord** "toe" waarmee die strofe begin, dui tydsverloop aan en wys dat die gevolg van die juffrou se nuwe insig beskryf gaan word.

Versreël 22 beteken sy begin die dag opnuut en met nuwe insig. Die **aandagstreep** aan die einde van die versreël dui aan daar gaan beskryf word hóé sy dit doen.

In versreël 23 verwys "met elke skoolklok" na elke deel van die skooldag. Dit is 'n **sinekdogee**, want die skoolklok stel die skooldag voor.

Die woorde "namens mossiekind" (versreël 24) beteken die juffrou sien haarself in elke skoolkind. Let op hoe die **metafoor** "mossiekind" by die beeld in strofe 1 aansluit.

Die **alleenplasing** van "namens mossiekind" plaas die fokus op die kind.

Die **enjambement** in die strofe help om dit vloeiend te maak.

Die **insig** waartoe die juffrou gekom het, beteken dat sy elke skooldag vir elke kind spesiaal wil maak.

Die **dubbelpunt** aan die einde van die strofe dui aan dat 'n verduideliking volg van hóé die juffrou dit gaan doen: die kinders gaan werk.

Downloaded from edunesourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 5

Die juffrou laat die kinders hul asem diep intrek en dan met ronde wange uitblaas.

Die woorde "kom ons" (versreël 25) is tipies van hoe 'n onderwyser met leerders praat.

Die woorde "pars die wind" (versreël 25) verwys na hoe die juffrou die kinders vorm laat gee aan dit wat sonder vorm is. Die wind is hier 'n **metafoor** vir dit wat sonder vorm is, terwyl "pars" hier beteken om vorm of sin aan die vormlose te gee.

Die werkwoord "pars" herinner ook aan die pars van blomme, wat gebruik kan word om boekmerke (vergelyk die **titel**) te maak.

Die **vergelyking** in "met wange soos soldaatjies" sluit aan by hoe die juffrou die kinders paraat (*prepared*) wil maak om die lewe te hanteer. Die woord "wang" sluit aan by die verwysing na "wange soos mossies" in versreël 2.

Die **assonansie** in "kom ons" en in "pars ... wange" en die **alliterasie** in "wind ... wange" en "soos soldaatjies" bind die woorde en skep ritme.

Hierdie strofe beskryf hoe die juffrou die kinders se opvoeding sinvol maak.

Strofe 6

Die woord "totdat" waarmee die strofe begin, sluit aan by hoe lank die juffrou die kinders laat aanhou om die "wind te pars" – om betekenisvolle dinge te leer.

In versreël 27 verwys "elkeen" na "elke kind" – elke kind moet dit wat hulle op skool leer, sinvol vind en later doeltreffend kan gebruik.

Die "geur / van jasmyn", 'n positiewe beeld en nie meer "bittersoet" (versreël 10) nie, verwys na die dinge wat die kinders paraat maak sodat hulle die uitdagings (*challenges*) van die lewe sal kan hanteer – elke kind kan hierdie dinge "boekmerk" vir latere gebruik (vergelyk die **titel**). Die **alliterasie** in "kan boekmerk" bind die woorde.

In versreël 29 verwys "onheil" na die moeilike dinge in die lewe. Die gebruik van "ons" wys hoe die juffrou met die kinders identifiseer – almal beleef moeilike tye.

Die "ellelange reis" (versreël 30) verwys na ons lewensreis. Die **alleenplasing** van "ellelange reis" en die **l-alliterasie** en **e-assonansie** in "ellelange" beklemtoon die lengte van ons lewensreis. Die **assonansie** in "onheil ... reis" (versreël 29, 30) bind en beklemtoon die woorde.

Die **enjambement** in die strofe help om dit 'n vloeiende eenheid te maak.

Samevatting

Uiterlike bou: Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. Dit bestaan uit ses strofes van verskillende lengte, die versreëls wissel in lengte en daar is geen rympatroon nie. Die gebruik van metafore, die herhaling van woorde en klanke en die gebruik van enjambement help om 'n doeltreffende eenheid te skep.

Punktuasie: Tipies van die vrye vers, word min punktuasie gebruik. Die twee aandagstrepe en twee dubbelpunte wat wel gebruik word, dui in elke geval op iets wat gaan volg. Dit ondersteun dus die progressie in die gedig.

Toon: Die insig waartoe die onderwyseres kom en haar vasberadenheid om haar leerders doeltreffend op te voed, gee aan die gedig 'n positiewe toon.

Tema

Dit wat 'n mens as kind leer, moet sodanig gedoen word dat dit jou paraat maak om later in jou lewe probleme te kan hanteer.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Belangrikste elemente

Vrye vers	Daar is geen vaste strofebou of rymvorm nie.
Vergelykings	"wange soos mossies" "wange soos soldaatjies"
Metafore	Byvoorbeeld: "hande altyd woerende vlerke" "elke lyfie 'n seilende gesang" "druppels klank" "mossiekind" "pars die wind"
Teenstelling	"bittersoet jasmyn"
Sinestesie	"die reuk ... proe"
Herhaling	"waarom is alles altyd", "waarom", "wange", "jasmyn"
Sinekdogee	"met elke skoolklok" – skoolklok verwys na skooldag.
Alliterasie	Alliterasie bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "seilende gesang" (versreël 5), "mor" en "protesteer" (versreël 12, 13), "dooie digters" (versreël 18), "uit die toentertyd" (versreël 19), "watter ... waar ... waarom" (versreël 20, 21), "wind ... wange" (versreël 25, 26), "soos soldaatjies" (versreël 26), "kan boekmerk" (versreël 28), "ellelange" (versreël 30).
Assonansie	Assonansie bind en beklemtoon woorde, skep ritme en vertraag die tempo, byvoorbeeld in: "mor" en "protesteer" (versreël 12, 13), "leer ... deel" (versreël 16, 17), "optel aftrek" (versreël 17), "waarom ... son" (versreël 21), "kom ons" (versreël 25), "pars ... wange" (versreël 25, 26), "onheil ... reis" (versreël 29, 30), "ellelange" (versreël 30).
Enjambement	Veral in strofe 2, 4, 5, 6
Punktuasie	Slegs twee aandagstrepe en twee dubbelpunte.

37

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Op watter manier word die eerste woord van die gedig beklemtoon? (1)
   Wenk: Kyk na die woord se posisie en of dit saam met ander woorde voorkom.
   Dit staan alleen in 'n versreël.

2. Noem twee ooreenkomste tussen die kinders en die mossies. (2)
   Wenk: Ooreenkomste verwys na dinge wat dieselfde is.
   Die kinders en die mossies beweeg aanhoudend en maak aanhoudend geluide.

3. Vergelyk die verwysings na jasmyn in strofe 2 en 6. (3)
   Wenk: Let op na die konteks waarin die woorde gebruik word. Watter ander woorde verwys daarna? Watter ooreenkomste en verskille is daar tussen hoe dit gebruik word?
   In albei gevalle verwys die jasmyn na skoolherinneringe.
   In strofe 2 verwys dit na die juffrou se skoolherinneringe, maar in strofe 6 verwys dit na die herinneringe wat die kinders in haar klas gaan hê.
   In strofe 2 word die jasmyn as "bittersoet" beskryf, wat 'n kombinasie van positiewe en negatiewe konnotasies het. In strofe 6 is die "geur" van jasmyn slegs 'n positiewe konnotasie.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vrae

1. Waarom staan "kinders" (versreël 1) alleen in 'n versreël? (1)
2. Wat sê die woord "stoei" (versreël 3) oor die kinders? (1)
3. Aan watter twee dinge herinner die kinders se hande 'n mens? (2)
4. Beskryf versreël 5 die mossies, die kinders, of die mossies en die kinders? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
5. Wat doen die kinders soggens wanneer hulle hul juffrou sien? (1)
6. By watter ander woord sluit "druppels" in versreël 8 aan? (1)
7. Waaroor is die onderwyseres verbaas (versreël 9)? (1)
8. Wat noem ons die soort beeld wat in "reuk ... proe" (versreël 10, 11) voorkom? (1)
9. Watter woord beskryf die juffrou se gemengde herinneringe aan haar eie skooldae? (1)
10. Watter ooreenkoms is daar tussen die onderwyseres en die kinders? (1)
11. In watter vak leer kinders van "optel aftrek deel" (versreël 17)? (1)
12. Om watter twee redes het sy oor die digters (versreël 18) gekla? (2)
13. In watter vak leer kinders waar verskillende lande is? (1)
14. Wat dui die woord "toe" (versreël 22) aan? Noem twee dinge. (2)
15. Waarom besluit die juffrou om die dag weer "oor te maak"? (2)
16. Wie is "mossiekind"? (1)
17. Vergelyk die verwysings na "wange" in strofe 1 en 5. (2)
18. Vergelyk die verwysings na "jasmyn" in strofe 2 en 6. (2)
19. Waartoe moet elke kind se skoolopvoeding hom of haar in staat stel? (1)
20. Noem drie maniere waarop die lang lewensreis in strofe 6 beklemtoon word. (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Boekmerk (bl. 38)

1.	mossies	2.	stoei	3.	vlerke
4.	vlytig	5.	stort	6.	jasmyn

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7. mor 8. digters 9. toentertyd
10. onheil

Downloaded from eduresourceza.com

Boekmerk (bl. 44)

1. Dit vestig die aandag op die onderwerp van die gedig – kinders. (1)
2. Hulle is baie aktief en hulle stamp en stoot die hele tyd aan mekaar. (1)
3. Dit herinner aan die aanhoudende geluid en beweging wat 'n woer-woer maak en aan die geluid en beweging van 'n voël se vlerke. (2)
4. Dit beskryf die mossies en die kinders. Die mossies en die kinders beweeg aanhoudend en maak aanhoudend geluide – die mossies sing/tjirp en die kinders raas en gesels. (2)
5. Hulle vertel haar al hul nuus. (1)
6. "stort" (1)
7. Sy is verbaas omdat sy haar eie skooldae onthou. (1)
8. Sinestesie (1)
9. "bittersoet" (1)
10. Albei kla soms. (1)
11. Wiskunde (1)
12. Hulle is al dood en hulle het lank gelede geleef. (2)
13. Aardrykskunde/Geografie (1)
14. Dit dui tydsverloop aan en wys wat as gevolg van die juffrou se nuwe insig beskryf gaan word. (2)
15. Sy wil nie hê haar kinders moet enige slegte herinneringe aan hul skooldae hê nie. Hulle moet dit wat hulle op skool leer, kan gebruik om moeilike tye in die lewe te hanteer. (2)
16. Elke kind in die juffrou se klas. (Sy sien haarself in elke kind.) (1)
17. In strofe 1 het die kinders ronde, bewegende "wange soos mossies", maar in strofe 5 het hulle "wange soos soldaatjies", wat verwys na hoe paraat/voorbereid hulle is om die lewe tegemoet te gaan. (2)
18. In strofe 2 word die jasmyn as "bittersoet" beskryf, wat na 'n mengsel van positiewe en negatiewe konnotasies verwys. In strofe 6 word daar net na die "geur" van jasmyn verwys, wat slegs positiewe konnotasies het. (2)
19. Elkeen moet die vaardighede hê om die moeilike tye ("onheil") in die lewe te hanteer. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

20. Die l-alliterasie ("ellelange"), die e-assonansie ("ellelange") en die alleenplasing van "ellelange reis" in een versreël beklemtoon die lengte van die lewensreis. (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Pryslied - Antjie Krog

(*Verskuns*, bl. 53)

Woordverklarings

as (*ash*) – liggrys kleur

getrokke tak (*branch that is being pulled*) – tak wat getrek word (betekenis van "Rolihlahla")

gevestigde (*established*) – ou en bekende

heelmaker (*mender*) – iemand wat iets wat stukkend/verkeerd is, regmaak

houtskool (*charcoal*) – swart kleur

legendaries (*legendary*) – beroemde; van wie almal weet

opspoorder (*spotter*) – iemand wat iets soek en vind

palmkussings (*palms of the hand*) – handpalms

pante (*panels*) – dele van 'n kledingstuk

priem (*pierces*) – gaan in

ratelaar (*leader*) – leier, aanvoerder

rivieroewers (*river banks*) – walle van rivier

sandkliphart (*heart of sandstone*) – verwys na die Uniegebou wat van sandsteen gebou is

skraal (*slender*) – maer

sleepsel (*trail*) – patroon gemaak deur iets wat gesleep word

vlesige (*fleshy*) – dik

vrede (*peace*) – tyd van harmonie sonder konflik

Agtergrond

Nelson Mandela

Nelson Rolihlahla Mandela (1918–2013) het in 1994 die eerste president van die demokratiese Suid-Afrika geword nadat hy 27 jaar in die gevangenis deurgebring het as gevolg van die leiersrol wat hy in die stryd teen apartheid gespeel het. Hy het sy lewe gewy aan die stryd teen onderdrukking en was onder andere medestigter (*co-founder*) van die ANC-jeugliga (1944) en van die militante Umkhonto we Sizwe (1961). In 1962 is hy in die Rivonia-verhoor tot lewenslange tronkstraf gevonnis.

Die Swart Pimpernel

Terwyl Nelson Mandela in die 1960's 'n sabotasieveldtog teen die regering gelei het, het die pers (*press*) hom die Swart Pimpernel genoem omdat hy die polisie verskeie kere ontduik (*evade*) het.

Die volgende uittreksel kom uit die *Time Magazine* van 17 Augustus 1962:

> **South Africa: The Black Pimpernel**
> For more than 15 months, top man on the South African police wanted list has been a black underground leader named Nelson Rolihlahla Mandela.

Die naam "Swart Pimpernel" verwys na die hoofkarakter van die boek *The Scarlet Pimpernel* wat in 1905 deur Barones Orcsy geskryf is en in 1954 as *Die Skarlaken Pimpernel* in Afrikaans verskyn het. Die Skarlaken Pimpernel was 'n Engelsman wat in die tyd van die Franse Rewolusie talle lede van die Franse adel help ontsnap het sodat hulle nie onthoof is nie. Alhoewel daar 'n prys op sy hoof was, is hy nooit gevang nie.

'n **Pryslied** is 'n gedig of lied wat in die Afrikakulture van Suider-Afrika gebruik word om hulde (*tribute*) aan 'n spesiale persoon, ding of plek te bring. 'n Pryslied word gewoonlik by 'n spesiale geleentheid deur 'n *imbongi* (pryssanger) voorgedra.

In 'n pryslied word die persoon wat geprys word, se voorkoms, eienskappe en prestasies beskryf. Daar word ook biografiese besonderhede gegee.

Toe Nelson Mandela op 10 Mei 1994 as president ingehuldig (*inaugurated*) is, is verskeie prysliedere aan hom opgedra. Antjie Krog het haar "pryslied" na aanleiding van sy inhuldiging geskryf.

Die gebruik van eiename in prysliedere

Tradisioneel word prysliedere gebou rondom die name van die persoon wat geprys word en die name van die persoon se voorouers. Die opnoem van name van voorouers dui op kontinuïteit tussen geslagte (*generations*) en die rol wat die voorouers steeds in die hede speel.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edusourceza.com


Verklaring van Xhosa-name in "pryslied"

uNosekeni – Nelson Mandela se ma
uNgubengcuka – 'n Thembu-koning van wie Mandela afstam
Dalindyebo – 'n Thembu-heerser wat na Mandela se pa se dood as sy voog (*guardian*) opgetree het
Mandela – Mgadla Mandela was Mandela se pa
iNqunu – die plek in die Oos-Kaap waar Mandela vandaan kom
Thembu-stam – die stam waaruit Mandela kom
Umkhonto we Sizwe – "spies van die nasie"; die militêre vleuel van die ANC
Nelson Rolihlahla Mandela – Mandela se volle naam

Woordeskat-aktiwiteit


Soek die volgende woorde in die gedig. Tussen hakies verskyn die versreëls waar jy die antwoorde moet soek.

1. 'n woord wat uit drie afsonderlike woorde bestaan (versreël 1 tot 8)
2. 'n woord wat na 'n swart kleur verwys (versreël 1 tot 8)
3. 'n woord wat na 'n ligbruin kleur verwys (versreël 1 tot 8)
4. drie afsonderlike woorde wat na liggaamsdele verwys (versreël 4 tot 8)
5. een woord vir "wat reeds lank bestaan" (versreël 9 tot 14)
6. een woord vir die walle van 'n rivier (versreël 9 tot 14)
7. 'n werkwoord wat beteken om eer te bewys (versreël 16 tot 20)
8. twee werkwoorde wat antonieme is (versreël 16 tot 20)
9. twee afsonderlike woorde wat na die dele van 'n boom of plant verwys (versreël 21 tot 30)
10. een woord vir die patroon wat op die grond gemaak word as jy iets sleep (versreël 21 tot 30)
11. een woord wat verwys na iemand of iets wat 'n legende is (versreël 21 tot 30)
12. een woord wat na die verskillende dele van 'n kledingstuk soos 'n rok verwys (versreël 21 tot 30)



Downloaded from edusourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Downloaded from eduresourceza.com

Hierdie pryslied bring hulde aan Nelson Mandela na sy inhuldiging as president in 1994. Die pryslied begin met waar die inhuldiging plaasgevind het en skep dan met behulp van beelde 'n portret van Mandela. Daarna word biografiese besonderhede oor hom en sy voorouers gegee. Dit word gevolg deur die opnoem van sy kenmerkende eienskappe en die besondere prestasies wat hy behaal het. Die gedig bou op tot 'n hoogtepunt waarin Mandela as skepper van vrede beskryf word.

Summary

This praise song pays tribute to Nelson Mandela after his inauguration as president in 1994. The praise song starts off with the place where the inauguration took place and then creates through images a portrait of Mandela. Thereafter biographical details about him and his ancestors are given. These are followed by the naming of his specific qualities and his exceptional achievements. The poem builds up to a climax in which Mandela is described as the creator of peace.

Ontleding

Titel

Die titel "pryslied" dui aan watter soort gedig dit is, naamlik 'n pryslied, wat die doel het om hulde te bring.

Strofe 1 (versreël 1 tot 8)

Strofe 1 begin deur te verwys na die **plek** waar Mandela as president ingehuldig is. Die volgorde van die eerste sin is *waar*, *wanneer*, *wie*, en nie *wie*, *wanneer*, *waar* wat die gewone volgorde sou wees nie. Hierdie **inversie** veroorsaak dat veral "sandkliphart" en die werkwoord "staan" beklemtoon word.

In versreël 1 verwys "sandkliphart" na die Uniegebou in Pretoria. Die **metafoor** is doeltreffend, want die Uniegebou is van sandsteen gebou en dit is die setel van Suid-Afrika se regering. Die **assonansie** in "sandkliphart / vandag" skep ritme.

Die **werkwoord** "staan" (versreël 3) is 'n positiewe, sterk woord wat Mandela se posisie en houding beklemtoon. Dit word in versreël 4, 9 en 21 herhaal en dien as **bindmiddel** in die gedig.

Versreël 4 herinner aan die **uitdrukking** "iemand steek kop en skouers bo ander uit", wat beteken iemand is ander se meerdere (*superior*). Hier het dit 'n **letterlike** en 'n **figuurlike betekenis**: Dit verwys na Mandela se fisieke lengte en na sy besondere eienskappe wat hom spesiaal maak. Die woord "skraal" dui op sy maer skouers. Die **alliterasie** en die **assonansie** in "skraal skouers staan" beklemtoon die woorde en skep ritme.

Die **metafoor** in "houtskool en as is sy hare" (versreël 5) beskryf sy swart hare wat besig is om grys te word.

Die **beskrywing** "sandkleurige" (versreël 6) sluit aan by "sandkliphart" in versreël 1 en beskryf die kleur van Mandela se vel. Die **alliterasie** in "houtskool en as is sy hare / hy, die sandkleurige seun van uNosekeni" bind die woorde en maak die versreëls ritmies.

Versreël 6 gee die eerste **biografiese inligting** in die gedig met die verwysing na Mandela se ma.

Die **herhaling** van "uNosekeni" (versreël 6 en 7) en die herhaling van die konstruksie "hy, die ..." (versreël 6 en 8) is tipies van die tradisionele pryslied. Die **assonansie** in "ma van Mandela" bind en beklemtoon die woorde.

Downloaded from eduresourceza.com

In versreël 8 word daar na Mandela se "vlesige" (sagte) handpalms verwys. Hierdie beskrywing help om die prominente [illegible] van hom geskilder word, verder in te kleur – Mandela raak met sagte hande aan mense.

Downloaded from edureSourceza.com

Die feit dat Mandela in strofe 1 fisiek beskryf word en daar biografiese inligting gegee word, maar dat sy naam nog nie genoem word nie, is tipies van die **struktuur** van 'n pryslied en help om afwagting (*suspense*) te skep.

Strofe 2 (versreël 9 tot 14)

Versreël 9 sluit aan by "staan" in versreël 3 en 4 en plaas weer die klem op die sterk, staande Mandela.

Versreël 10 tot 14 gee verdere **biografiese inligting** oor Mandela: Hy kom uit die ou ("gevestigde") familie van uNgubengcuka, 'n Thembu-koning; hy is die seun van Dalindyebo, sy voog, en van Mandela, sy pa Mgadla Mandela; hy kom van iNqunu, en hy is van die Thembu-stam.

Die **herhaling** van "die seun van" in versreël 11 en 12 is tipies van 'n pryslied.

In versreël 14 het "heelmaker" 'n **metaforiese** betekenis, want dit verwys na hoe Mandela eenheid (*unity*) skep waar daar eers verdeeldheid (*division, discord*) was.

Die manier waarop **eiename** (*proper names*) in strofe 2 genoem word, is tipies van die struktuur van die pryslied wat dikwels gebou word rondom die name van die persoon wat besing word en die name van sy voorgeslagte.

Strofe 3 (versreël 15)

In hierdie strofe word Mandela se voorkoms (*appearance*) verder beskryf. Die moesie (*mole*) op sy bolip word 'n "klein swart ster" genoem. Twee betekenisse van ster word in hierdie **metafoor** opgeroep: Eerstens word 'n uitblinker (*achiever*) 'n ster genoem en tweedens word sterre gebruik om rigting in die donker te gee. Die beeld verwys dus na die uitblinker Mandela en die leier Mandela. Verder kan dit ook miskien betrekking hê op Mandela wat 'n briljante spreker was en die feit dat hy hom van jongs af vir die belange van swart mense beywer het.

In hierdie kort strofe van slegs een versreël word op 'n slim manier na twee baie belangrike **eienskappe** van Mandela verwys.

Die **alliterasie** in "swart ster" bind en beklemtoon die woorde.

Strofe 4 (versreël 16 tot 20)

In versreël 16 verwys "ons" nie net na die *imbongi* (die pryssanger) nie, maar na al die mense van die land.

Die woorde "hy wat nie lag nie en nie huil nie" wat **herhaal** word (versreël 17 en 20) en dus belangrik is, verwys na Mandela se waardigheid (*dignity*) en die feit dat hy nie 'n emosionele leier is nie. Die **kort woorde** in versreël 17 en 20 en die **herhaling** van "nie" maak die versreëls ritmies.

Mandela word die "eerste ratelaar" (versreël 18) van Umkhonto we Sizwe genoem omdat hy die eerste aanvoerder (*commander*) van die militêre vleuel van die ANC was.

In versreël 19 verwys "swart pimpernel" na die bynaam (*nickname*) wat Mandela in die pers gehad het omdat hy in die 1960's so dikwels die polisie ontglip (*escaped*) het. Die woord "swart" sluit ook aan by "swart ster" in versreël 15.

Strofe 5 (versreël 21 tot 30)

Versreël 21 is 'n **herhaling** en **uitbreiding** van versreël 3 en 9 en dien as inleiding tot die uiteindelike noem van Mandela se naam in versreël 22. Die **afwagting** wat in strofe 1 tot 4 met die uitbeelding van Mandela geskep is, bereik 'n hoogtepunt wanneer sy volle naam uiteindelik genoem word.

Downloaded from edureSourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

"Nelson Rolihlahla Mandela" staan alleen in versreël 22 om aan te dui dat hy die **onderwerp** van hierdie pryslied is.

In versreël 23 word Mandela 'n "getrokke tak" genoem. Dit sluit aan by die betekenis van "Rolihlahla", wat letterlik "tak wat getrek word" beteken. Die **alliterasie** in "getrokke tak" bind en beklemtoon die woorde.

Die beskrywing in versreël 24, wat by "getrokke tak" aansluit, verwys na die merke wat 'n tak op die grond laat as dit gesleep word. Dit is 'n **metafoor** vir die groot invloed wat Mandela op die wêreld gehad het. Die **alliterasie** in "sleepsel van sy blare" dra by tot die ritme van die versreël.

Mandela word "legendaries" (versreël 25) genoem omdat hy so beroemd en bekend is. Die **aandagstreep** na "legendaries" dui aan daar gaan verduidelik word waarom hy legendaries is, en dan word 'n reeks redes gegee: Hy is 'n "opspoorder van harte", 'n hersteller van "verskeurde land", hy draai mense na mekaar, hy is 'n "heelmaker" en 'n stigter van vrede.

Die **metafoor** "opspoorder van harte" (versreël 25) verwys na Mandela se vermoë om tot mense se harte te spreek – hy weet hoe om mense te begeester (*inspire*).

In die **metafoor** in versreël 26 en 27 word die beeld gebruik van 'n geskeurde kledingstuk wat reggemaak word sodat dit weer bruikbaar is. Hierdie beeld sluit aan by "heelmaker" in versreël 14 en 29. Die woorde "verskeurde land" verwys na hoe seer die land gekry het as gevolg van die verdeeldheid tussen mense. Dit vorm 'n **teenstelling** met "heelmaker". Die **assonansie** in "maak die pante bymekaar / van 'n verskeurde land" help om die versreëls ritmies te maak.

Die **herhaling** van "mekaar" (versreël 28) skep ritme.

Die woorde "heelmaker van mense" (versreël 29) sluit aan by "heelmaker" in versreël 14.

Versreël 30 vorm die hoogtepunt van die reeks prestasies (*achievements*) wat in strofe 5 genoem word.

Die gebruik van metafore, die opnoem van prestasies en die herhaling van "hy" (die verwysing na die persoon wat geprys word) in strofe 5 is **tipiese kenmerke** van 'n pryslied.

Strofe 6 (versreël 31)

Strofe 6 begin met dieselfde woord as die woord waarmee strofe 5 eindig. Die woord "vrede" **bind** die laaste twee strofes aan mekaar.

Die **herhaling** van "vrede" in versreël 30 en 31 beklemtoon hoe belangrik dit is – dit is die hoogtepunt waartoe die gedig opbou, dit is die belangrikste ding wat Mandela reggekry het.

In die **metafoor** in die slotreël word vrede die moeder van alle groot nasies genoem. Die implikasie is dat Mandela die vader van vrede is en dus ook die vader van 'n groot nasie, Suid-Afrika, is. Die **assonansie** in "ma van groot nasies" bind en beklemtoon die woorde.

Datum

Die datum wat tussen hakies aan die einde van die gedig verskyn, is die datum waarop Mandela as president ingehuldig is.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Samevatting

Uiterlike bou: 'n Pryslied is 'n vrye vers waarin geen vaste strofebou of rymskema is nie, maar waarin metafore en die herhaling van woorde en klanke gebruik word om 'n hegte eenheid en 'n sterk ritme te skep.

Toon: Daar word deurgaans met 'n toon van groot respek en bewondering oor Mandela gepraat.

Tema

Daar word hulde gebring aan Nelson Mandela en aan wat hy in Suid-Afrika en die wêreld bereik het.

Belangrikste elemente

Pryslied	Hulde word aan Mandela gebring. Sy voorkoms, biografiese inligting en prestasies word genoem.
Eiename	Tipies van 'n pryslied vorm eiename die kern waarom die res gebou is.
Metafore	Metafore word algemene gebruik, byvoorbeeld: "Sandkliphart" "houtskool en as is sy hare" "heelmaker uit die Thembu-stam" "'n klein swart ster priem sy bolip" "getrokke tak van lank gelede" "die sleepsel van sy blare lê wyd" "opspoorder van harte" "hy maak die pante bymekaar / van 'n verskeurde land" "heelmaker van mense" "vrede, wat die ma is van groot nasies".
Herhaling	Herhaling van woorde soos "staan", "hy", "die seun van", "heelmaker", "swart", "vrede" dra tot eenheid by.
Alliterasie	Alliterasie bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "kop en skraal skouers staan" (versreël 4), "houtskool en as is sy hare / hy, die sandkleurige seun van uNosekeni" (versreël 5, 6), "swart ster" (versreël 15), "getrokke tak" (versreël 23), "sleepsel van sy blare" (versreël 24), "pante ... land" (versreël 26, 27).
Assonansie	Assonansie bind woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "sandkliphart / vandag" (versreël 1, 2), "skraal skouers staan" (versreël 4), "ma van Mandela" (versreël 7), "maak die pante bymekaar / van 'n verskeurde land" (versreël 26, 27), "ma van groot nasies" (versreël 31).

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1.1 Watter werkwoord word verskeie kere in die gedig herhaal? (1)

1.2 Wat word daarmee bereik? (1)

Wenk: Soek 'n werkwoord wat verskeie kere gebruik word, kyk waar dit gebruik word en dink aan watter funksie die herhaling het.

1.1 *"staan"*

1.2 *Die herhaling van "staan" bevestig hoe sterk en regop Mandela voorkom. Hy het hom nooit laat onderkry nie en staan nog regop na alles waardeur hy is.*

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2. Op watter manier is strofe 2 tipies van 'n pryslied?
Wenk: Dink aan wat die tipiese kenmerke van 'n pryslied is en hoe dit duidelik in strofe 2 is. (2)

Soos in 'n tipiese pryslied word biografiese besonderhede gegee oor die persoon wat geprys word. In strofe 2 is dit die name van sy voorouers, die plek waar hy vandaan kom en sy stam.

3. Verduidelik waarom Mandela 'n "getrokke tak" (versreël 23) genoem word. (3)
Wenk: Kyk hoe die woorde "getrokke tak" in die gedig inpas en watter betekenis dit het.

Die woorde sluit aan by Mandela se middelnaam, Rolihlahla, wat "tak wat getrek word" beteken. Dit pas ook by "die sleepsel van sy blare lê wyd" (versreël 24), wat verwys na die groot invloed wat Mandela op Suid-Afrika en die wêreld gehad het.

Vrae

1. Wat is 'n pryslied? (2)
2. Verduidelik die woord "sandkliphart" (versreël 1). (2)
3. Noem vier fisieke kenmerke van Mandela waarna daar in versreël 1 tot 8 verwys word. (4)
4.1 Wie was "uNosekeni"? (1)
4.2 Waarom word haar naam herhaal? (1)
5. Gee een moontlike rede waarom Mandela se sagte handpalms genoem word. (1)
6. Verduidelik wie die volgende mense was:
   6.1 uNgubengcuka (versreël 10) (1)
   6.2 Dalindyebo (versreël 11) (1)
   6.3 Mandela (versreël 12). (1)
7. Waarom, dink jy, word die rivieroewers in versreël 13 genoem? (1)
8.1 Wat beteken "heelmaker" (versreël 14)? (1)
8.2 Watter soort beeldspraak word hier gebruik? (1)
9. Noem twee kenmerke van Mandela wat deur die metafoor vir die moesie op sy lip in versreël 15 opgeroep word. (2)
10. Watter eienskap van Mandela word deur versreël 17 en 20 geïmpliseer? (1)
11. Verduidelik die woorde "eerste ratelaar" (versreël 18). (1)
12. Waarom is Mandela die "swart pimpernel" genoem? (2)
13. Mandela se naam word in strofe 5 die eerste keer genoem. Waarom word dit eers so laat in die gedig genoem? (1)
14. Waarom staan Mandela se volle naam alleen in 'n versreël? (1)
15.1 Het versreël 24 'n letterlike of 'n figuurlike betekenis? (1)
15.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
16. Waarom, dink jy, is die woordorde "legendaries is hy" in plaas van "hy is legendaries" in versreël 25 gebruik? (1)
17. By watter ander metafoor vroeër in die gedig sluit die metafoor in versreël 26 en 27 aan? (1)
18.1 Skryf die laaste versreël neer en onderstreep die assonansie daarin. (1)
18.2 Wat is die funksie van die assonansie? (1)
19. Is dit doeltreffend dat versreël 31 alleen in 'n strofe is? Waarom sê jy so? (1)
20. Waarom is die datum aan die einde van die gedig belangrik? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

pryslied (bl. 46)

Downloaded from eduresourceza.com

1. sandkliphart
2. houtskool
3. sandkleurige
4. kop, skouers, palmkussings
5. gevestigde
6. rivieroewers
7. prys
8. lag, huil
9. tak, blare
10. sleepsel
11. legendaries
12. pante

pryslied (bl. 52)

1. 'n Pryslied is 'n gedig of lied wat gebruik word om hulde aan 'n spesiale persoon, ding of plek te bring. 'n Pryslied word gewoonlik by 'n spesiale geleentheid deur 'n *imbongi* (pryssanger) voorgedra. (2)
2. Dit is 'n metafoor wat na die Uniegebou verwys waar Nelson Mandela as president ingehuldig is. Die Uniegebou is van sandsteen gebou. (2)
3. Enige vier van die volgende:
   Hy is lank.
   Hy het skraal skouers.
   Sy swart hare word grys.
   Hy het 'n sandkleurige (ligbruin) vel.
   Hy het sagte handpalms. (4)

4.1 Sy was Mandela se ma. (1)

4.2 Hierdie soort herhaling is tipies van 'n pryslied. (1)

5. Sy hande is sag/sensitief wanneer hy aan mense raak. (1)

6.1 'n Thembu-koning van wie Mandela afstam. (1)

6.2 'n Thembu-heerser wat na Mandela se pa se dood as sy voog opgetree het. (1)

6.3 Mgadla Mandela, Nelson Mandela se pa. (1)

7. 'n Moontlike rede: Water is 'n teken van lewe/voorspoed/oorvloed. (1)

8.1 Iemand wat iets wat stukkend is, regmaak. (1)

8.2 Metafoor (1)

9. Hy is 'n ster – hy is 'n uitblinker en 'n besondere mens.
   Hy gee leiding/rigting aan andere – soos sterre gebruik word om in die nag rigting te gee. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10. Hy is waardig en wys nie sy emosies nie. (1)
11. aanvoerder/leier (1)
12. Die pers het hom die Swart Pimpernel genoem omdat die polisie nie daarin kon slaag om hom te vang nie. (2)
13. Daar word afwagting geskep voordat sy naam genoem word. (1)
14. Hy is die onderwerp van die pryslied. (1)
15.1 Figuurlik (1)
15.2 Dit verwys na die groot invloed wat Mandela gehad het. (1)
16. Die inversie plaas die klem op "legendaries". (1)
17. "heelmaker uit die Thembu-stam" (versreël 14) (1)
18.1 "vrede, wat die ma is van groot nasies" (1)
18.2 Dit bind die woorde en skep ritme. (1)
19. Ja, dit is die hoogtepunt waartoe die pryslied opbou en dit word só beklemtoon. (1)
20. Dit is die datum waarop Mandela as president van Suid-Afrika ingehuldig is. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die boodskapper – Peter Snyders

(*Verskuns*, bl. 92)

Woordverklarings

boodskapper (*messenger*) – iemand wat nuus of 'n boodskap oordra

aandster (*evening star*) – die planeet Venus wanneer dit in die aand sigbaar is

vonkel (*twinkles*) – skitter

daai (*that*) – dit

knipoeg (*wink*) – knipoog (Standaardafrikaans)

gedagte (*thought*) – iets wat gedink word

boodskap (*message*) – tyding, nuus, 'n berig

Venus (*Venus*) – die Romeinse godin van die liefde (ook die aandster)

soentjie (*little kiss*) – klein soen

omslag (*cover, envelope*) – buitekant, koevert

Agtergrond

Venus

- Die planeet Venus word die **aandster** en die **môrester** genoem omdat dit kort na sononder en kort voor dagbreek duidelik sigbaar in die naghemel is.
- Die planeet Venus is gemiddeld **261 miljoen kilometer** vanaf die Aarde.
- Venus is die **helderste planeet** wat ons vanaf die Aarde kan sien.
- Wanneer Venus (die tweede planeet vanaf die son) in die middel tussen die Aarde (die derde planeet vanaf die son) en die son is, is dit die **naaste planeet** aan die Aarde. Soms is **Mars** (die vierde planeet vanaf die son) egter die naaste planeet aan die Aarde.
- Venus is vernoem na die **Romeinse godin van die liefde**. (In die Griekse mitologie word sy Aphrodite genoem.)


Kaaps

- Dit is 'n geldige variant van Afrikaans, net soos byvoorbeeld Namakwalands. Kaaps of Kaapse Afrikaans word algemeen in veral die Wes-Kaap gebruik.
- Vir digters soos Peter Snyders wat met Kaaps grootgeword het, is dit natuurlik en oortuigend om in Kaaps te skryf – dit is die taal van die gewone mense.
- Woorde soos "jy", "jou", "so", "uit" en "steek" word in Kaaps as "djy", "djou", "soe", "yt" en "stiek" uitgespreek.

Woordeskat-aktiwiteit


Hoe word die volgende woorde in die gedig in Kaapse Afrikaans geskryf?

1. so
2. dit/daardie
3. knipoog
4. Jy
5. soos
6. jy is
7. uit
8. steek uit



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Opsomming

Die spreker wonder of die vonkelende aandster 'n boodskap (knipoog) van sy meisie vir hom stuur. Hy voel sy is so naby soos die helderste ster aan hom en net die spoed van 'n gedagte weg van hom. Hy sê sy moet ná haar aandklas die boodskap wat hy vir haar by Venus los, afhaal. Sy sal sy boodskap aan die soentjie op die koevert herken.

Summary

The narrator wonders whether the twinkling evening star is sending a message (wink) to him from his girlfriend. He feels she is as close to him as the brightest star and only the speed of a thought removed from him. He says she should reach out after her evening class to collect the message that he is leaving for her with Venus. She will recognise his message by die kiss on the envelope.

Ontleding

Titel

Die titel verwys na Venus, die aandster en die Romeinse godin van liefde, wat boodskappe tussen die spreker en sy meisie oordra.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Strofe 1

In strofe 1 herinner (*reminds*) die vonkeling van die aandster die spreker aan 'n knipoog. Hy wonder of dit 'n boodskap van sy meisie aan hom is.

Die **assonansie** in "aandster ... vanaand" en die **alliterasie** in "aandster vonkel soe speels vanaand" (versreël 1) bind die woorde en skep ritme.

Die **woordkeuse** van "speels" help om 'n speelse, ligte **toon** te skep. Wanneer die aandster as "speels" beskryf word, is dit 'n voorbeeld van **personifikasie**.

Mense **knipoog** vir mekaar as hulle 'n geheim deel of 'n spesiale verstandhouding (*understanding*) het. Hier wonder die spreker of die aandster vir hom sê dat sy meisie vir hom geknipoog het.

In versreël 1 en 2 dui "soe" (in plaas van "so") en "daai" (dit/daardie) aan dat **Kaapse Afrikaans** in die gedig gebruik word.

Daar is verskeie **ooreenkomste** tussen versreël 3 en 4: Albei is kort, albei bestaan uit 'n voorsetsel (*preposition*) en 'n voornaamwoord (*pronoun*) en albei is ingekeep (*indented*). Die **inkeping** wys die beweging van 'n boodskap vanaf die aangesprokene na die spreker.

Die vraag aan die einde van strofe 1 is 'n **retoriese vraag**, want geen antwoord word verwag nie.

Strofe 2

Die **vergelyking** in versreël 5 en 6 wys die spreker voel die aangesprokene is so naby soos die helderste ster. Die helderste ster is die planeet Venus, die aandster, wat by versreël 1 aansluit.

Die **alliterasie** in "soe naby / soes die helderste ster" en die **assonansie** in "soe naby / soes die helderste ster" (versreël 5 en 6) help om die versreëls ritmies te maak.

Die **metafoor** in versreël 7 en 8 wys hoe naby die spreker aan die aangesprokene voel – sy is net die spoed van 'n gedagte, wat baie vinnig is, van hom af weg.

Die **verkorte vorm** "djy's" (versreël 7) sluit by die informele, speelse toon van die gedig aan. Die **alliterasie** in "djy's die spoed van 'n gedagte" dra tot die ritme by.

Die woord "weg" (versreël 8) vorm 'n **teenstelling** met "naby" (versreël 5).

Die **enjambement** tussen versreël 5 en 6 en tussen versreël 7 en 8 help om die strofe vloeiend te maak.

Strofe 3

> Let op, hierdie strofe bestaan uit **vyf versreëls**; nie vier soos in die bundel *Verskuns* nie.

In hierdie strofe verander die **fokus** vanaf die aangesprokene na die spreker – Strofe 3 begin met "Ek", terwyl strofe 2 met "Djy" begin.

Die woord "boodskap" in versreël 9 sluit by "boodskapper" in die **titel** aan.

"Venus" (versreël 10) sluit aan by "aandster" (versreël 1), want die planeet Venus word ook die aandster genoem. Venus verwys egter ook na die Romeinse godin van liefde. Die woord het dus 'n **dubbele betekenis**. Die verwysing na die godin van liefde sluit by die **liefdestema** van die gedig aan.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die woorde "vir jou" in versreël 10 vorm 'n teenstelling met "van jou" in versreël 3.

Die **aandagstreep** aan die einde van versreël 10 dui aan meer inligting volg oor die boodskap wat die spreker vir die aangesprokene los.

In versreël 11 kom ons agter die aangesprokene is 'n **student** wat aandklasse bywoon. Die woord "aandklas" sluit aan by "aandster" (versreël 1) en dui aan watter **tyd van die dag** die spreker die boodskap los.

Die **enjambement** tussen versreël 11 en 12 veroorsaak dat "aandklas" aan die einde van 'n versreël en "kom" aan die begin van 'n versreël staan, wat albei beklemtoonde posisies is.

In versreël 12 staan die **werkwoorde** "kom" en "stiek yt" (steek uit) langs mekaar, wat die klem plaas op wat die spreker wil hê die aangesprokene moet doen.

In versreël 12 en 13 beklemtoon en bind die **alliterasie** in "hand / haal" en die **assonansie** in "hand / haal dit af" die woorde en dra tot die ritme by.

Die **inkeping** in versreël 13 maak die tempo stadiger.

Die **dubbelpunt** aan die einde van strofe 3 wys dat inligting oor die boodskap volg.

Strofe 4

In die laaste strofe sê die spreker vir sy meisie hoe sy sal weet watter boodskap vir haar is – daar is 'n soentjie op die omslag/koevert.

Die woord "soentjie" (versreël 15) sluit by die **liefdestema** aan.

Die **verkleinwoorde** "briefie" en "soentjie" pas goed by die liefdevolle manier waarop die spreker met sy meisie praat.

Die **alliterasie** en **assonansie** in "dis die briefie / met die soentjie" help om ritme te skep. Die feit dat versreël 14, 15 en 16 elkeen uit **vier lettergrepe** bestaan, maak die strofe ook ritmies.

Die **inkeping** in versreël 16 maak die tempo stadiger. Die **assonansie** in "op die omslag" bind die woorde en skep ritme.

Samevatting

Uiterlike bou: Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n **vrye vers** waarin daar geen vaste strofebou of rymvorm is nie. Die **kort woorde** en die **herhaling van woorde en klanke** skep ritme en eenheid.

Toon: Die toon en stemming is van die begin af lig en speels, maar daar is tog 'n dringendheid (*urgency*) in hoe graag die spreker wil hê dat die aangesprokene sy boodskap van liefde moet kry.

Punktuasie: Min leestekens word gebruik – slegs 'n vraagteken, 'n aandagstreep, 'n komma en 'n dubbelpunt. Die gebrek aan leestekens sluit by die vryeversvorm aan. Die leestekens wat wel gebruik word, het elkeen 'n baie spesifieke funksie.

Tema

Downloaded from eduresourceza.com

Die gedig – die boodskap – is 'n verklaring (*declaration*) van liefde

Belangrikste elemente

Vrye vers	Geen vaste struktuur of rymskema nie.
Kaaps	Versterk die ligte, informele toon.
Personifikasie	Die aandster vonkel "speels".
Retoriese vraag	Die spreker wonder of die aangesprokene vir hom geknipoog het.
Vergelyking	"Djy is so naby / soes die helderste ster"
Metafoor	"djy's die spoed van 'n gedagte"
Herhaling	"aandster", "helderste ster"
Enjambement	Maak gedig vloeiend.
Dubbele betekenis	Venus – aandster en godin van liefde
Teenstelling	"vir jou" – "van jou", "naby" – "weg van my"
Alliterasie	Alliterasie bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "aandster vonkel soe speels vanaand" (versreël 1), "soe naby / soes die helderste ster" (versreël 5, 6), "djy's die spoed van 'n gedagte" (versreël 7), "hand / haal" (versreël 12, 13), "dis die briefie / met die soentjie" (versreël 14, 15).
Assonansie	Assonansie bind woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "aandster ... vanaand" (versreël 1), "soe naby / soes die helderste ster" (versreël 5, 6), "hand / haal dit af" (versreël 12, 13), "dis die briefie / met die soentjie" (versreël 14, 15), "op die omslag" (versreël 16).

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. In watter twee sinne sou die hele strofe 1 verdeel kon word? Herskryf dit met die nodige hoofletters en leestekens. (2)

Wenk: Lees strofe 1 hardop en luister waar die eerste sin eindig en die tweede sin begin.

Die aandster vonkel so speels vanaand.
Was daai 'n knipoog van jou na my?

2.1 Skryf 'n vergelyking uit strofe 2 neer. (1)

2.2 Wat word vergelyk? (2)

Wenk: Maak seker jy verstaan wat 'n vergelyking is. In 'n vergelyking word twee dinge met behulp van die woorde "soos", "net soos" of "nes" vergelyk.

2.1 *"Djy is so naby / soes die helderste ster"*

2.2 *Die spreker vergelyk die nabyheid van die aangesprokene met die nabyheid van die aandster/Venus.*

3. Na watter implisiete en eksplisiete boodskappe word daar in die gedig verwys? (2)

Wenk: Soek watter boodskap(pe) implisiet genoem word en watter boodskap(pe) eksplisiet genoem word.

Implisiet: Die spreker wonder of die aandster 'n knipoog van die aangesprokene vir hom stuur.
Eksplisiet: Die spreker los vir sy meisie 'n liefdesboodskap by Venus.
Nog 'n moontlikheid:
Implisiet: Die gedig self is 'n liefdesboodskap van die spreker aan die aangesprokene.

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vrae

1. Wie of wat is die boodskapper wat in die titel genoem word? (2)
2. Wie is die spreker en die aangesprokene in die gedig? (2)
3. Skryf versreël 1 neer en onderstreep die klanke wat allitereer. (2)
4. Skryf versreël 1 neer en onderstreep die klanke wat assoneer. (1)
5. Noem twee funksies van die alliterasie en die assonansie in versreël 1. (2)
6. 6.1 Wat "sê" 'n mens vir iemand as jy vir hom of haar knipoog? (2)
   6.2 Watter boodskap kan met die knipoog in strofe 1 oorgedra word? (1)
7. Noem drie ooreenkomste tussen versreël 3 en 4. (3)
8. Wat noem 'n mens die soort vraag wat in strofe 1 gestel word? (1)
9. Waarom is die inkeping in strofe 1 doeltreffend? (1)
10. Wat word gedoen om die vergelyking in strofe 2 selfs sterker te stel? (1)
11. By watter woord in strofe 1 sluit "helderste ster" (strofe 2) aan?
12. 12.1 Hoe weet ons die spreker voel dat sy meisie baie vinnig by hom sal kan uitkom? (1)
    12.2 Watter vorm van beeldspraak kom in versreël 7 en 8 voor? (1)
13. Hoe verskil die manier waarop strofe 2 en strofe 3 begin? (2)
14. Vergelyk die twee betekenisse van Venus in die gedig. (2)
15. Watter inligting gee die gedig oor die aangesprokene? (1)
16. 16.1 By watter woord in strofe 1 sluit "aandklas" in strofe 3 aan? (1)
    16.2 Wat is die funksie van hierdie herhaling? (1)
17. Wat, wil die spreker hê, moet die aangesprokene in strofe 3 doen? Verduidelik. (2)
18. Wat is die funksie van die volgende leestekens in strofe 3?
    18.1 die aandagstreep (1)
    18.2 die dubbelpunt (1)
19. Wat is die tema van die gedig? (1)
20. Hoe weet jy dat hierdie gedig 'n vrye vers is? Gee twee redes. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Die boodskapper (bl. 53)

Downloaded from eduresourceza.com

1.	soe	2.	daai	3.	knipoeg
4.	Djy	5.	soes	6.	djy's
7.	yt	8.	stiek yt		

Die boodskapper (bl. 58)

1. Dit is die aandster, Venus, of dit is Venus, die godin van liefde, wat as boodskapper tussen die spreker en die aangesprokene optree. (2)
2. Die spreker is verlief op die aangesprokene. Die aangesprokene is die persoon op wie die spreker verlief is – hy wil sy liefde aan haar verklaar. (2)
3. "Die aandster vonkel soe speels vanaand" (2)
4. "Die aandster vonkel soe speels vanaand" (1)
5. Dit bind woorde. Dit maak die versreël ritmies. (2)

6.1 Jy sê julle deel 'n geheim of het 'n spesiale verstandhouding. (2)

6.2 Die aangesprokene hou van of is verlief op die spreker. (1)

7. Albei is ingekeep.
   Albei bestaan uit 'n voorsetsel en 'n voornaamwoord.
   Albei is kort. (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8. 'n Retoriese vraag (1)

9. Een van die volgende:
Dit vestig die aandag op die "jou" en "my" tussen wie die boodskappe gedra moet word.
Dit laat 'n mens stadiger lees. (1)

10. Die s-klank alliteereer. (1)

11. "aandster"

12.1 Hy sê sy is net "die spoed van 'n gedagte" weg van hom. (1)

12.2 Metafoor (1)

13. Strofe 2 begin met "Djy"; strofe 3 begin met "Ek". (2)

14. Die planeet Venus verwys na die aandster en Venus verwys ook na die Romeinse godin van liefde. (2)

15. Sy woon aandklasse by; sy is dus 'n student (moontlik 'n deeltydse student). (1)

16.1 "aandster" (1)

16.2 Dit bevestig dat die gebeure in die aand plaasvind (wanneer die aandster sigbaar is en wanneer die aangesprokene aandklas toe gaan). (1)

17. Hy sê hy wil hê sy moet haar hand uitsteek en die boodskap van Venus neem. Die spreker bedoel eintlik hy wil hê sy moet na die aandster kyk en besef hoe lief hy vir haar is. (2)

18.1 Dit brei uit op wat die spreker wil hê die aangesprokene moet doen. (1)

18.2 Dit dui aan daar gaan verduidelik word wat "dit" is. (1)

19. 'n Verklaring van liefde. (1)

20. Enige twee van de volgende:
Daar is geen vaste strofebou nie.
Daar is geen vaste rymskema nie.
Die lengte van die versreëls wissel. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

(*Verskuns*, bl. 102)

Agtergrond

Die naam van die nuwe seun in die gedig is Hector Sobukwe. Die volgende inligting sal jou help om die belangrikheid van sy naam te verstaan.

Hector Pieterson

Die 13-jarige Hector Pieterson was een van die eerste kinders wat tydens die jeugopstand van 1976 in Soweto gesterf het.

Op 16 Junie 1976 het kinders in Soweto aan 'n protesoptog deelgeneem in reaksie op die Onderwysdepartement se besluit dat swart kinders voortaan die helfte van hul skoolvakke in Afrikaans sou moes doen. Toe die polisie die kinders beveel om uiteen te gaan, het die konfrontasie gewelddadig geraak. Verskeie kinders, onder andere Hector Pieterson, is geskiet. Hierdie jeugprotes het vinnig tot 'n opstand ontwikkel wat na baie dele van die land versprei het.

Sam Nzima se foto van Mbuyisa Makhubu, wat die noodlottig gewonde Hector Pieterson dra terwyl sy suster, Antoinette, langs hulle hardloop, is wêreldwyd gepubliseer en het 'n ikoniese beeld van die opstand geword.

Vandag is 16 Junie Jeugdag, wanneer Suid-Afrika hulde bring aan die jeug en op hul behoeftes fokus.

Antoinette Sithole, Hector se suster, begelei deesdae toere in die Hector Pieterson Museum in Soweto. Lees gerus haar verhaal in *"Hector's sister tells the story still, 38 years later"*, wat op 16 Junie 2014 gepubliseer is op https://www.brandsouthafrica.com/people-culture/arts-culture/hector-s-sister-tells-the-story-still-38-years-later-o.

Hector

In die Griekse mitologie was Hector (of Hektor) 'n Trojaanse prins en 'n dapper vegter in die Trojaanse oorlog. Hy was getroud met Andromachne en was 'n leier van die Trojaanse leër toe Troje deur die Grieke aangeval is. Hy is as vredeliewend, bedagsaam, dapper en as 'n goeie seun, man en vader beskou.

Hector speel 'n belangrike rol in die rolprente *Helen of Troy* (2003) en *Troy* (2004).

Robert Sobukwe

Robert Mangaliso Sobukwe (1924–1978) was 'n stigterslid en die eerste president van die Pan Africanist Congress (PAC).

Nadat hy sy graad aan die Universiteit van Fort Hare behaal het, was hy 'n onderwyser, dosent en later prokureur. Vroeg in 1960 was Sobukwe aktief betrokke by die PAC se veldtog teen passe, waartydens 69 mense op 21 Maart tydens 'n protes in Sharpeville doodgeskiet is.

Sobukwe se welsprekendheid, sy intelligensie en sy toewyding aan die vryheidstryd het hom 'n uitstekende leier gemaak. Een van sy bekende stellings was: "*There is only one race, the human race.*"

Sobukwe was van 1960 tot 1969 in die tronk, waarvan die laaste ses jaar op Robbeneiland. Daarna was hy in huisarres in Kimberley. In 1970 is hy 'n pos as dosent by 'n universiteit in Amerika aangebied, maar die Suid-Afrikaanse regering het hom nie toegelaat om te gaan nie.

Hy is in 1978 oorlede.

Vandag is 21 Maart Menseregtedag, wanneer Suid-Afrikaners hulde bring aan die mense wat vir ons vryheid geveg het en ons op die waarde van ons menseregte fokus.

Woordverklarings

bedees (*shy*) – skaam

eenkant (*away from the others*) – op sy eie

hys (*hoist*) – span, trek op

in jou spore (*in your tracks*) – net waar jy staan

knik (*nods*) – beweeg kop vinnig af

koningskind (*child of royal blood*) – spesiale kind; kind van koninklike afkoms

mas (*mast*) – regop paal waaraan 'n skip se seile vas is

pen ... vas (*pin down*) – hou vas; hou in een ruimte

skaam (*shy*) – verleë

skooldrag (*school uniform*) – skoolklere

Tupperware-bakkie (*Tupperware container*) – plastiekhouer vir kos

vaar (*sails*) – beweeg oor water

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Woordeskat-aktiwiteit

By watter woord in die gedig pas elke beskrywing?

1. 'n groep leerders in dieselfde graad wat saam onderrig word
2. die uniform wat leerders skool toe dra
3. 'n manlike onderwyser
4. instruksies vir hoe dinge gedoen moet word
5. die kind van 'n koning
6. ongemaklik en senuweeagtig
7. dankie sê
8. die handelsnaam vir 'n soort koshouer
9. tye gedurende die skooldag wanneer daar nie klasse is nie en jy kan rus of eet
10. apart, weg van die ander
11. dink aan die dinge wat jy graag sou wou hê, maar wat nog nie moontlik is nie
12. 'n lang, regop paal waaraan die seile van 'n seilskip of 'n vlag gehang word
13. al die ribbes wat die borskas vorm
14. met/in 'n vaartuig oor water beweeg
15. die tyd wat nog moet kom

Die nuwe kind – Pieter Strauss

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
"'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
Maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier ...

Die "ons" – die spreker en sy klasmaats – se houding is vyandig.

Aksenttekens wys klasmaats wil nie hul uniform en meneer deel nie.

Naam herinner aan Hector Pieterson, Robert Sobukwe en mitologiese Hector.

Seun gedra hom goed.

Kosblik goeie kwaliteit

Lei teenstelling in.

Lang klanke vertraag tempo.

Kort klanke versnel tempo.

Toekoms is nog ver.

Sy tekeninge is soos 'n seilboot waarin hy wegvaar.

Dubbelpunt wys verduideliking volg.

Let op die herhaling van "ons" in strofe 1.

Nuwe kind se uniform en hare netjies.

Onderwyser se woorde

"Bedees" skakel met "skaam".

Seun pas in by klasmaats.

Kommas beklemtoon "alleen".

Uitgebreide metafoor

Prente kom uit sy hart.

Elke strofe is 'n kwatryn waarin paarrym gebruik word.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

Die klasmaats van die nuwe kind, Hector Sobukwe, voel vyandig teenoor hom omdat hy swart en hulle wit is. Hulle beskou hom as 'n indringer, al is sy uniform en sy haarstyl soos dit moet wees. Die onderwyser verwelkom hom egter vriendelik. Pouses eet Hector sy toebroodjies eenkant, weg van die ander kinders, en droom. Maar in die kunsklas skep hy met sy pen prente wat hom, soos op 'n seiljag, die toekoms in laat wegvaar. Sy kuns bevry hom van die hede.

Summary

The classmates of the new child, Hector Sobukwe, feel hostile towards him because he is black and they are white. They regard him as an intruder even though his uniform and hair cut are as they should be. The teacher, however, welcomes him warmly. During break Hector eats his sandwiches on his own, away from the other children, and dreams. But in the art class he creates pictures with his pen. These pictures make him sail away into the future, as if he is on a yacht. His art liberates him from the present.

Ontleding

Titel

Die titel verwys na Hector Sobukwe, die nuwe seun in die skool.

Strofe 1

"Ons" in versreël 1 verwys na die **spreker** en sy klasmaats en "jou" verwys na die nuwe seun.

Die **woordkeuse** van "pen" in "pen ... vas" is doeltreffend, want "pen" kan na 'n skerp voorwerp verwys. Dit bevestig (*confirms*) die kinders se vyandigheid (*animosity*) teenoor die nuwe seun. Die versreël beteken dus die kinders staar so stip en vyandig na die nuwe seun dat hulle hom amper vasvang sodat hy nie kan beweeg nie. Die woord "pen" sluit ook aan by "pen" in strofe 4. Die **dubbelpunt** aan die einde van versreël 1 wys dat 'n verduideliking van "jou" gaan volg.

Die woorde "die nuwe kind" in versreël 2 is 'n herhaling van die **titel**. Die woorde "in ons klas" wys die **konteks** is 'n skool. Die **alliterasie** in "kind ... klas" bind die woorde.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Die **aksentbeweging** in "óns" en die herhaling van "éna" wys dat die kinders die nuwe kind wil uitsluit. Hulle is **besitlik** oor hul skooldrag en hul onderwyser en beskou die nuwe seun as 'n indringer.

Versreël 3 en 4 wys die nuwe seun lyk net soos wat hy moet lyk – hy dra die regte skoolklere en sy hare is netjies.

Strofe 2

Die nuwe seun se **naam**, Hector Sobukwe, roep die name van twee bekende Suid-Afrikaners op. Hector Pieterson en Robert Sobukwe was albei deel van die vryheidstryd in Suid-Afrika. Die naam Hector herinner 'n mens ook aan die prins in die Griekse mitologie wat 'n dapper vegter was. Lees die inligting oor hierdie drie figure op bladsy 59 onder "Agtergrond".

In versreël 5 en 6 hoor die klas hoe hul onderwyser Hector se naam sê en dan "'n koningskind" byvoeg. Die onderwyser noem Hector 'n koningskind as gevolg van sy naam, wat 'n mens aan besondere mense herinner.

Die **aandagstreep** na "koningskind" (versreël 6) wys 'n uitbreiding volg. Die woorde "al is jy skaam" is onverwags vir 'n koningskind, want 'n koningskind is dikwels vrymoedig (*confident*); 'n nuwe kind in 'n klas is egter dikwels skaam. Die **alliterasie** in "koningskind ... skaam" bind die woorde en gee ritme.

Versreël 7 en 8 beskryf die seun se **optrede** – hy knik "bedees" (wat by "skaam" in versreël 6 aansluit) asof hy vir die klas dankie sê en gaan sit dan stil in sy bank. Waarvoor kan die seun die klas bedank? Moontlik omdat hy in die skool en klas toegelaat (*allowed*) is. Wanneer die seun "stil" in sy bank gaan sit, gedra hy hom net soos wat enige nuwe kind hom behoort te gedra. Die **alliterasie** en **assonansie** in "gaan sit dan stil" bind die woorde en dra tot die ritme by.

Strofe 3

In strofe 3 verander die **ruimte** vanaf die klas na die speelgrond gedurende pouse.

In versreël 9 word genoem dat die seun "soos dit hoort" sy toebroodjies uit 'n Tupperware-bakkie haal. Dit beteken hy is baie soos die ander kinders, want dit is algemeen om kos in 'n Tupperware-bakkie skool toe te bring.

Die voegwoord "maar" waarmee versreël 11 begin, wys 'n **teenstelling** volg: Hy bring dalk sy kos in dieselfde soort bakkie as die ander kinders, maar gedurende pouse is hy "eenkant, alleen" – op sy eie.

Die **betekenis** van die woorde "eenkant" en "alleen" (versreël 11) is baie dieselfde en bevestig die seun se afsondering (*isolation*) van die ander kinders. Die **kommas** voor en na "alleen" help ook om die betekenis van die woord te versterk.

Die **assonansie** van die **lang klanke** in versreël 11 en 12 vertraag die tempo: "maar eenkant, alleen, onder 'n boom / gaan staan jy dan en droom".

Die **alliterasie** in "dan ... droom" (versreël 12) beklemtoon die woorde. Ons leer iets meer oor die nuwe seun – hy is 'n dromer.

In hierdie strofe word nog 'n **ooreenkoms** tussen die nuwe seun en die ander kinders genoem – hy bring sy toebroodjies in dieselfde soort bakkie skool toe. Die **verskil** is egter dat hy tydens pouse alleen, weg van die ander, is.

Strofe 4

Strofe 4 bevat die **kern** van die gedig en gee verdere insig in die nuwe kind. In die kunsklas kry hy vlerke en die tekeninge wat hy maak, is soos 'n seiljag waarmee hy tot in die verre toekoms kan vaar. Deur kuns word hy dus van die hede (*present*) met sy probleme en beperkinge (*limitations*) bevry.

Downloaded from eduresourceza.com

In versreël 13 begin 'n **uitgebreide metafoor** wat in die res van die strofe voortgesit word: Sy pen word die mas van 'n skip; sy tekeninge word die seile wat teen die mas gehys word; sy tekeninge kom uit sy "ribbekas", dit wil sê uit sy hart; die wit papier waarop hy teken, is 'n metafoor van die see waarop hy die toekoms in vaar. Sy kuns maak dit dus vir hom moontlik om uit die hede te ontsnap.

Die woord "pen" in versreël 13 sluit aan by "pen" in versreël 1, maar hier het dit 'n **positiewe konnotasie** terwyl dit in versreël 1 'n **negatiewe konnotasie** het.

Die **werkwoord** "hys" in versreël 14 sluit eerstens aan by seile (*sails*) – die seun se tekeninge kan soos seile wees wat hom help om weg te vaar. Dit kan ook herinner aan 'n vlag (*flag*) wat gehys word en wat hom kan identifiseer.

In versreël 13 bind **alliterasie** die woorde "weg" en "wit".

Die gebruik van "nog" in versreël 16 impliseer dat die toekoms nie ver gaan bly nie; dit gaan nader kom. Die **ellips** aan die einde van die gedig sluit aan by die vaart wat nog lank sal voortgaan.

Samevatting

Uiterlike bou: Die gedig bestaan uit vier **kwatryne**. **Paarrym** word oral gebruik.

Progressie: Ons sien eers die nuwe kind as skaam en bedees, daarna as 'n buitestander en uiteindelik as 'n kreatiewe persoon wat vervulling in sy kuns vind.

Tema

Kuns is bevrydend en kan 'n mens help om uit jou hede te ontsnap.

Belangrikste elemente

Strofebou en rym	Vier kwatryne met paarrym
Naam	Hou verband met Hector Pieterson, Hector uit die mitologie en Robert Sobukwe.
Herhaling	Byvoorbeeld: "pen" (versreël 1 en 13), "óns skooldrag ... óns meneer" (versreël 3).
Metafoor	Uitgebreide metafoor in die pen wat 'n mas word, tekeninge wat seile word en wit papier wat die see word.
Alliterasie	Alliterasie bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "kind ... klas" (versreël 2), "koningskind ... skaam" (versreël 6), "gaan sit dan stil" (versreël 8), "dan ... droom" (versreël 12), "weg oor wit" (versreël 15).
Assonansie	Assonansie bind woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "sit dan stil" (versreël 8), "maar eenkant, alleen, onder 'n boom / gaan staan jy dan en droom" (versreël 11, 12).

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Skryf die gedig se rymskema neer. (1)
   Wenk: Gebruik kleinletters en plaas 'n spasie tussen strofes.
   aabb ccdd eeff gghh
2. Wat is die funksie van die herhaling en die aksenttekens in versreël 2? (2)
   Wenk: Kyk na hoe die herhaling en die aksenttekens die betekenis van die versreël beïnvloed.
   Dit wys die kinders is besitlik oor hul skooldrag en hul onderwyser en hulle wil nie hê die nuwe seun moet in hulle [illegible]

Downloaded from edurosourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3. Noem twee ooreenkomste, behalwe hul name, tussen Hector Sobukwe en Hector Pieterson. (2)

Wenk: Lees weer die agtergrondinligting op bladsy 59. Onthou, 'n ooreenkoms verwys na iets wat dieselfde is.

Albei is jonk/kinders/op skool; albei is dapper.

Vrae

1. Wie is die "ons" in versreël 1? (1)
2. Verduidelik versreël 1 in jou eie woorde. (2)
3. Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van versreël 1? (1)

4.1 Skryf versreël 2 neer en onderstreep die alliterasie. (1)

4.2 Wat is die funksie van die alliterasie? (1)

5. Wat vind ons in strofe 1 uit oor:
   - 5.1 die kinders in die klas? (2)
   - 5.2 die nuwe kind? (2)
6. Wie sê die woorde in versreël 5? (1)

7.1 Watter ander Hector was 'n koningskind? (1)

7.2 Wat bedoel die onderwyser as hy die nuwe seun 'n "koningskind" noem? Noem twee dinge. (2)

8. In die agtergrondinligting op bladsy 59 verskyn 'n bekende aanhaling van die politieke leier Robert Sobukwe: "*There is only one race, the human race.*"
   - 8.1 Dink jy die nuwe kind se klasmaats stem saam met Robert Sobukwe se woorde? Waarom sê jy so? (2)
   - 8.2 Dink jy die onderwyser stem saam met Sobukwe? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
9. Skryf twee woorde uit versreël 6 en 7 neer wat by mekaar aansluit. (1)
10. Wat word met die s-alliterasie in versreël 8 bereik? Noem twee dinge. (2)
11. Hoe verander die ruimte wat beskryf word in strofe 3? (2)

12.1 Wat sê die woorde "soos dit hoort" (versreël 9) van die nuwe seun? (1)

12.2 Wat anders omtrent die nuwe seun is ook "soos dit hoort"? Noem drie dinge. (3)

13. Wat dui die woord "maar" (versreël 11) aan? (1)
14. Hoe word die woord "alleen" uitgelig? (1)

15.1 Skryf versreël 11 neer en onderstreep die assonansie. (2)

15.2 Wat is die funksie van die assonansie? (1)

16. Hoe word die tempo in versreël 11 en 12 vertraag? (1)
17. Wat stel die volgende in strofe 4 voor?
    - 17.1 die pen
    - 17.2 die prentjieseile
    - 17.3 dit wit papier (3)
18. Watter vorm van beeldspraak kom in strofe 4 voor? (1)
19. By watter enkele woord in strofe 3 sluit die beskrywing in strofe 4 aan? (1)
20. Verduidelik die woorde "uit jou ribbekas" (versreël 14). (1)
21. Watter middel word gebruik om ritme in versreël 15 te skep? (1)
22. Noem een verskil tussen hoe die nuwe seun in strofe 3 en in strofe 4 uitgebeeld word. (2)

23.1 Lees weer versreël 2 en verduidelik dan waar "hier" in strofe 4 is. (1)

23.2 Watter ander betekenis kan "hier" hê? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

24. Wat is die funksie van die ellips aan die einde van versreël 16? (1)
25. Wat beteken sy kuns vir die nuwe seun? (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Die nuwe kind (bl. 60)

1.	klas	2.	skooldrag	3.	meneer
4.	reëls	5.	koningskind	6.	skaam
7.	bedank	8.	Tupperware	9.	pouses
10.	eenkant	11.	droom	12.	mas
13.	ribbekas	14.	vaar	15.	toekoms

Die nuwe kind (bl. 64)

1. Die spreker en sy klasmaats. (1)
2. Die spreker en sy klasmaats kyk so stip en vyandig na die nuwe seun dat hy as 't ware nie kan beweeg nie. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Dit wys 'n verskuiwing van ... gaan volg. (1)
"die nuwe kind hier in ons klas" (1)
Dit bind die woorde. / Dit skep ritme. (1)
Enige twee van die volgende:
Hulle is besitlik oor hul skooldrag en hul onderwyser.
Hulle wil nie die nuwe seun in hul kring toelaat nie.
Hulle is rassisties. (2)
Sy skoolklere en hare is soos wat dit moet wees. (2)
Die onderwyser (1)
Die mitologiese Hector was 'n prins; dus 'n koningskind. (1)
Enige twee van die volgende:
Hy bedoel die nuwe seun is 'n baie spesiale persoon.
Die nuwe seun se naam en van maak hom baie spesiaal omdat dit aan Hector Pieterson en Robert Sobukwe herinner.
Die naam Hector maak van die nuwe seun 'n koningskind, soos die mitologiese figuur. (2)
Nee, hulle voel bedreig deur of vyandig teenoor die nuwe seun omdat hy swart is.
Hulle beskou hom nie as hul gelyke nie. (2)
Ja, hy verwelkom die nuwe seun op 'n hartlike manier en behandel hom as 'n individu. (2)
"skaam", "Bedees" (1)
Dit bind die woorde en skep ritme. (2)
In strofe 1 en 2 is die ruimte die klaskamer; in strofe 3 is dit die speelgrond gedurende pouse. (2)
Hy doen alles net soos daar van 'n leerder verwag word. (1)
Hy het die korrekte skoolklere.
Sy hare is kort gesny.
Hy gaan sit stil in sy bank. (3)
Dit wys dat inligting wat 'n teenstelling met die vorige versreël vorm, gaan volg. (1)
Deur die komma voor en na die woord. (1)
"maar eenkant, alleen, onder 'n boom" (2)
Dit bind en beklemtoon die woorde "eenkant" en "alleen". (1)
Deur die gebruik van lang vokale ("maar eenkant, alleen, onder 'n boom / gaan staan jy dan en droom"). (1)
Die mas van 'n seiljag.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

17.2 Die tekeninge wat die seun maak.

17.3 Die see/water waarop die seiljag vaar. (3)

18. Metafoor (1)

19. "droom" (1)

20. Die tekeninge wat die seun maak, kom uit sy hart/binneste. Hy druk sy gevoelens daarin uit. (1)

21. Alliterasie (1)

22. In strofe 3 is hy 'n buitestander; in strofe 4 is hy 'n kreatiewe kunstenaar. (2)

23.1 Dit is by die skool. (1)

23.2 Dit kan beteken hier waar daar rassespanning is wat (hopelik) in die toekoms gaan verdwyn. (1)

24. Dit wys hoe lank die vaart in die toekoms in is. (1)

25. Dit is bevrydend en help hom om van sy werklikheid by die skool te ontvlug. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

By die robot in Eerstelaan - Marita van Aswegen

(*Verskuns*, bl. 108)

Woordverklarings

bande (*tyres*) – wiele

dowwe (*dim*) – nie helder nie

gedwee (*submissively*) – sonder om te stry, gehoorsaam

girts (*crunch*) – klank van skoene op teer

ingehaak (*with linked arms*) – met arms deur mekaar s'n gesteek

jil (*tease*) – terg

klik (*clicks*) – maak 'n vinnige geluid

klingel (*jingle*) – geluid wat geld maak

knars (*grind*) – klank van motorbande op teer

koer (*coo*) – geluid wat duiwe maak

lam (*exhausted*) – baie moeg

lêplek (*sleeping place*) – plek waar 'n mens of dier slaap

opwaarts (*upward*) – na bo

swik (*stumbles*) – amper val

tot stilstand (*to a halt*) – tot dit ophou beweeg

tsotsi (*tsotsi*) – skelm


verkeerslig (*traffic light*) – rooi, oranje en groen lig wat verkeer beheer; robot

Agtergrond

By verkeersligte sien 'n mens soms 'n blinde bedelaar (*beggar*) wat deur iemand rondgelei word om by die motoriste te bedel. Dit gebeur soms dat gestremde (*disabled*) mense deur hul familie of deur ander gewetenlose (*unscrupulous*) mense gedwing word om so te bedel. Die geld wat vir die bedelaar gegee word, word dan dikwels weggevat.

Woordeskat-aktiwiteit

Vul die blokkiesraaisel in met die klanknabootsende (*onomatopoeic*) woorde in die gedig wat in die leidrade beskryf word.



Leidrade

Dwars	Af
5 die geluid wat jy maak as jy jou keel skoonmaak	**1** die geluid wat die verkeerslig maak as dit verander
7 die geluid wat skoene op teer maak	**2** 'n fyn, hoë geluid maak
9 die geluid wat motorbande maak wat vinnig tot stilstand kom	**3** die geluid van motorbande wat tot stilstand kom
12 die geluid wat muntstukke in 'n blikkie maak	**4** die geluid van 'n motorruit wat afgedraai word
	5 die geluid wat 'n slang maak
	6 die geluid wat 'n bewegende bus maak
	8 die geluid wat 'n fietsklokkie maak
	10 die geluid wat duiwe maak
	11 die geluid wat 'n harde enjin of 'n leeu maak

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en seer

'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en 'n kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

Die voete van die blinde en van die tsotsi.

Robot = verkeerslig

Eerstelaan = straatnaam

"sy": die blinde s'n

Herhaling van "so"

Ingehaak omdat hy blind is en omdat hy gedwing word om te bedel.

Blikkie wat blinde vashou.

Hy is heel moontlik honger.

Tsotsi behandel hom rof.
Hy kan nie sien nie.

Tsotsi dreig blinde.

Geluid wat 'n slang maak.

Blinde bang en magteloos.

Blinde is in tsotsi se mag.

k-alliterasie boots klanke na.

Onsiende oë

Klanknabootsing

Klanknabootsing

Blinde wil liewer sterf.

Klanknabootsing

Dogtertjie is simpatiek.

Draai kop skuins om beter te hoor.

Vrou voel jammer vir blinde.

Tsotsi wreed.
Bly oor geld.

Klanknabootsing

s-alliterasie
beklemtoon woorde.

Sonder 'n eie wil

Lig word rooi.

Klanknabootsing

Hy staan die hele dag daar.

u-assonansie skep ritme.

Hy val amper oor 'n pyp.

Tsotsi koop bier met blinde se geld?

s-alliterasie

Vergelyking

Plek waar blinde slaap.

Klanknabootsing

Blinde is bang.

Teken van armoede

Sluit aan by reël 2 en 3.

Teenstelling met sy lewe as bedelaar.

Iemand gee geld.

Tsotsi ongemanierd.

Wag vir geld.

Vrou gee nog geld.

Blinde reageer nie; hoor dalk nie R10-noot in blikkie nie.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Opsomming

By 'n verkeerslig is 'n blinde bedelaar wat deur 'n tsotsi rondgelei word om by motoriste te bedel. Die blinde doen gedwee wat die tsotsi wil hê hy moet doen. Die tsotsi hanteer die blinde hardhandig en dreig hom sodat hy harder moet probeer om geld te kry. Omdat die blinde nie kan sien nie, maak hy op sy reuk en gehoor staat om te weet wat om hom aangaan. Hy is dus baie bewus van al die geluide en reuke om hom. Wanneer 'n vrou eers kleingeld en dan tien rand vir die blinde gee om kos te koop, reageer hy glad nie, maar wag net. Die tsotsi is egter baie bly oor die geld.



Summary

At a set of traffic lights a blind beggar is led around by a tsotsi so that he can beg from motorists. The blind man carries out the tsotsi's wishes submissively. The tsotsi treats the blind man roughly and threatens him so that he should try harder to get money. Because the blind man cannot see, he relies on his senses of hearing and smell to know what is happening around him, which means he is extremely aware of all the sounds and smells around him. When a woman at first gives the beggar some coins and then ten rand to buy food, he does not react at all; he only waits. The tsotsi, however, is very glad about the money.

Ontleding

Titel

Die titel verwys na die plek waar die gebeure in die gedig plaasvind – die blinde bedelaar en die tsotsi staan by 'n verkeerslig in Eerstelaan.

Strofe 1

In versreël 1 wys "twee pare voete" dat **twee mense** op die teer beweeg. Die werkwoord "girts" is 'n voorbeeld van **klanknabootsing**, want dit is die geluid wat skoene op teer maak.

In versreël 2 en 3 verwys "sy" na die blinde bedelaar. Die **herhaling** van "so" beklemtoon hoe moeg en seer sy lyf is.

Die **alliterasie** in "so styf en seer" (versreël 2) bind die woorde en maak die versreël ritmies.

Uit versreël 3 lei ons af dat die blinde die vorige dag ook moes staan en bedel.

Die **bywoord** "gedwee" in versreël 4 wys die blinde laat hom willoos deur die tsotsi lei.

Die **assonansie** in "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan" (versreël 4) bind die woorde en maak die tempo stadiger.

In strofe 1 kry ons dus die volgende inligting oor die blinde:

- Hy is saam met iemand anders.
- Sy nek en arm is styf en seer.
- Sy bene is lam omdat hy die vorige dag lank moes staan.
- Hy volg die persoon by wie hy ingehaak is, gedwee.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edureSourceza.com

Strofe 2

In hierdie strofe hoor die blinde hoe die motors tot stilstand kom – die lig het rooi geword. Hy hoor geld in sy blikkie klingel en ruik die vis-en-tjipswinkel naby die verkeerslig waar hy die hele dag staan.

Die **assonansie** in "bande knars tot stilstand" (versreël 5) bind die woorde en dra tot die ritme by.

Die **klanknabootsing** in "knars" (versreël 5) en "klingel" (versreël 6) gee die geluide van die motors en van die geld in die blikkie doeltreffend weer.

Die **alliterasie** en **assonansie** in "blikkie klingel" (versreël 6) ondersteun die klanknabootsing.

Die verwysing na die verskillende **geluide** ("knars", "klingel") en die verwysing na die **reuk** van vis en tjips is doeltreffend, want die blinde moet op sy gehoor en reuk staatmaak om te weet wat om hom aangaan.

Moontlik is die blinde baie bewus van die reuk van kos omdat hy honger is.

Strofe 3

In hierdie strofe sien ons hoe hardhandig (*roughly*) die tsotsi die blinde behandel – hy ruk en pluk sy arm en hy dreig dat hy die blinde daar sal los as hy nie meer geld kry nie. Ons sien ook hoe die tsotsi met 'n slang vergelyk word.

Die **alliterasie** en die **assonansie** in "gepluk en geruk" (versreël 9) beeld die tsotsi se aksies goed uit.

In versreël 10 sluit die **woordkeuse** van "dom" aan by die feit dat die bedelaar blind is – hy val amper oor 'n pyp omdat hy dit nie kan sien nie.

Die **enjambement** tussen versreël 9 en 10 help om die rym te verdoesel (weg te steek).

Die tsotsi se **dreigement** om die blinde daar te los, moet verskriklik vir die bedelaar wees, want wat sal hy doen as die tsotsi nie daar is om hom terug na sy slaapplek te neem nie?

Versreël 12 vestig weer die aandag op wat die blinde hoor en ruik – hy hoor hoe die tsotsi "sis" en ruik dat sy asem na bier ruik.

Die woord "sis" is 'n goeie **woordkeuse**: Dit is **klanknabootsend** en dit stel die tsotsi gelyk aan 'n slang, want dit is die geluid wat 'n slang maak.

Die **alliterasie** in "sis die tsotsi en sy asem ..." help om die versreël ritmies te maak.

Die tsotsi se **asem** wat na bier ruik, laat 'n mens dink dat hy heel moontlik die geld wat vir die blinde gegee word, gebruik om bier te koop.

Strofe 4

In strofe 4 sien 'n mens die blinde se vreesbevange (*terrified*) **reaksie** op die tsotsi se dreigement (*threat*).

In versreël 13 word die blinde se vinnige hartklop met dié van 'n bang kind **vergelyk**.

Sy groot bekommernis is hoe hy sy "lêplek" (slaapplek) sonder die tsotsi sal vind. Die **woordkeuse** van "lêplek" (versreël 14) wys dat die blinde net 'n slaapplek het en nie sy eie huis nie. Die woord "lêplek" word ook vir 'n dier se slaapplek gebruik. Dit wys dat die blinde bedelaar op 'n baie basiese vlak lewe.

In versreël 15 is "klik" en "brul" voorbeelde van **klanknabootsing**, wat die geluid weergee van die verkeerslig wat regop en die motors wat wegtrek. Die **assonansie** en **alliterasie** in "verkeerslig klik" versterk die **klanknabootsing**.

Downloaded from edureSourceza.com

Die blinde se oë is dof ("dowwe oë") eerstens omdat hy blind is, maar ook omdat hy **moedeloos** (*despondent*) is.

Downloaded from eduresourceza.com

Die woord "bewend" (versreël 16) sluit aan by "sy hart klop vinnig" in versreël 13 en bevestig hoe **bang** die blinde is.

Strofe 5

In hierdie strofe sien ons hoe arm die bedelaar is en hoe seer sy lyf van die tsotsi se hardhandige behandeling is.

Die **klanknabootsing** in "trieng, trieng" (versreël 17) sluit aan by die blinde wat op sy gehoor moet staatmaak om te weet wat om hom aangaan – hy is bewus van elke geluid. Die **assonansie** in "trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie" bind die woorde en dra tot die ritme by.

Die **alliterasie** in "stukkende sokkie" (versreël 18) beklemtoon die woorde. Dit bevestig hoe arm die bedelaar is.

Die woorde "die verkeerslig klik" (versreël 19) is 'n **herhaling** van die woorde in versreël 15. Nou verander die lig na rooi, wat beteken die motors moet stop. Die **klanknabootsing** in "klik" en "skuur" beskryf die geluide van die veranderende verkeerslig en die motors wat vinnig tot stilstand kom. Die **assonansie** en **alliterasie** in "verkeerslig klik" versterk die klanknabootsing.

Versreël 20 sluit aan by versreël 2, maar nou word daar verwys na die blinde se "arm en skouer" in plaas van sy "arm en nek" wat "styf en seer" is. Die **alliterasie** in "styf en seer" beklemtoon die woorde.

Strofe 6

In hierdie strofe is dit duidelik dat die blinde so ongelukkig is dat hy liewer wil doodgaan. Die tsotsi se swak maniere word ook duidelik.

Die **klanknabootsing** in "tjier" en "dreun" (versreël 21) gee die geluid van 'n motorvenster wat afgedraai word en die geluid van 'n bus weer. Die **alliterasie** in "motorruit tjier" versterk die klanknabootsing in "tjier".

Versreël 22 en 23 wys hoe moeg en moedeloos die blinde is – hy wens hy kan doodgaan sodat hy vir altyd kan rus.

Die **uitdrukking** "vir ewig en altyd" beteken vir altyd en beklemtoon die blinde se begeerte om te kan rus.

In versreël 24 lees ons hoe die tsotsi eers sy keel skraap en dan spoeg. Omdat die blinde die geluide ken, weet hy wat die tsotsi doen. Hier is dit duidelik dat die tsotsi geen respek vir die blinde het nie. Die **alliterasie** in "skraap sy keel en spoeg 'n straal" bind die woorde en help om die versreël ritmies te maak.

Strofe 7

In hierdie strofe word beskryf hoe iemand geld in die blinde se blikkie gooi en hoe 'n kind opmerk dat die bedelaar blind is.

In versreël 25 tot 27 is die **klanknabootsing** in "klingel" (die geluid van munte), "koer" (die geluid wat duiwe maak) en "piep" (die hoë geluid van die kind se stem) doeltreffend omdat dit aansluit by hoe die blinde deur sy gehoor waarneem wat om hom aangaan.

Die woord "stil" in versreël 25 sluit aan by "sag" in versreël 27. Omdat die verkeer vir 'n oomblik stil is, is die geluide van die geld, die duiwe en die kinders hoorbaar (*audible*).

Downloaded from eduresourceza.com

Die dogtertjie se sagte woorde in versreël 27 wys dat sy jammer vir die blinde is.

Downloaded from eduresourceza.com

Waarvoor wag die blinde in versreël 28? Hy kan wag dat die verkeerslig weer verander, hy kan wag dat die motor weer ry, hy kan wag dat die tsotsi hom na 'n ander motor lei.

Strofe 8

Hierdie strofe beskryf hoe die vrou wat in strofe 7 geld vir die blinde gegee het, nog tien rand gee omdat haar dogtertjie opgelet het dat die bedelaar blind is en die vrou jammer vir hom voel. Sy wil hê hy moet kos koop. Die verkeerslig verander weer, die blinde wag en die tsotsi lag gelukkig.

In versreël 29 wys die woord "nog" dat die vrou 'n tweede keer geld vir die bedelaar gee. Die vorige keer het sy munte gegee wat in die blikkie geklingel het (versreël 25); nou gee sy tien rand. Die **assonansie** en **alliterasie** in "hier is nog tien rand" bind die woorde en skep ritme.

Die verwysing na kos in versreël 30 sluit aan by die verwysing na vis en tjips in versreël 7. Die **alliterasie** in "koop ... kou" bind en beklemtoon die woorde.

Die woorde "die verkeerslig klik" in versreël 31 is 'n **herhaling** van die woorde in versreël 15 en 19 en wys dat die lig weer na groen verander. Hierdie herhaling toon dat die verandering van die verkeerslig oor en oor plaasvind. Die **assonansie** en **alliterasie** in "verkeerslig klik" versterk weer die klanknabootsing.

Die woord "wag" in versreël 31 sluit aan by "wag" in versreël 28. Die **herhaling** van "wag" skep die indruk dat wag ook 'n **figuurlike betekenis** het. Op 'n **letterlike vlak** kan die bedelaar wag dat die lig weer rooi word, hy kan wag dat die tsotsi hom na 'n volgende motor lei en hy kan wag dat die dag moet klaarkry sodat hy na sy slaapplek kan gaan. Op 'n **figuurlike vlak** kan hy vir die dood of vir 'n verandering in sy miserabele lewe wag.

Versreël 32 wys weer hoe hardhandig en onsimpatiek die **tsotsi** is – hy besef nie hy maak die blinde seer nie. Die tsotsi se lag wys hoe gelukkig hy oor die tien rand in die blikkie is, want hy gaan dit vir hom vat.

Samevatting

Uiterlike bou en rym: Die gedig bestaan uit agt kwatryne waarin paarrym gebruik word.

Toon: Die simpatieke toon dui op meegevoel vir die blinde bedelaar.

Punktuasie en hoofletters: Geen hoofletters word gebruik nie; punktuasie kom slegs in woorde in die direkte rede voor.

Robot/verkeerslig: In die titel en in strofe 2 word die woord "robot" gebruik maar in strofe 4, 5 en 8 word die woord "verkeerslig" gebruik. Die gebruik van die woord verkeerslig, wat 'n beter Afrikaanse woord as "robot" is, maak die alliterasie en assonansie in "verkeerslig klik" moontlik. Daar kan gesê word dat "robot" aansluit by die blinde wat soos 'n robot/outomaat beweeg omdat hy in die mag van die tsotsi is.

Tema

Downloaded from eduresourceza.com

Die moeilike lewe van 'n blinde bedelaar wat uitgebuit (*exploited*) word.

Belangrikste elemente

Downloaded from eduresourceza.com

Strofebou en rym	Agt kwatryne met paarrym
Klanknabootsing	Sluit aan by blinde wat op sy gehoor moet staatmaak om te weet wat om hom aangaan, byvoorbeeld: "girts", "knars", "klingel", "sis", "klik", "brul", "trieng, trieng", "skuur", "tjier", "dreun", "skraap", "koer", "piep".
Herhaling	Byvoorbeeld: "so styf en seer" – beklemtoon hoe die blinde voel "klingel" – geluid van geld wat in sy blikkie gegooi word "die verkeerslig klik" – beklemtoon aanhoudende patroon van veranderende ligte "wag" – beklemtoon blinde wat wag vir iets om te gebeur
Alliterasie	Alliterasie bind en beklemtoon woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "so styf en seer" (versreël 2, 20), "blikkie klingel" (versreël 6), "gepluk en geruk" (versreël 9), "sis die tsotsi en sy asem ..." (versreël 12), "verkeerslig klik" (versreël 15, 19, 31), "stukkende sokkie" (versreël 18), "motorruit tjier" (versreël 21), "skraap sy keel en spoeg 'n straal" (24), "nog tien rand" (versreël 29), "koop ... kou" (versreël 30).
Assonansie	Assonansie bind woorde en skep ritme, byvoorbeeld in: "ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan" (versreël 4), "bande knars tot stilstand" (versreël 5), "blikkie klingel" (versreël 6), "gepluk en geruk" (versreël 9), "verkeerslig klik" (versreël 15, 19, 31), "trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie" (versreël 17), "hier is nog tien rand" (versreël 29).

Toets jouself

Voorbeeldvrae met wenke en antwoorde

1. Watter inligting gee strofe 1 oor die bedelaar? (4)

Wenk: Let op dat die vraag vier punte tel. Gee dus vier feite.

Hy is saam met iemand anders ("twee pare voete", "ingehaak"), sy arm en nek is styf en seer, hy is moeg omdat hy die vorige dag lank gestaan het, hy volg die persoon by wie hy ingehaak is, gehoorsaam.

2.1 Watter drie opeenvolgende woorde kom drie keer in die gedig voor? (1)

2.2 Noem twee funksies van die herhaling. (2)

Wenk: Onthou om aanhalingstekens te gebruik wanneer jy die woorde neerskryf. Dink mooi aan wat met die herhaling bereik word.

2.1 *"die verkeerslig klik"*

2.2 *Dit sluit aan by die verkeerslig wat aanhoudend dieselfde patroon herhaal.*
Dit dui op die eentonige (monotonous) bestaan van die blinde bedelaar.

3. Waarom word klanknabootsing so baie in die gedig gebruik? (2)

Wenk: Onthou, klanknabootsing is onomatopee, wat beteken woorde maak die geluid van sekere klanke na.

Omdat die bedelaar blind is, maak hy op sy gehoor staat om te weet wat om hom aangaan. Hy is dus baie bewus van geluide.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vrae

1. Skryf 'n voorbeeld van klankherhaling uit strofe 1 neer. (1)
2.1 Wat noem ons die herhaling van die s-klank in "so styf en seer"? (1)
2.2 Watter funksie het dit? (1)
3. Watter twee leidrade in strofe 1 dui daarop dat die blinde bedelaar nie alleen is nie? (2)
4. Wat beteken dit om iemand "gedwee" te volg? (1)
5. Watter effek het die gebruik van die lang klanke in versreël 4? (1)
6. Waarom kom die motors tot stilstand in versreël 5? (1)
7. Skryf versreël 5 neer en onderstreep die assonansie. (1)
8.1 Watter twee sintuie van die bedelaar is van toepassing in strofe 2? (2)
8.2 Waarom is hierdie sintuie so belangrik vir hom? (2)
9. Verduidelik die betekenis van "waar hy die dag omstaan" (versreël 8). (1)
10. Na wie verwys "sy" in versreël 9? (1)
11. Wat vertel versreël 9 jou oor die tsotsi? (1)
12. Waarom word die bedelaar se voet in versreël 10 as "dom" beskryf? (1)
13. Skryf die tsotsi se dreigement in versreël 11 oor in jou eie woorde sodat dit duidelik is wat hy bedoel. (2)
14. Gee twee redes waarom "sis" (versreël 12) 'n doeltreffende woordkeuse is. (2)
15.1 Wat doen die tsotsi heel moontlik met die geld wat vir die bedelaar gegee word? (1)
15.2 Waarom sê jy so? (1)
16. Verduidelik die vergelyking in versreël 13. (2)
17. Gee 'n ander woord vir "lêplek" (versreël 14). (1)
18. Hoe reageer die blinde fisiek op die tsotsi se dreigement? Skryf drie dinge neer. (3)
19. Wat gebeur wanneer die verkeerslig klik (versreël 15)? (1)
20. Waaraan herinner die woord "brul" (versreël 15) 'n mens? (1)
21. Watter twee tekens van die bedelaar se blindheid word in strofe 4 genoem? (2)
22. Skryf drie voorbeelde van klanknabootsing in strofe 5 neer. (3)
23. Voltooi: Die blinde se stukkende sokkie is 'n teken van _____. (1)
24. Wat gebeur wanneer die verkeerslig klik (versreël 19)? (1)
25.1 By watter versreël vroeër in die gedig sluit versreël 20 aan? (1)
25.2 Waarom is die bedelaar se skouer en arm seer? (1)
26. Wie se motor se ruit "tjier" af? (1)
27. Watter begeerte het die blinde? Waarom? (2)
28. Wat sê die tsotsi se optrede in versreël 24 van hom? (1)
29.1 By watter ander woord in strofe 7 sluit "stil" (versreël 25) aan? (1)
29.2 Watter vier werkwoorde in strofe 7 vorm 'n teenstelling met "stil"? (4)
30. Hoe reageer die blinde as daar geld in sy blikkie gesit word? (1)
31. Weet ons presies hoeveel geld die vrou vir die bedelaar gegee het? Verduidelik. (2)
32. Wat, wil die vrou hê, moet die blinde met die geld maak? (1)
33. Gee 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis van "wag" (versreël 31). (2)
34. Waarom lag die tsotsi? (1)
35. Skryf die ontbrekende woorde neer.
    - 35.1 Die strofes in die gedig bestaan almal uit vier versreëls en word _____ genoem. (1)
    - 35.2 Die soort rym in elke strofe word _____ genoem. (1)

Downloaded from eduresourceza.com

By die robot in Eerstelaan

Downloaded from eduresourceza.com

(bl. 72)

1.	"girts"	(1)
2.1	Alliterasie	(1)
2.2	Dit bind en beklemtoon die woorde. / Dit dra tot die ritme by.	(1)
3.	Daar is twee paar voete. Hy is ingehaak by iemand.	(2)
4.	Jy volg gehoorsaam of willoos.	(1)
5.	Dit vertraag die tempo. / Dit wys hoe stadig hulle beweeg.	(1)
6.	Die lig het rooi geword.	(1)
7.	"motors se bande knars tot stilstand"	(1)
8.1	Sy gehoor en sy reuksin.	(2)
8.2	Hy kan nie sien nie; dus luister en ruik hy om te weet wat om hom aangaan.	(2)
9.	Waar hy die hele dag lank staan.	(1)
10.	Na die blinde bedelaar.	(1)
11.	Hy behandel die bedelaar hardhandig/wreed.	(1)
12.	Omdat hy nie kan sien nie, weet sy voet nie waar om te loop nie.	(1)
13.	Voorbeeldantwoord: As jy nie meer geld kry nie, gaan ek jou alleen hier los en sal jy alleen moet regkom.	(2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

14. Dit is klanknabootsend van die manier waarop die tsotsi praat. Dit is die geluid wat 'n slang maak, wat beteken die tsotsi word met 'n dreigende slang vergelyk. (2)

15.1 Hy koop drank/bier. (1)

15.2 Sy asem ruik na bier. (1)

16. Die blinde bedelaar se hart klop so vinnig soos 'n bang kind s'n omdat hy bang is dat die tsotsi hom alleen sal laat. (2)

17. slaapplek (1)

18. Sy hart klop vinnig. Hy bewe. Hy slaan sy oë na bo. (3)

19. Die lig word groen en die motors ry weg. (1)

20. 'n Leeu wat brul. (1)

21. Hy kan nie sien waar hy loop nie en val amper. Sy oë is dof. (2)

22. "trieng, trieng", "klik", "skuur" (3)

23. armoede (1)

24. Die lig word rooi en die motors kom tot stilstand. (1)

25.1 By versreël 2: "sy arm en nek is so styf en seer". (1)

25.2 Die tsotsi ruk en pluk hom aan sy arm. (1)

26. Die vrou (met die kind) wat vir die blinde geld wil gee. (1)

27. Hy wil doodgaan sodat hy kan rus. (2)

28. Hy is ongemanierd. / Hy toon geen respek vir die blinde nie. (1)

29.1 "sag" (1)

29.2 "klingel", "koer", "jil", "piep" (4)

30. Hy draai net sy kop skuins en wag dan. (1)

31. Nee, want eers gee sy munte, ons weet nie hoeveel nie, en dan gee sy R10. Ons weet dat sy meer as R10 gee. (2)

32. Hy moet kos koop. (1)

33. Letterlik: Een van die volgende: Hy wag dat die lig weer rooi word. Hy wag dat die tsotsi hom na 'n volgende motor lei. Hy wag dat die dag moet klaarkry sodat hy na sy slaapplek kan gaan.
Figuurlik: Een van die volgende: Hy wag vir die dood of vir 'n verandering in sy moeilike lewe. (2)

34. Hy is bly oor die geld. (1)

35.1 kwatryne (1)

35.2 paarrym (1)

Downloaded from eduresourceza.com

'n Voorbeeld van 'n eksamenvraag

Downloaded from eduresourceza.com

Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Huiskat – Elisabeth Eybers

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

1.1 Wat doen die kat nadat sy haar gestrek het? (2)

1.2 Watter tegniek word gebruik om "strek" en "strak" in versreël 1 te beklemtoon? (1)

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1) neer, byvoorbeeld 1.3.1 E.
Die beeldspraak in versreël 2 word ____ genoem.

A 'n vergelyking
B personifikasie
C 'n metafoor
D klanknabootsing (1)

1.3.2 Noem EEN funksie van die beeldspraak. (1)

1.4 Waarmee word die kat se vel in versreël 3 vergelyk? (1)

1.5 Noem TWEE bewyse daarvan in die gedig dat die kat naamloos is. (2)

1.6 Wat is die funksie van die assonansie in "sonder siel / en anoniem"? (1)

1.7.1 Waarmee word die kat se oë vergelyk? (1)

1.7.2 Dink jy dit is 'n doeltreffende beeld? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.8.1 Verduidelik die eufemisme in strofe 3. (1)

1.8.2 Waarom kan die eufemisme as ironies beskou word? (1)

1.9.1 Beskryf die kat se houding teenoor die spreker. (1)

1.9.2 Dink jy die spreker verdien dit dat die kat so oor haar voel? Verduidelik. (1)

1.10 Skryf die ontbrekende woorde neer:
Hierdie sonnet se (1.10.1) ____ kom ooreen met dié van 'n Italiaanse sonnet, maar die (1.10.2) ____ is meer soos dié van 'n Engelse sonnet. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Downloaded from eduresourceza.com

pryslied – Antjie Krog

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings

hier staan hy
uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

'n klein swart ster priem sy bolip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
van 'n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede

vrede, wat die ma is van groot nasies

(10 Mei 1994)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.11	Wat is die funksie van 'n pryslied in die Afrikakultuur?	(1)
1.12	Waarom is die datum onderaan die gedig belangrik?	(1)
1.13.1	Verduidelik die woord "sandkliphart" (versreël 1).	(2)
1.13.2	Watter soort beeldspraak word hier gebruik?	(1)
1.14	Waaruit is dit duidelik dat die woord "staan" 'n belangrike betekenis in die gedig het?	(1)
1.15	Skryf die ontbrekende woorde neer: Die gebruik van EIENAME in versreël 9 tot 14 is tipies van 'n (1.15.1) _____ en dit gee inligting omtrent Mandela se (1.15.2) _____.	(2)
1.16.1	Noem TWEE eienskappe van Mandela wat deur die woord "ster" in versreël 15 geïmpliseer word.	(2)
1.16.2	Hoe word hierdie versreël beklemtoon?	(1)
1.17	Na wie verwys "ons" in versreël 16?	(1)
1.18.1	Noem EEN rede waarom Mandela se naam eers in versreël 22 genoem word.	(1)
1.18.2	Waarom staan sy naam alleen in 'n versreël?	(1)
1.19	Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.19) neer, byvoorbeeld 1.19 E. Watter tegniek word gebruik om die woorde "getrokke tak" (versreël 23) te beklemtoon? A alliterasie B klanknabootsing C assonansie D enjambement	(1)
1.20	Met watter woord later in die gedig vorm "verskeurde land" (versreël 27) 'n teenstelling?	(1)
1.21	Stem jy saam met die mening wat in die slotreël uitgedruk word? Verduidelik.	(1)

Totaal: 35

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Antwoorde: Eksamenvraag

1.1	Sy lek haar lies en rol op haar rug.	(2)
1.2	Alliterasie	(1)
1.3.1	C	(1)
1.3.2	Daar word geïmpliseer dat die kat 'n luiperd se wildheid het.	(1)
1.4	fluweel	(1)
1.5	Die mense noem haar "kat". Sy is "anoniem".	(2)
1.6	Die woorde word gebind en beklemtoon.	(1)
1.7.1	Met stukkies agaat.	(1)
1.7.2	Ja, agaat is hard en skerp, wat goed by die kat se onvriendelikheid aansluit.	(2)
1.8.1	Die woord "reggemaak" word in plaas van "gesteriliseer" gebruik.	(1)
1.8.2	Vir die kat is dit eintlik "verkeerdgemaak", want nou kan sy nie geboorte gee nie.	(1)
1.9.1	Die kat is afsydig en laat nie die spreker toe om haar te troetel nie.	(1)
1.9.2	Moontlik ja, die spreker het gesorg dat die kat nie kleintjies kan kry nie.	(1)
1.10.1	vorm	
1.10.2	inhoud	(2)
1.11	Dit bring hulde aan 'n persoon, plek of voorwerp.	(1)
1.12	Dit is die datum waarop Nelson Mandela as president ingehuldig is en dit is waaroor hierdie pryslied handel.	(1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.13.1	Dit verwys na die Uniegebou wat van sandsteen gebou is en die hart van Suid-Afrika vorm omdat dit die setel van die regering is / omdat dit in die middel van Pretoria is.	(2)
1.13.2	'n Metafoor	(1)
1.14	Dit kom vier keer in die gedig voor.	(1)
1.15.1	pryslied	
1.15.2	familie/agtergrond	(2)
1.16.1	Hy is 'n baie besondere persoon. Hy gee rigting aan mense soos wat sterre in die nag rigting gee.	(2)
1.16.2	Dit staan alleen in 'n strofe.	(1)
1.17	Die mense van Suid-Afrika.	(1)
1.18.1	Dit is tipies van 'n pryslied dat afwagting geskep word voordat die naam van die persoon wat geprys word, genoem word.	(1)
1.18.2	Dit beklemtoon dat hy die onderwerp van hierdie pryslied is.	(1)
1.19	A	(1)
1.20	"heelmaker"	(1)
1.21	Voorbeeldantwoord: Ja, as daar nie vrede in 'n land is nie, kan dit nie 'n suksesvolle land wees nie.	(1)

Totaal: 35

Downloaded from eduresourceza.com